

DIE MUSIEKAKTIWITEITE VAN DIE SAUK
1936 – 1966

deur

RUDOLF J. VAN DEN BERG

'n Verhandeling ingedien ter gedeeltelike
voldoening aan die vereistes vir die graad
Magister musicae.

Departement Musiek

Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys

Januarie 1976

INHOUDSOPGAWE

		Bladsy
Voorwoord		5
DEEL I : INLEIDING		7
Hoofstuk		
Een	'N ALGEMENE HISTORIESE OORSIG VAN DIE RADIOWESE IN SUID-AFRIKA	8
	Die tydperk voor die totstandkoming van die Suid-Afrikaanse Uitsaaï Korporasie — Na die totstandkoming van die Suid-Afrikaanse Uitsaaï Korporasie	
Twee	DIE <i>BRITISH BROADCASTING CORPORATION</i> . . .	19
	Inleiding — Die programdienste van die BBC — Die aard en die inhoud van die programdienste — Afdelings wat die aktiwiteite en organisasie van die musiekdepartement raak — Oudisies, die beoordeling van manuskripte en opdragte — Personeelorganisasie en interdepartementele ver- houdings — Aspekte van die aanbieding en organisasie van musiekprogramme — Skoolprogramme en opvoedkundige programme vir volwassenes — Luisteraarsnavorsing — Aspekte van die algemene musiekbeleid van die BBC en die taak wat hy vervul ten opsigte van die kuns, die kunstenaar en die luisterpubliek	
	DEEL II : AFDELINGS VAN DIE SAUK WAT DIE AKTIWITEITE EN ORGANISASIE VAN DIE MUSIEKDEPARTEMENT RAAK	48
Drie	DIE KOPIE- EN UITVOERREGAFDELING	49
Vier	DIE MUSIEKBIBLIOTEEK	55
	Verskillende dienste wat deur die musiekbiblio- teek verrig word — Die indekssisteem	
Vyf	DIE TRANSKRIPSIEDIENS	62
	Transkripsie-opnames vir plaaslike gebruik — Die buitelandse transkripsiediens	
Ses	DIE DISKOTEEK EN DIE KLANKARGIEF	71

Sewe

DIE ORKESTE VAN DIE SAUK

Die volwasse orkeste (historiese oorsig) –
 Dirigente – Die aktiwiteite van die volwasse orkeste:
 simfoniekonserte, musiekfeeste, geleentheidskonserte,
 opera en ballet, etensuur-, skool- en Sondag-
 aandkonserte – Orkestoere – Transkripsie-opnames –
 Die rol van die SAUK-simfonie-orkes in die Suid-
 Afrikaanse musieklewe – Diensvoorwaardes vir orkes-
 lede.
 Die SAUK-juniororkes – Die benutting van
 buite-orkeste.

DEEL III : UITVOERENDE KUNSTENAARS EN
KOMPONISTE

97

Agt

GELEENTHEDE WAT DIE SAUK BIED AAN UIT-
VOERENDE KUNSTENAARS EN KOMPONISTE . . .

98

Buitelandse kunstenaars – Suid-Afrikaanse kunste-
 naars – Oudisies en die voorlê van manuskripte –
 Opdragte vir komposisies – Komposisiewedstryde. .

DEEL IV : PROGRAMME VIR UITSENDING

118

Nege

DIE INHOUD VAN DIE MUSIEKPROGRAMME . . .

119

Musiek deur Suid-Afrikaanse komponiste –
 Hedendaagse musiek – Concerti – Kamermusiek-
 programme – Opera en operette – Koormusiek-
 programme – Orrelmusiek – Geestelike musiek –
 Feesprogramme, huldigings- en herdenkingspro-
 gramme – Algemene musiekprogramme, program-
 reekse en versoekprogramme – Skooluitsendings,
 kinder- en jeugprogramme – Opvoedkundige
 programme vir volwassenes – Ligte musiekpro-
 gramme – Die koördinasie en integrasie van
 programme – Luisteraarsnavorsing – Ontleding
 van die toewysing van programtyd vir die Engelse
 en Afrikaanse programdienste

Tien

DIE ROL VAN DIE SAUK TEN OPSIGTE VAN DIE
MUSIEK VAN DIE NIE-BLANKE BEVOLKINGSGROEPE
IN SUID-AFRIKA

204

Die Bantoe – Die Kleurlinge – Die Indiërs . . .

Elf

DIE PROBLEEMSITUASIE TEN OPSIGTE VAN
SMAAKVERSKILLE BY DIE LUISTERAARS

211

AANHANGSEL 1

A.	Gepubliseerde liederde deur Suid-Afrikaanse komponiste in die SAUK-musiekbiblioteek	218
B.	Liederde deur Suid-Afrikaanse komponiste op manuskrip in die SAUK-musiekbiblioteek	229
C.	Bundels Suid-Afrikaanse liederde in die SAUK- musiekbiblioteek	241
D.	Orkesmusiek deur Suid-Afrikaanse komponiste volgens die meesterkatalogus vir ernstige musiek	244
E.	Populêre orkesverwerkings van Suid-Afrikaanse liederde in die SAUK-musiekbiblioteek	250
F.	Koorwerke deur Suid-Afrikaanse komponiste in die SAUK-musiekbiblioteek	255
G.	Operettes en musiekblyspele deur Suid-Afrikaanse komponiste	258
H.	Kamermusiekwerke deur Suid-Afrikaanse komponiste in die SAUK-musiekbiblioteek	259

AANHANGSEL 2

	'n Volledige lys opnames van musiekprogramme in die klankargief volgens die 1966-katalogus	264
BIBLIOGRAFIE		273
SAMEVATTING		277
SUMMARY		279

VOORWOORD

Een van my aanvanklike doelstellings met hierdie studie was 'n kritiese evaluering van die SAUK se musiekuitsendings en konsertprogramme teen die agtergrond van die SAUK se luisteraarsnavorsingsresultate; met ander woorde in watter mate word die inhoud van musiekprogramme bepaal deur onoordeelkundige populêre musieksmaak en in watter mate word die meer gesofistikeerde musieksmaak van minderheidsgehoore gerespekteer in die beplanning en samestelling van musiekprogramme. Hiervan kon egter nie veel tereg kom nie, aangesien die resultate van die SAUK se luisteraarsnavorsing streng vertroulik behandel word. Om dié rede het ek ook besluit om 'n hoofstuk te wy aan die BBC, wat, in soverre dit musiekuitsendings betref, altyd beskou is as 'n model publieke uitsaaikorporasie. Sodoende het ek probeer om die rykdom van sterk gedefinieerde musiekbeleidsrigtings van die BBC, die praktiese uitvoering daarvan en die resultate wat daarmee behaal is, as 'n basis te gebruik vir vergelyking en evaluering van die SAUK se beleidsverklarings en -toepassings in die algemeen.

Ek wil verder ook die hoop uitspreek dat hierdie studie enkele positiewe gedagtes sal bydra om die huidige tendens van onoordeelkundige popularisasie van besondere musiekstyle — ook sekere gekommersialiseerde ligte musiekidiome — betyds teen te werk en ook om die belangrikheid en aktualiteit van die SAUK se roeping en taak ten opsigte van die Suid-Afrikaanse 'hedendaagse' musiekkultuur te beklemtoon.

Waar die SAUK-jaarverslae gebruik is as die hoofbron van feitlike gegewens oor kunstenaars en programmateriale, wil ek daarop wys dat daar in hierdie bronne soms onakkuraathede voorgekom het: Gyorgy Pauk (violis) word byvoorbeeld aangedui as 'n pianis, terwyl Claudio Arrau (pianis) weer aangedui word as 'n violis. Onder 'Suid-Afrikaanse kunstenaars' (p. 103 *et seq.*) word persone as soliste aangedui, wat blykbaar slegs behulpsaam was by die begeleiding van sang- en kooritems. Voorts het dit ook geblyk dat sekere buitelandse kunstenaars wat 'n ruk lank in Suid-Afrika werksaam was, soms as buitelandse en soms as Suid-Afrikaanse kunstenaars geklassifiseer is. Titels van werke is ook soms foutief aangedui. Daar bestaan byvoorbeeld nie 'n *Klavierconcerto in 'C mineur'* en 'n *Vioolconcerto in 'F mineur'* van Mendelssohn nie (Cf. p. 138). Verskoning moet

dus gemaak word vir foute van dié aard wat ongelukkig ingesluit het, aangesien al dié gegewens nie gekontroleer kon word nie.

By die voltooiing van hierdie projek wil ek graag my innige dank betuig aan die volgende persone en instansies wat op die een of ander wyse bygedra het om die projek uitvoerbaar te maak: Prof. dr. J.J.A. van der Walt vir sy simpatieke leiding in hierdie studie; die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing vir finansiële steun; Mnr. Gideon Fagan en dr. Anton Hartman, opeenvolgende hoofde van die SAUK se musiekafdeling, asook hoofde van ander departemente wat altyd bereid was om tyd af te staan vir persoonlike onderhoude en ook behulpzaam was met die beskikbaarstelling van navorsingsmateriaal — in die besonder mnr. M.M. van Lille, hoof van die SAUK-klankargief, dr. Solly Aronowsky, hoof van die SAUK-musiekbiblioteek, mnr. Roger O'Hogan, hoof van die SAUK-diskoteek en mej. de Leeuw, hoof van die SAUK se naslaan-biblioteek; ander SAUK-personeellede vir inligting en toeligting met betrekking tot die interne funksionering van die verskillende departemente; laastens ook Hennie's Secretarial Services, Pretoria, wat bereid was om op kort kennisgewing in te staan vir die tik-, druk- en bindwerk van dié verhandeling.

R.J. van den Berg

Pretoria,
Januarie 1976.

DEEL I**INLEIDING**

HOOFSTUK EEN

'N ALGEMENE HISTORIESE OORSIG VAN DIE RADIOWESE IN SUID-AFRIKA

A. Die tydperk voor die totstandkoming van die Suid-Afrikaanse Uitsaai-Korporasie (1924 tot 1936) ¹⁾

Marconi se uitvinding van die proses waarvolgens geselekteerde klank oor die eter gestuur en elders op 'n toestel opgevang en gereproduseer kan word, het in 1920 die eerste 'amptelike' radio-uitsending tot gevolg gehad (Pittsburg, Verenigde State van Amerika). Vanaf 1922 het die *British Broadcasting Company Ltd.* uitsaaistases opgerig in al die groot Britse stede, totdat die *British Broadcasting Corporation* in 1927, as 'n openbare utiliteitsliggaam, die beheer van die radiowese in Brittanje oorgeneem het.

Suid-Afrikaners se verbeelding is ook aangegryp deur Marconi se uitvindsel, sodat daar ook in Suid-Afrika 'n vraag ontstaan het na radio-uitsendings, waardeur musiek, vermaaklikheid, opvoedkundige materiaal en nuusinligting die publiek kon bereik. Die eerste eksperimentele konserte is gedurende die laaste maande van 1923 uit Johannesburg uitgesaai deur die *Suid-Afrikaanse Spoorweg Uitsaai-Komitee*, bygestaan deur pionier 'draadloos'-amateurs, musici en tegnici van die *Western Electric Company*. Hierdie uitsendings het geskied met behulp van 'n een-kilowatt-sender.

Regulasies vir die instelling van private uitsaai-organisasies is sonder versuim deur die Suid-Afrikaanse regering neergelê. Dié regulasies het die uitsaaiër ('the broadcaster') – die persoon wat die uitsaaiestasie open – gemagtig om oor 'n bepaalde gebied en vir 'n bepaalde tydperk diens te lewer, soos wat dit op sy lisensie aangedui en goedgekeur is deur die posmeester-generaal van die Unie van Suid-Afrika. Hiervolgens moes hy 'n gereelde diens lewer wat moes bestaan uit

1) Hierdie oorsig is hoofsaaklik gebaseer op gegewens uit Rhodes, T.A.F., *Broadcasting before the SABC was created* (SAUK), paragrawe 1 tot 14.

musiek, vermaaklikheid, opvoedkundige programme en openbare aankondigings. Die regulasies omskryf verder die regte van sowel die uitsaaiër as die luisteraar ten opsigte van lisensiegelde, die uithuur van ontvangstoestelle, tydsduurbepalings vir advertensies, ensovoorts.

Die eerste gereelde uitsaai-organisasie in Suid-Afrika was die *Scientific and Technical Club of Associated Scientific and Technical Broadcasting Company Ltd.* (A.S. & T.) wat uit Johannesburg uitgesaai het oor 'n gebied met 'n straal van 100 myl. Die aanvangsdatum van die uitsendings was 1 Julie 1924. Die volgende terugblik op die vroeë uitsendings van die A.S. & T. verskyn in die *Rand Daily Mail* van 1 Julie 1964:²⁾ Musiek en sang het die grootste gedeelte van die daaglikse uitsendings in beslag geneem en omdat plaatopnames nog onbekend was, is alle programme nog 'lewend' uitgesaai. Die volgende stap vooruit was die ingebruikneming van plate wat deur middel van horingagtige luidsprekers in die mikrofoon ingespeel is. Sommige van die bekendste name wat geassosieer word met daardie pioniersdae van die radio in Suid-Afrika is Percy Daniel, Gus Hutchings en Walter Rees, wat saam met Billy Matthews die gewilde 'Melodians Quartet' gevorm het. Rupert Stout was hulle begeleier en het ook die musieknommers wat die groep uitgevoer het, verwerk.

'n Uitsaaidiens wat die gebiede Kaapstad, Knysna en Upington bedien het, het in September 1924 begin funksioneer. Dit het bekend gestaan as die *Cape Peninsula Publicity Association Ltd.* Die derde gereelde sender in Suid-Afrika was in Durban gesetel. Dit is in Desember 1924 deur die Durbanse munisipaliteit onderneem en het 'n gebied met 'n straal van 200 myl gedek. Dié diens was die enigste uitsaaidiens in die wêreld wat onder munisipale beheer gestaan het en het teen groot verliese gefunksioneer.

Die genoemde drie uitsaaidienste was almal private ondernemings wat onafhanklik van mekaar diens gelewer het. Met die stigting van die *South African Broadcasting Council* in 1924 is daar egter gepoog om die dienste van die drie senders te koördineer om sodoende die hele land te dek.

2) Carruthers, H., 'Radio Johannesburg on the air, 40 years ago tonight', *The Rand Daily Mail*, 1st July, 1964.

In 1926 het die aantal luisteraarslisensies in Suid-Afrika op 15 000 te staan gekom, teenoor die 2 263 894 in die Verenigde Koninkryk. Nasionalisering van die radiowese was in Suid-Afrika dus nog nie moontlik nie, soos wat dit in hierdie stadium wel in Brittanje beplan is, naamlik die stigting van 'n publieke korporasie. Volgens die destydse minister van pos- en telegraafwese sou die getal luisteraars in Suid-Afrika minstens moes vertiendubbel voordat so 'n stap oorweeg kon word. (Met die instelling van die Suid-Afrikaanse Uitsaaï Korporasie in 1936 het dié gedagte in vervulling gegaan.)

In 1927 het I.W. Schlesinger die *African Broadcasting Company* (A.B.C.) gestig nadat alle vorige uitsaaï-ondernemings in Suid-Afrika misluk het as gevolg van groot finansiële verliese en uitbuiting. Met hierdie stap is gepoog om die radiowese in Suid-Afrika op 'n stewiger grondslag te plaas. Die A.B.C. se hoofkantoor is in Johannesburg ingerig teen 'n kapitale koste van £50 000. Om ekonomiese redes is daar met die regering en die vorige uitsaaï-organisasies onderhandel om die uitsaaïstasies in Kaapstad en Durban by die Johannesburgse sender in te skakel. Sodoende kon die uitsaaïdienste in Suid-Afrika ook effektief gesentraliseer en gekoördineer word.

As gevolg van die groot probleem van radorowery ('piracy'), het die A.B.C. in 1929 'n finansiële verlies van £15 000 getoon. Dit het aanleiding gegee tot onderhandelings met die regering met die oog op subsidies en finansiële steun. Dit het egter misluk.

Die 'blue free voucher scheme'

Die 'blue free voucher scheme' is deur I.W. Schlesinger aan die hand gedoen. Dit was 'n ooreenkoms tussen die A.B.C. en die handelaars in radio-ontvangstoele, in gevolge waarvan die lisensiefooi vir die eerste jaar van gebruik by die koopprys van die toestel ingesluit is. Die handelaars moes dan die lisensiefooi van dertig sjielings plus 'n addisionele persentasie van die verkoopprys aan die A.B.C. oorbetal. Die name en adresse van kopers moes ook langs hierdie weg aan die radio-organisasie verskaf word vir kontrole as die luisteraar sou versuim om sy luisteraarslisensie te hernu. Die resultate van hierdie skema het alle verwagtings oortref en daar kon nou voortgegaan word om aflossers in Bloemfontein,

Grahamstad, Port Elizabeth en Pietermaritzburg te beplan om uitsendings te vergemaklik. In 1935 was daar reeds vier 10-kilowattsenders in diens om die Unie te dek, naamlik by Johannesburg, Grahamstad, Milnerton (Kaapstad) en Pietermaritzburg. Die ou 1-kilowattsender van Johannesburg is by Bloemfontein geïnstalleer. Die Port Elizabeth-projek is laat vaar. Hierdie aflossenders het slegs uit uitsendingsapparaat bestaan en het geen ateljeefasiliteite ingesluit nie.

'n Waardering van die A.B.C.

Die diens wat die A.B.C. gelewer het was vir die meerderheid luisteraars bevredigend. Daar was wel klagtes, maar geen uitsaaisisteem, beheer deur 'n private organisasie of publieke korporasie, sal ooit in staat wees om te alle tye te voldoen aan die vereistes van alle lae van die bevolking nie. Alle uitsaaidienste besef dat, ongeag die grondige ondervinding van hulle programopstellers en die kwaliteit werk wat hulle lewer, hulle beswaarlik 12 tot 18 uur per dag met 'n volmaakte program sal kan vul, wat in die geheel deur alle luisteraars in alle streke en van alle ouderdomme, in dieselfde mate geniet sal word.

'n Ondersoek na die wenslikheid van die stigting van 'n uitsaai-korporasie

In 1934 is Sir J.C.W. Reith³⁾ deur die Suid-Afrikaanse regering uitgenooi om die radiowese in Suid-Afrika te ondersoek en aanbevelings voor te lê, veral met die oog op die stigting van 'n publieke uitsaai-korporasie. Die Reith-verslag, *Broadcasting policy and development*, wat op 2 November 1934 voorgelê is, spreek hom uit ten gunste van 'n publieke korporasie. Die verslag dui ook kortliks die noodsaaklike eienskappe aan wat so 'n organisasie ten grondslag moet lê, naamlik:

- Openbare beheer oor die hoofbeleid.
- Geen openbare of politieke inmenging in die bestuur van die organisasie nie.

3) Sir J.C.W. Reith (LL.D.) was destyds direkteur-generaal van die B.B.C. en 'n groot kenner van radio-organisasie.

- Die gebied waaroor uitsendings gelewer word moet in ag geneem word by die bepaling van beleid, die beheer, die finansiering, die tegniese beplanning, die stelsel van lisensiëring, die standaarde en die inhoud van die programme.⁴⁾
- Die ondervinding van radiokorporasies in ander lande sou baie waardevol wees, veral in die Unie van Suid-Afrika, met sy twee taalgroepe, die uiteenlopende belange van verskillende streke, asook die verskille in belangstelling tussen stedelinge en plattelanders. Met betrekking tot hierdie verskille sou dit wenslik wees om twee programdienste gelyktydig aan te bied, wat die hele land sover moontlik sou dek.⁵⁾
- Outoriteite op verskillende gebiede moes betrek word by die organisasie van die programdienste (die musiek, die letterkunde, die godsdiens, ensovoorts). Dit word aanbeveel dat outoritêre advieskomitees by die hoofkantore gesetel sal wees, byvoorbeeld 'n advieskomitee vir skooluitsending, waarop onderwysers, inspekteurs en provinsiale amptenare sou moes dien.⁶⁾

B. Na die totstandkoming van die Suid-Afrikaanse Uitsaai-Korporasie

Na aanleiding van die verslag en aanbevelings van Sir John Reith is die Suid-Afrikaanse Uitsaai-Korporasie (SAUK) in Augustus 1936 in die lewe geroep.

Behalwe geïsoleerde baanbrekerspogings vooraf, is die eerste programme in Afrikaans eers vanaf 1936 in Natal aangebied. Op die gebied van die musiek het dit slegs 'n paar plateprogrammetjies behels.⁷⁾

Die verdere ontwikkeling van die radiowese in Suid-Afrika gedurende die eerste tien jaar na 1936, het voortdurend nuwe probleme na vore gebring. Soos op alle ander terreine van die lewe, moes ook die radiowese van tyd tot tyd aanpassings maak om met die nuwe behoeftes van die publiek tred te hou. Om dit te bewerkstellig, het die beheerraad van die SAUK in September 1946 'n kommissie van ondersoek insake uitsaaidienste benoem. Die kommissie het opdrag gekry om,

4) Reith, J.C.W., *Broadcasting policy and development*, p. 7, paragraaf 27.

5) *Ibid.*, p. 11, paragraaf 52.

6) *Ibid.*, paragraaf 57.

7) Van der Berg, John, 'Van 'n nederige begin', *25 years/jaar of/van radio in Natal*, SAUK.

soos die Reith-kommissie van 1934, die klimaat ten opsigte van die uitsaaiwese in Suid-Afrika te ondersoek – hierdie keer veral met die oog op wysigings ten opsigte van die heersende korporasiestelsel. Die verslag van hierdie kommissie is gepubliseer op 6 Februarie 1948.

Die inleiding van die verslag verwys na Sir John Reith se rapport, waarin beweer word dat die radio, wat voorheen beskou is as 'n interessante vermaaklikheidsmiddel, nou inderdaad 'n belangrike openbare diens geword het, waarvan die invloed verreikend kan wees.⁸⁾

Die verslag bepleit in die eerste plek dat verskeie seksionele belange wat in verband staan met die inhoud van die programme (musiek, drama, godsdiens, ensovoorts) op die SAUK se Raad van Direkteure verteenwoordig moet word.⁹⁾ Dié aanbeveling kon egter nie deur die Raad aanvaar word nie, aangesien die Korporasie se konstitusie bepaal dat slegs persone in die openbare diens, sonder enige verbintenis met die programme self, op die beheerraad mag dien.

In aansluiting by hierdie aanbeveling van die kommissie, wys 'n artikel in *The Forum* op die tekortkominge wat nog steeds heers met betrekking tot die organisasie van personeel:¹⁰⁾ 'Music occupies a predominant place in all programmes, but there is no Director of Music . . .'

In bepaling 3 van die opdrag aan die kommissie van ondersoek word die aangeleentheid van handelsuitsendings bespreek.¹¹⁾ Verskeie persone en instansies het memorandums aan die kommissie voorgelê waarin die beswaar geopper word, dat handelsuitsendings sal neig om die kulturele en kunsstandaarde van die uitsendings te verlaag. Daar is aangevoer dat die programme wat oor so 'n handelsender aangebied sou word, hoofsaaklik toegespits sou wees op ligte vermaaklikheid om sodoende die aandag van die breë publiek soveel moontlik na die handelsadvertensies te trek. Hierteenoor stel die kommissie die fundamentele vraag waarom

8) *Die verslag van die kommissie van ondersoek (1948)*, p.5, paragraaf 13.

9) *Ibid.*, paragraaf 17.

10) Albatross, 'Operation broadcast', *The Forum*, April 24, 1948.

11) *Verslag van die kommissie*, paragraaf 163.

die luisteraar daarvan weerhou moet word om vermaak te word soos wat hy vermaak wil word. 'Hoekom moet 'n persoon as gevolg van die beperking van programme verplig word om te luister — as hy hoegenaamd wil luister — na programme wat vir hom minder aantreklik is? Waarom kan die publiek nie in die geleentheid gestel word om te luister en indien dit begeer word, uitsluitlik te luister na bloot onderhoudende, gewilde, ligte, oppervlakkige programme nie?' Met betrekking tot al hierdie argumente spreek die kommissie hom dan as volg uit: 'Hoewel die radio oorspronklik feitlik bloot as 'n vermaaklikheidsmiddel bedoel was, is dit vandag [1948] ook 'n magtige middel tot opvoeding en kan so die standaard van musiek, drama en literêre smaak verhoog. As dit verkeerd gebruik word, kan dit die kulturele smaak en standarde verlaag. Dié moontlikheid is sterk by die betrekking van 'n handelsender, tensy dit doelmatig teengegaan word'.

Die verslag noem verder invloede van buite wat as regverdiging kan dien vir die instelling van 'n handelsender, soos byvoorbeeld die handelsender van Lourenzo Marques, wat ook oor die gebied uitsaai wat deur die SAUK bedien word. Die kommissie beveel aan dat die SAUK 'n handelsdiens instel as 'n teenvoeter vir die genoemde handelsender.¹²⁾ Die groot finansiële voordele wat so 'n handelsender vir die SAUK sou meebring, moet ook in gedagte gehou word. Dié voordele sou bestee kon word om die Afrikaanse en Engelse programdienste te verbeter.¹³⁾

Bepaling 4 van die opdrag aan die kommissie behandel die vraag oor die benutting van plaaslike talent in radio-uitsendings.¹⁴⁾ Daar is gekla dat die Raad tot op daardie stadium versuim het om voldoende gebruik te maak van plaaslike talent. (Dit sluit nie die simfonie-orkeste, Boere-orkeste, dansorkeste en plaaslike kore in nie.) Die jaarverslag van die SAUK vir die twaalf maande eindigende 30 Junie 1946 loënstraf hierdie aantyging. Daarin word 4 300 optredes deur plaaslike kunstenaars aangetoon. As die bevolkingsgetal van Suid-Afrika vergelyk word met

12) *Ibid.*, paragraaf 164.

13) *Ibid.*, paragraaf 173.

14) *Ibid.*, paragraaf 176.

dié van Europese lande, waar 'n relatief klein persentasie van die bevolking geskik bevind word vir radio-optredes, is hierdie getal in der waarheid buite verhouding groot. Daar moet in hierdie verband ook in gedagte gehou word dat die gehalte van die aanbiedings vir die luisteraars aanvaarbaar moet wees. Die verslag verwys verder ook na 'ingevoerde' aanbiedings.¹⁵⁾ In sy opdrag aan die kommissie het die Raad aanbeveel dat ingevoerde opnames deur wetgewing beperk moet word ten gunste van die benutting van meer plaaslike talent. Na deeglike beraadslaging moes die kommissie hom egter teen hierdie aanbeveling van die opdrag uitspreek, omdat die buitelandse opnames van 'n baie hoë gehalte was. Deur die publiek die voorreg te ontnem om juis na dié hoë gehalte opnames te luister, sou ernstige besware uitlok. Die gehalte van die programme sou ook benadeel word waar plaaslike talent nie altyd aantreklik genoeg gevind word nie.

Bepaling 4 van die opdrag behandel ook die werwing van plaaslike talent.¹⁶⁾ Daarin word aangedui dat die werwing van talent deur vir oudisies te adverteer, groot praktiese probleme skep. Na een sodanige advertensie deur 'n omroeper, is by geleentheid byvoorbeeld ongeveer 2 000 aansoeke vir oudisies ontvang. Weens praktiese en organisatoriese redes kon oudisies nie aan naastenby al die applikante toegestaan word nie. Die metode om voltydse 'talentsoekers' in diens te neem kon weens finansiële oorwegings ook nie in die praktyk deurgevoer word nie. In die kommissie se verslag word tevredenheid uitgespreek ten opsigte van die Korporasie se metodes om plaaslike talent te trek, te ontdek en op te lei. Die verslag beklemtoon egter dié voorwaarde dat die oudisiekomitees bevoeg moet wees om hierdie belangrike taak behoorlik uit te voer. Die omstandighede waarin die oudisietoetse gehou word, moet verder daarop bereken wees om selfvertroue in te boesem by onervare en senuweeagtige kandidate, wat wel die nodige aanleg het, maar wat bang is om voor 'n gehoor op te tree.¹⁷⁾ Die Raad se opdragbepaling beklemtoon ook in hierdie verband die feit dat niks die plek van geldelike vergoeding kan inneem om talent te trek en die gehalte van die uitvoerings te verhoog nie. Met hierdie aanmerking van die Raad was die kommissie dit eens.

15) *Ibid.*, paragraaf 177.

16) *Ibid.*, paragraaf 178.

17) *Ibid.*, paragraaf 183.

Bepaling 5(i) van die opdrag behandel kritiek en aanbevelings met betrekking tot die inhoud van radioprogramme. Die kommissie se verslag gee in hierdie verband 'n waardering van die Korporasie se werk.¹⁸⁾ Dit wys onder meer daarop dat die Afrikaanse taal tot 1936 feitlik onbekend was in radio-uitsendings. Sedert die SAUK se oorname van die A.B.C. is daar egter 'n volwaardige Afrikaanse programdiens ingestel (1937). Die kommissie het ook insae gehad in die lang lys plaatopnames wat die SAUK tot op daardie stadium gemaak het van al die Afrikaanse vertalings van liedere, operas, operettes, musiekblyspele en dramas, asook van oorspronklike Afrikaanse liedere, dramas, radiospele, ensovoorts. Die kommissie spreek sy waardering uit vir die Korporasie se ontsaglike bydrae ter bevordering van die Afrikaanse kultuur.

Die verslag skenk besondere aandag aan die groot probleem waarmee alle uitsaaisisteme in die wêreld te kampe het, naamlik die smaakverskille en uiteenlopende belangstellings by die luisteraars.¹⁹⁾ Die kommissie het heelwat kleinerende kritiek verneem oor die SAUK se programme, veral waar hulle met dié van die BBC vergelyk is. Volgens die verslag moet hier egter in gedagte gehou word dat die BBC se inkomste meer as tien keer soveel is as dié van die SAUK. Dit is ook betekenisvol dat selfs die BBC gedurig te kampe het met ontevredenheid oor sy programme as gevolg van die fundamentele verskille ten opsigte van ras, ouderdom, geslag, opvoedingspeil, ekonomiese standarde, omgewing, ensovoorts, by die luisteraars. Die kommissie maak die gevolgtrekking dat dit onmoontlik is om alle luisteraars te alle tye tevrede te stel. Hy beveel dus aan dat die Korporasie moet streef na 'n middeweg tussen die uiterstes van die smake wat die luisterpubliek openbaar. Dit moet in gedagte gehou word dat die Korporasie vir finansiële steun van die luisterpubliek afhanklik is.

Dit was die SAUK se verklaarde beleid om die Afrikaanse en Engelse programdienste so te koördineer dat die grootste verskeidenheid programmateriale op enige gegewe oomblik aan die radioluisteraar gebied kon word. Die kommissie

18) *Ibid.*, paragraaf 192.

19) *Ibid.*, paragraaf 193.

behandel hierdie beleidsaspek uitvoerig²⁰⁾ en beklemtoon die aanbeveling dat die twee programdienste werklike alternatiewe moes daarstel, aangesien hy tog bevind het dat die beginsel waarvolgens twee programme van dieselfde aard nie gelyktydig deur albei programdienste uitgesaai mag word nie, nie altyd in die praktyk gehandhaaf is nie.²¹⁾ 'Die jaarverslae van die Raad van die SAUK toon duidelik watter groot waarde hy tereg aan musiek in sy uitsendings heg. Sowat tweederdes van die Korporasie se uitsaaityd word aan musiek bestee en die meeste luisteraars sou waarskynlik nie kla as hierdie persentasie musiek nog hoër was nie. Met die oog op hierdie primêre belang van musiek vir die luisteraar, meen ons dat diegene wat vir die organisasie van die Korporasie se programme verantwoordelik is, beslis meer moeite kan doen om die Afrikaanse en Engelse programdienste op so 'n manier te koördineer, dat musiek in óf die een óf die ander van die Korporasie se programdienste uitgesaai word wanneer dit enigsins moontlik is. Daar moet ook teen ge-
waak word dat dieselfde soort musiek gelyktydig in albei die programdienste uitge-
saai word.' Die verslag bepleit noue samewerking tussen die direkteure van die twee dienste in hierdie opsig.²²⁾

As 'n direkte gevolg van die *Verslag* van die Kommissie van ondersoek insake uitsaaidienste, het die SAUK se eerste handelsdiens, naamlik *Springbokradio*, in 1950 begin uitsaai. Hierdeur het die SAUK die onafhanklike openbare korporasiebeginsel, volgens die model van die BBC, gedeeltelik laat vaar.²³⁾

In 1951 is die rediffusiediens vir Bantoes in die Johannesburg-omgewing ingestel.²⁴⁾

Die stigting van die nuwe SAUK-simfonie-orkes met 'n ledetal van tagtig in 1954, was een van die belangrikste ontwikkelings op die musiekgebied in Suid-Afrika. Met hierdie orkes kon nou orkesuitvoerings van internasionale standaard

20) *Ibid.*, paragraaf 195.

21) *Ibid.*, paragraaf 196.

22) *Ibid.*, paragraaf 197.

23) Kyk ook hoofstuk elf.

24) Kyk ook hoofstuk tien.

gelewer word. Dit het ook aan Suid-Afrikaanse gehore die geleentheid gebied om van die wêreld se beroemdste dirigente en soliste te sien optree.²⁵⁾

'n Verdere belangrike mylpaal in die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse radiowese was die ingebruikneming van die 'baie-hoë-frekwensie/frekwensie-modulasie-transmissienetwerk' (BHF/FM) in die vroeë sestigerjare, nadat daar reeds in 1943 begin is met eksperimentele FM-uitsendings vanaf die dak van Uitsaaihuis, Johannesburg. FM-transmissie kan musiek in 'n wyer klankspektrum uitsaai sodat 'n beter klankkwaliteit verkry word. Dit is van onskatbare waarde, veral by die uitsending van ernstige musiek.²⁶⁾

Die musiekbedrywighede van die SAUK gedurende die eerste een en twintig jaar van sy bestaan, word weerspieël in programme soos, onder andere, 'Die oes van een-en-twintig jaar' deur Anton Hartman en 'Beroemde sangers voor ons mikrofoon' deur Daniel Kirstein (albei op 1 Augustus 1957). In die eersgenoemde program is van die merkwaardigste konserte en orkesuitvoerings in herinnering geroep deur middel van plaatopnames wat die SAUK by sulke besondere geleenthede gemaak het. In die tweede program is opnames deur wêreldberoemde sangers wat Suid-Afrika besoek het, gehoor, soos byvoorbeeld Erna Berger, Elizabeth Schwarzkopf, Victoria de los Angeles, Joan Hammond, Jennie Tourel, Heinrich Schlusnus en Marcel Wittrisch.

Hierdie historiese oorsig van die ontwikkeling van die uitsaaiwese in Suid-Afrika bevat slegs enkele uittreksels uit 'n baie wye gebied. Die doel daarvan is om 'n breë agtergrond te skets waarteen die musiekaktiwiteite van die SAUK deur die jare afgespeel het. Verdere historiese gegewens word vollediger behandel in hoofstukke drie tot tien.

25) 'Een-en-twintig jaar se vooruitgang', *SAUK-radiobulletin*, jaargang 3 nommer 5, 1957, p. 24.

26) Allighan, Garry, 'Report to the nation', *Sunday Times* (Magazine section), December 9, 1962.

HOOFSTUK TWEE

DIE BRITISH BROADCASTING CORPORATION

I. INLEIDING

Die *British Broadcasting Corporation* (BBC) is in 1927 gestig en het gedurende die eerste nege jaar van sy bestaan, dit wil sê voordat die SAUK in 1936 ontstaan het, reeds waardevolle ondervinding as 'n publieke utiliteitsliggaam opgedoen. Gedurende hierdie vormingsjare het die BBC onder die besondere bekwame leiding van sy destydse direkteur-generaal, Sir J.C.W. Reith, gestaan, wat op daardie tydstip as 'n groot outoriteit op die gebied van die radiowese gereken is. Dit was ook na aanleiding van sy verslag en aanbevelings wat die SAUK gestig is, grotendeels geskoei op die lees van die BBC.

Die BBC se musiekdepartement en musiekbeleid is uitgebou deur persone soos Percy Pitt (tot 1930), Sir Adrian Boult, Sir Arthur Bliss, asook professor Victor Hely-Hutchinson, wat ook 'n aktiewe rol in die musiekaktiwiteite van die SAUK gespeel het. Hierdie persone het altyd gestreef na die hoogste standarde van musiekuitsending, sodat die BBC 'n model uitsaai-organisasie op dié gebied geword het. Om dié rede word 'n hoofstuk aan die BBC gewy, om sodoende 'n maatstaf neer te lê waaraan die musiekaktiwiteite van die SAUK gemeet en in perspektief beskou kan word.

II. DIE PROGRAMDIENSTE VAN DIE BBC

Gedurende die Tweede Wêreldoorlog het die BBC twee plaaslike programdiensle aangebied, naamlik die *Home service* en die *Forces programme*. Die laasgenoemde diens was in die besonder toegespits op die vermaaklikheidsbehoefte van die Geallieerde Magte en is na die oorlog vervang met die *Light programme*. In Oktober 1946 is daar 'n derde programdiens ingestel, naamlik die *Third programme*.¹⁾

1) Rees, C.B., 'The music of the BBC', *Hinrichsen's musical yearbook*, 1947/48, vols. IV – V, Hinrichsen, London, p. 32 et seq.

Daar was dus op dié stadium drie uitsendingskanale gelyktydig in werking, hoewel die *Third programme* slegs gedurende die volgende tye uitgesaai het:

- Weeksdag 8.00 tot 11.00 nm.
- Saterdag 6.00 tot 11.00 nm.
- Sondag 5.00 tot 11.00 nm.

Die uitsaaitye wat hierbo aangedui is, was egter buigbaar en kon aan die begin of aan die einde verleng of verkort word, byvoorbeeld vir die heruitsending van 'n volledige opera.²⁾

In 1961 is die *Third network* in werking gestel. Dit is 'n diens wat oor dieselfde senders en frekwensies as die *Third programme* uitsaai wanneer dit nie vir die laasgenoemde diens gebruik word nie, gewoonlik vanaf 6.00 nm. tot 8.00 nm. op weeksdag en vanaf 2.30 nm. tot 5.00 nm. op Saterdag en Sondag.

Ten spyte van die wedywering tussen die beeldradio en die klankradio, het die vraag na klankradio-uitsendings in Brittanje voortdurend gestyg. Daar was teen 1962/63 ongeveer vyf miljoen mense wat hulle óf uitsluitlik op die klankradio verlaat het óf dit aanvullend by die beeldradio gebruik het. Hierdie feit het daartoe aanleiding gegee dat daar in hierdie stadium beplan is om die senders van die *Third network* te gebruik vir 'n dagdiens van musiek. Met hierdie uitbreiding van die *Third network* is beplan om die klankradio-uitsaaityd met soveel as 66% te verhoog (ongeveer 90 uur per week). Dié dagdiens van die Derde netwerk het in 1964 met uitsendings begin.

Behalwe die bogenoemde plaaslike uitsaaidienste vir radiogehore in Engeland self, het die BBC reeds in 1944 'n omvangryke buitelandse diens aangebied, waarin omtrent alle Europese taalgroepe verteenwoordig was. In 1939 het die BBC begin met uitsendings na Suid-Afrika — 'n diens wat in 1957 opgeskort is.³⁾

2) 'Sound broadcasting services', *BBC Handbook 1961*, p. 37 et seq.

3) 'Some BBC dates', *BBC Handbook 1962*, p. 211.

III. DIE AARD EN INHOUD VAN DIE PROGRAMDIENSTE

Die *Home service* bedien die 'middelklas' van die samelewing en oorvleuel in 'n mate met sowel die *Light programme* as die *Third programme* wat die inhoud en geaardheid daarvan betref. Dié diens bevat onder andere die skoolprogramme, opvoedkundige praatjies, nuusbuletins, ensovoorts. Daar word ook besondere aandag geskenk aan die uitsending van groot standaard musiekwerke, wat nie te lank of te moeilik verteerbaar is nie.⁴⁾

Die primêre doelstelling van die *Light programme* is die verskaffing van ligte ontspanningsvermaak aan die breë samelewing — 'n tipe van vermaaklikheid wat min of geen intellektuele aktiwiteit van die luisteraar vereis nie. Die program-inhoud bestaan basies uit ligte musiek (jazz en 'pop'-musiek) en komedies.

Die *Third programme* is bedoel vir minderheidsgehore, dit wil sê vir luisteraars wie se smake, ontwikkelingspeil en intellektuele aktiwiteite dit vir hulle moontlik maak om toegewyd in te luister na uitsendings van besondere intellektuele belang en hoë artistieke gehalte, byvoorbeeld praatjies oor gespesialiseerde onderwerpe, programme oor die poësie, asook besondere musiekprogramme.⁵⁾ Musiekprogramme het reeds sedert die begin van hierdie diens twee-derdes van die programtyd in beslag geneem.⁶⁾ Hierdie musiekprogramme is meestal van 'n gespesialiseerde aard, byvoorbeeld programme oor die Middeleeuse- of Renaissancemusiek ('n Palestrina-reeks), asook programreekse van hedendaagse musiek, waarin omtrent elke nuwe stroming behandel en geïllustreer word. Daar word egter meer werke van hedendaagse Britse komponiste uitgesaai as van alle ander nasionaliteite saam. Dit lyk dus asof die *Third programme* hom toespits op musiek wat óf ouer óf nuwer is as die bekende, populêre repertorium (hoofsaaklik agtiende- en negentiende-eeuse musiek),⁷⁾ sonder om laasgenoemde egter heeltemal agterweë te laat. In alle musiekprogramme word slegs die hoogste standarde van professionele uitvoering vereis.

4) 'Sound broadcasting services', *BBC Handbook 1961*, p. 37 et seq.

5) *Ibid.*

6) Rees, C.B., *op.cit.*

7) 'Music broadcasting', *BBC Handbook 1966*, p. 65.

H. Carleton Greene, direkteur-generaal van die BBC, karakteriseer hierdie diens soos volg in 'n toespraak op 22 September 1961: 'The Third programme is dedicated to communication at the highest level, though it seems austere, uncompromising or unintelligible to the great majority.

To water down its contents would be to destroy its value. As it never gets a mass audience, the surprising and socially significant fact about the Third Programme is that the total patronage numbers not less than a million people and that a very large proportion of them are men and women who have had none of the advantages of advanced education. It draws from the population from every occupation and social grouping.⁸⁾

Die wese van die *Third programme* kan dus soos volg opgesom word: Die programinhoud bestaan uit materiaal wat die intellek prikkel en by die luisteraar 'n aptyt aankweek wat onoordeelkundige popularisasie verwerp.⁹⁾ Dit is vooruitstrewend en gee voorkeur aan die hedendaagse musiek, sonder om egter dié van die verlede agterweë te laat. Die sukses of mislukking van 'n program word nie gemeet aan die omvang van die gehoor wat die betrokke program trek nie. Sedert die instelling van dié diens is dieselfde hoë standarde gehandhaaf, sodat dit teen 1961, na vyftien jaar, 'n unieke posisie in die Britse samelewing beklee het.¹⁰⁾

Die *Third network* bedien ook selektiewe minderheidsgehoore met programme oor byvoorbeeld skaakspel, tuinbou, kerkgebeure, asook programme waarin taalkursusse aangebied word. Op Saterdag, tussen 2.30 en 4.30 namiddag, word 'n gereelde orkeskonsert van goeie musiek uitgesaai, terwyl die ander dienste sportprogramme lewer.¹¹⁾

Sedert die aanvang van die 'derde diens' is die programme daarvan so beplan dat die *Third programme/Third network* en die *Home service* mekaar in 'n mate

8) 'The BBC and adult education', *BBC Handbook 1962*, p. 39 et seq.

9) 'Sound broadcasting services', *BBC Handbook 1961*, p. 37 et seq.

10) 'Third programme', *BBC Handbook 1962*, p. 65.

11) 'Sound broadcasting services', *BBC Handbook 1961*, p. 37 et seq.

aanvul, byvoorbeeld wanneer 'n opera nie gerieflik oor die *Home service* uitgesaai kan word nie, word dit in die *Third programme* ingepas of omgekeerd.¹²⁾

In 1962/63 het musiek reeds 37% van die totale inhoud van klankradio-programme beslaan.¹³⁾ Die instelling van die dagdiens oor die derde kanaal, wat omtrent uitsluitlik uit programme van ernstige musiek bestaan, het hierdie persentasie aansienlik verhoog. Die Britse radioluisteraar is hierdeur ook voorsien van 'n verskeidenheid in die keuse van programme, wat uniek in die geskiedenis van die radiowese sou wees.¹⁴⁾ Hans Keller, hoof orkes- en koorassistent van die BBC se musiekdepartement, laat hom soos volg hieroor uit: 'It is part of our bewildering culture that there is more desirable or desired music at the music lover's disposal than at any previous historical age, not only because of our modern means of communication, but basically because we look more and further into the past than did former ages. The main stream of music has become long as well as wide, and it is perhaps only with the coming of the new *Music Programme*, that the BBC is finding itself in a position to broadcast as much "good music" as it wants to or as it is wanted to.'¹⁵⁾

Enige persoon wat op hoogte wil bly met ontwikkelings op die gebied van die hedendaagse musiek hoef slegs die BBC se programaankondigings dop te hou. Deur middel van die klankradio kan die luisteraar veel meer ondervinding op dié gebied opdoen as die gereeldste konsertganger in Londen wat nie na die radio luister nie.

Benewens 'n etensuur-simfoniekonsert, kamermusiekuitvoerings en afwisselende ligter musiekprogramme, wat daagliks aangebied word, word gespesialiseerde belangstellings soos jazz, orreluitvoerings, hedendaagse musiek en opera in ten minste twee programme per week weerspieël. Die program *Talking about music*, wat voorheen oor die *Home service* uitgesaai is, is oorgeneem deur die musiekprogram van

12) 'Broadcast music in 1947', *BBC Yearbook 1948*, p. 74.

13) *BBC Handbook 1963*, p. 11.

14) 'Radio's role in 1964', *BBC Handbook 1964*, p. 18.

15) Keller, H., 'Music planning — its responsibilities', *BBC Handbook 1965*, p. 14. *et seq.*

die derde netwerk.¹⁶⁾ Verdere voorbeelde van besondere musiekprogramme wat deur die *Third programme* en die *Third network* aangebied is, is onder andere:

a. Die *Third programme*¹⁷⁾

1. 'n Reeks van tweeweklikse, openbare Saterdagavondkonserte vanuit die *People's palace* en die konsertsaal van die uitsaaihuis. (1947/48)
2. Maandagaand-kamermusiekkonserte (1947/48).
3. *Music of our time*, uit die ateljee, een maal per maand (vanaf 1946).
4. Woensdagaandprogramme vanuit die Albert Hall (1947).
5. Volledige operas uit die ateljee (sedert 1947).

b. Die *Music programme/Network three*¹⁸⁾

1. Die *Royal Albert Hall 'Proms'*.
2. Gereelde kamermusiekkonserte.
3. Volledige operas in konsertvorm.
4. Dinsdagaand-uitnodigingskonserte.
5. *Music dictionary*, 'n program van sowat vyf tot tien minute, waarin musiekterminologie behandel word, word gereeld in die studiesessie van die derde netwerk aangebied.¹⁹⁾

Deur die *Home service*, die *Light programme* en die *Third network/Third programme* bied die BBC sy luisteraars dus nou drie kontrasterende plaaslike programdienste dwarsdeur die dag aan. Sy beleid om op dié wyse die uiteenlopende smake van sy luisteraars gelyktydig te bevredig, word so konsekwent deurgevoer, dat daar nie eens gedurende spitsstye getrag word om een enkele massagehoor vir sekere programme te trek nie.²⁰⁾

Om die musiekprogramme van sy oorsese programdienste te vul, het die BBC 'n uitgebreide veldtog van stapel laat loop om musiek van alle soorte en van byna alle lande te versamel, byvoorbeeld die inheemse musiek van Kanada, Indië,

16) 'Radio services', *BBC Handbook 1966*.

17) Rees, C.B., *op. cit.*

18) 'Music broadcasting', *BBC Handbook 1966*, p. 65 *et seq.*

19) 'Educational broadcasting', *BBC Handbook 1966*.

20) 'Programme considerations', *BBC Handbook 1961*, p. 47 *et seq.*

Suid-Afrika, Nieu Zeeland, Australië en selfs Sjina en Latyns-Amerika. Van hierdie musiek is ook van tyd tot tyd gebruik in die samestelling van spesiale programme, waarin die musiek van die bogenoemde lande oor die plaaslike senders aan die Britse publiek voorgestel is. In September 1943 is byvoorbeeld 'n program van moderne Amerikaanse musiek (Copland, Gershwin en Weisgall) aangebied ter viering van die Amerikaanse Onafhanklikheidsdag.²¹⁾

Benewens die oorsese programdienste beskik die BBC ook oor 'n uitgebreide *buitelandse transkripsiediens*. Deur middel van dié diens word opnames van musiekprogramme in Londen gemaak deur Britse musici. Hierdie programme is oorwegend 'n weerspieëling van die Britse musiekkultuur, hoewel daar ook opnames gemaak word van komposisies uit ander lande. Sulke opnames word dan gratis verskaf aan uitsaaistases dwarsdeur die wêreld, vir beperkte gebruik.²²⁾

Daar word byvoorbeeld 'n program van werke deur Australiese komponiste opgeneem en na Kanada gestuur. Programme van Britse musiek word na Suid-Amerika gestuur en Franse programme na Madagaskar, ensovoorts. Sulke transkripsieprogramme word voorsien van verduidelikende kommentare in die taal van die betrokke land waarheen dit gestuur word, byvoorbeeld 'n program van simfoniese musiek van Arnold van Wyk, wat van Afrikaanse kommentaar voorsien is. Van hierdie transkripsieprogramme is terselfdertyd ook geskik vir gebruik oor die plaaslike BBC-senders.²³⁾

Die buitelandse transkripsiediens is dus eintlik 'n reklamediens vir die BBC, soos ook vir die ander uitsaai-organisasies, wat in ruil weer van hulle transkripsieopnames gratis aan die BBC verskaf.

21) McNaught, Wm., 'Music on the air', *Hinrichsen's musical yearbook 1944*, Hinrichsen, London, p. 81.

22) Wilson, Sir S. 'The music profession and the BBC', *Who's Who in music, 1949/50*, Lore & Malcolmson, Surrey, p. xix *et seq.*

23) McNaught, Wm., *op. cit.*

IV. AFDELINGS WAT DIE AKTIWITEITE EN ORGANISASIE VAN DIE MUSIEKDEPARTEMENT RAAK

a. Die kontraktedepartement

Hierdie afdeling is in Londen gesetel en is belas met die administrasie van kontrakte met die gereelde salaristrekkers van die BBC se orkeste, die BBC-koor, komponiste, dramaturge, toneelspelers, ensovoorts. Dit sluit in ooreenkomste met die musiekvakunies in verband met die salarisse van permanente orkeslede, ander permanente musici (byvoorbeeld die amptelike begeleiers) en ook vryskutvoordraers.²⁴⁾ Laasgenoemde is gewoonlik welbekende persoonlikhede wat in uitsendings optree, maar wat nie personeel van die korporasie is nie. Hulle word in diens geneem óf op kontrak vir enkeloptredes óf op kontrakte waarin vir langer diens tydperke voorsiening gemaak word.²⁵⁾ Die kontraktedepartement behartig ook die reëlins in verband met oudisies vir voornemende uitsaai kunstenaars.

In samewerking met die kopieregafdeling, administreer die kontraktedepartement die reproduksie van opnames vir sowel eie gebruik as vir die buitelandse transkripsiediens.

b. Die kopieregafdeling

Dié afdeling moet alle kopieregmateriaal wat vir uitsendings benodig word, aanvra en ook toesien dat die nodige toestemming vir die uitsending van kopieregwerke van die kopieregeienaars verkry word. Dié afdeling moet ook reëlins tref ten opsigte van die betaling van die kopieregfooie, voordat die betrokke werke uitgevoer word.²⁶⁾

Die kopieregafdeling is verantwoordelik vir die toekenning van bedrae geld vir materiaal wat spesiaal vir uitsending geskryf is, byvoorbeeld opdragwerke. By die vasstelling van sulke bedrae word in ag geneem die status van die outeur of

24) 'Programme considerations', *BBC Handbook 1961*, p. 47 et seq.

25) 'Contracts', *BBC Handbook 1964*, p. 64 et seq.

26) *BBC Handbook 1961*, p. 213 et seq. Kyk ook hoofstuk drie A vir 'n oorsig oor die bepalings van die internasionale kopie- en uitvoerreg.

komponis, die omvang van die werk, die omvang van die navorsing wat die werk vereis het (indien enige) en die tyd wat aan die werk of aan repetisies bestee is.

c. Die musiekbiblioteek

Die musiekbiblioteek word behartig deur 'n hoofbibliotekaris en 'n voltydse personeel, wat gereeld meewerk in die samestelling van programme. Dit is verder hulle taak om die musiek te bind en te repareer waar nodig, dit te verpak, te vervoer en te versprei na die verskillende ateljees in die verskillende sentra, dit weer terug te bring en te liasseer.

Reeds in 1935 het die musiekbiblioteek in die afdeling vir orkesmusiek alleen ongeveer 10 500 afsonderlike werke tot sy beskikking gehad. Dit sluit nie dansmusiek in nie, aangesien laasgenoemde in 'n afsonderlike biblioteek gehuisves is.

Benewens die volledige partiture vir die dirigent, die balanskontroleur en die musiekregiseur, het daar vir elke orkeswerk van tien tot negentig kopieë van instrumentale partye bestaan. Twee of drie volledige stelle orkespartye moet voorsien kan word, omdat meer as een sentrum dieselfde werk in dieselfde week vir uitvoering mag benodig. Die duplikaatbiblioteek het destyds al ongeveer 3 000 werke bevat, plus nog 500 wat verdere dupliserings was.²⁷⁾

d. Die diskoteek

Die diskoteek bevat al die kommersiële plaatopnames. In 1954 het hierdie vinnig uitbreidende afdeling reeds oor die 300 000 plate besit — op daardie stadium die grootste enkele versameling in die wêreld. Om aan al die BBC se programvereistes te kan voldoen, moet die diskoteek ongeveer 'n dosyn opnames van elke plaat in voorraad hou. 'n Groot aantal plaatopnames in hierdie diskoteek is van besondere historiese waarde.²⁸⁾

27) Moseley, S.A., *Broadcasting in my time*, Rich & Cowen, London, 1935, p. 49 et seq.

28) Blom, E., Red., *Grove's dictionary of music and musicians*, fifth edition, MacMillan, London, 1954, vol. I: 'The British Broadcasting Corporation'.

e. Die simfonie-orkes en ander orkeste van die BBC

Die groei van die uitsaaiwese het die BBC se musiekbeleid, asook die organisasie van sy musiekaktiwiteite voortdurend beïnvloed. Aanvanklik het die BBC 'n skema ontwikkel wat die daarstelling van 'n aantal onafhanklike uitsaai-orkeste in verskillende dele van die land beoog het. Op een tydstip was daar meer as 'n dosyn sulke orkeste. Hierdie reëling het later onbevredigend geword en gevolglik is 'n stelsel gevolg waarvolgens baie van die kleiner orkeste saamgesnoer is in groter streeksorkeste. Nog later het die sentralisasie van die orkes gevolg.²⁹⁾

Die BBC-simfonie-orkes het ontstaan as ateljee-orkes van die destydse British Broadcasting Company Ltd. (1923–1927), dit wil sê voordat dié organisasie in 1927 in 'n publieke korporasie omskep is. Reeds in 1926 is 'n ambisieuse konsertreeks in die Royal Albert Hall aangebied, waartydens die BBC-ateljee-orkes vergroot is tot 'n groep van 150 lede. Dirigente wat hierin opgetree het was onder andere Richard Strauss en Albert Coates.³⁰⁾ In hierdie stadium het die Promenade konsertreeks van Sir Henry Wood ook al 'n instelling geword. Dié reekse is tot vandag toe voortgesit, met die uitsondering van die jare 1941 en 1942.³¹⁾

Percy Pitt, Direkteur van musiek vanaf 1924 tot 1930, het baie bygedra tot die opbou van die musiekbeleid en die orkeste van die BBC. Sy selfopgelegde taak was om die wêreld tot die besef te bring dat die uitsaaiwese 'n magtige medium tot die bevordering van goeie musiek kan wees. Hoewel Pitt die musiekbeleid van die musiekdepartement op 'n stewige grondslag geplaas het, was dit eers Adrian Boult wat hierdie beleid sou konsolideer, nadat hy in 1930 direkteur van musiek geword het. Sy groot taak was om die orkes op 'n stewige grondslag te plaas. Dit was vir hom 'n uitdaging om die BBC-orkes een van die beste orkeste in die wêreld te maak. Onder sy leiding kom die gesentraliseerde BBC-simfonie-orkes in 1930 tot stand met 'n ledetal van 114 (later 119). Dié orkes was baie goed beplan, sodat dit volgens twee alternatiewe groeperings kon verdeel, naamlik 80 en 39, of 71 en 48 lede respektiewelik.

29) Moseley, S.A., *op. cit.*, p. 119.

30) *Grove's, loc. cit.*

31) Moseley, S.A., *op. cit.*, p. 119.

Gedurende die Tweede Wêreldoorlog is die BBC-simfonie-orkes gereduseer tot 90 spelers. Vanweë die oorlogsomstandighede was dit ook meer prakties om die orkes as 'n eenheid te gebruik, in plaas van dit in groepe te verdeel.³²⁾

In 1947 is die orkes weer eens gereorganiseer met 96 voltydse spelers in diens. As gevolg van sy veeleisende uitsaaiprogram, is besluit dat die orkes nie sou verdeel nie. Die aantal konsertuitvoerings is ook beperk tot vier konserte per week, sodat meer tyd ingeruim kon word vir voldoende repetisie.³³⁾

In 1947 het die simfonie-orkes ook vir die eerste keer besoek gebring aan die Europese Vasteland en onder andere in Parys, Brussels en Amsterdam uitvoerings gelewer.³⁴⁾ In 1950 besoek die orkes Engelse provinsies, byvoorbeeld Bradford, Liverpool en Belfast.³⁵⁾

In 'n artikel in die *BBC Handbook 1963* word die hoop uitgespreek dat die simfonie-orkes weer in die voortreflike posisie gerestoureer sou word, wat dit voor die oorlog beklee het. Die eerste stap in hierdie rigting was die versigtige keuse van dirigente, waardeur die hoogste gehalte van uitvoering gewaarborg sou word. Verdere stappe sou die byvoeging van spelers en die herbeplanning van repetisies behels.³⁶⁾ Die eerste stap is in 1964 verwesenlik met die aanstelling van Antal Dorati as dirigent. Hy is in 1966 opgevolg deur Colin Davis.³⁷⁾

Benewens die BBC se simfonie-orkes het daar reeds in 1944 vier kleiner orkeste bestaan³⁸⁾, naamlik die 'Theatre orchestra', die 'Midland orchestra' (32 lede), die 'Northern orchestra' (51 lede) en die 'Scottish orchestra' (57 lede). Teen 1954 kon die volgende orkeste by die bogenoemde orkeste getel word:³⁹⁾ die 'BBC Welsh orchestra' (31 lede), die 'BBC Opera orchestra' (63 lede) en die 'BBC variety and revue orchestras' (20 lede elk).

Behalwe die orkeste waarna hierbo verwys is, het die BBC ook dikwels van deeltydse groepe gebruik gemaak.

32) *Grove's, loc. cit.*

33) 'BBC orchestras', *Hinrichsen's musical yearbook 1947/48*.

34) *Grove's, loc. cit.*

35) *Ibid.*

36) *BBC Handbook 1966*, p. 202.

37) *Loc. cit.*

38) 'BBC orchestras', *Hinrichsen's musical yearbook, 1947/48*.

39) *Grove's, loc. cit.*

Die leerlingorkes

In 1965 is in Bristol 'n projek van stapel gestuur wat orkesafrigting vir jong, voornemende orkeslede ten doel gehad het. Die leerlingorkes was op daardie stadium reeds 69 lede sterk en het intensiewe orkesondervinding aan jong spelers gebied. Studente is toegelaat vir 'n minimum tydperk van een jaar en 'n maksimum tydperk van drie jaar.⁴⁰⁾

Die afrigting van dirigente

Die 'BBC Northern orchestra' word, afgesien van sy normale pligte, gebruik om jong dirigente af te rig. Hierdeur word hulle in die geleentheid gestel om te leer hoe 'n groot orkes funksioneer. Dit kan beskou word as 'n vakleerlingskap van leerlingdirigente onder die leiding van 'n bekwame dirigent met omvangryke ondervinding.

f. Die opera-afdeling

Sedert die begin van die radiowese in Brittanje (1922) het die uitsending van opera 'n toenemend belangrike rol gespeel. In die boekjaar 1964/65 is reeds byna sewentig volledige operas uitgesaai.

In 1923 is die eerste opera (Mozart se *Zauberflöte*) vanaf Covent Garden en die His Majesty's Theatre aangebied. In Oktober 1923 is die eerste proefnemings gedoen met die uitsending van opera uit die ateljee.⁴¹⁾

Vanaf 1930 is 'n nuwe metode van opera-uitsending gevolg, waarvolgens die opera self voorafgegaan is deur 'n bespreking waarin die verhaal en die toneel waarteen dit afspeel, toegelig word. Verdere besonderhede is tussen bedrywe en tonele meegedeel.⁴²⁾

40) 'Orchestras', *BBC Handbook 1966*, p. 202.

41) *Grove's, loc. cit.*

42) *Grove's, loc. cit.* Cf. ook McNaught, *op. cit.*

Opera-aanbiedings uit die ateljee het aanvanklik misluk en gevolglik is 'n spesiale produksie-eenheid in 1937 in die lewe geroep om aandag te gee aan die ontwikkeling van hierdie aanbiedingsmetode. Dié eenheid het in 1938 met sy werksaamhede begin en gaandeweg gegroei tot 'n selfstandige operadepartement.⁴³⁾ Teen 1947 was die werk van hierdie departement, onder die leiding van Stanford Robinson, uiters gewild. Die instelling van die *Third programme* het veral baie bygedra tot die bevordering van opera-uitsending. So 'n volledige opera-uitsending begin om ongeveer 6.30 of 7.00 nm. en duur tot ongeveer middernag. Daar is gewoonlik twee langerige pouses tussenin.⁴⁴⁾ Teen 1954 het die *Third programme* gemiddeld een volledige opera per week uitgesaai.⁴⁵⁾

Met betrekking tot opera-uitsending merk S.A. Moseley op: '... many operas which had been no more than names to the general public, were brought right into their houses through the broadcasting medium.'⁴⁶⁾

Alle operas is aanvanklik lewend uitgesaai vanaf die operaverhoog of vanuit die ateljee. In later jare het plaatopnames van operas 'n toenemend belangrike rol begin speel, net soos by alle ander vorms van musiekuitsending.

g. Die kore en vokale groepe van die BBC

Die BBC het die volgende permanente vokale groepe tot sy beskikking: die 'BBC Chorus' (28 stemme), die 'BBC Choral Society' ('n amateurvereniging van 215 stemme) en die 'BBC Singers' (twee groepe van 8 stemme elk).

Benewens die genoemde vokale groepe maak die BBC ook ruimskoots gebruik van plaaslike amateurgroepe. Sulke plaaslike kore tree dikwels saam met die BBC-koor op. Plaaslike kerkkore kan veral nuttig gebruik word by die uitsending van kerkdienste.⁴⁷⁾

43) *Grove's, loc. cit.*

44) Rees, C.B., *op. cit.*

45) *Grove's, loc. cit.*

46) *Op. cit.*, p. 123.

47) McNaught, *op. cit.*

Op dié wyse het die BBC die grootste gebruiker van plaaslike musiektalent in Brittanje geword en die radio die grootste enkele middel tot die preserving van die volkskuns gemaak. Terselfdertyd bied hy gulde geleenthede aan professionele musici om 'n bestaan te kan voer. Byna alle amateurgroepe asook professionele musici van buite die BBC (komponiste, uitvoerende kunstenaars, orkeste, kore, ensovoorts) sien op na die radio vir beskerming en publisiteit.⁴⁸⁾ In 1949 is daar byvoorbeeld in Londen alleen 12 500 kontrakte gesluit vir uitsendings deur plaaslike groepe oor die BBC se programdienste.⁴⁹⁾

V. OUDISIES, DIE BEOORDELING VAN KOMPOSISIES EN OPDRAGTE

Soos blyk uit afdeling IV (g), beskou die BBC dit as sy besondere taak om die kunslewe van die volk te stimuleer. Dit strek tot groot voordeel van sowel die uitvoerende as die skeppende kunstenaars van die land. Deur hierdie beleidsrigting van die BBC word hulle in die geleentheid gestel om tot die status van professionele uitsaaikunstenaars te vorder. Hierbenewens bied die BBC ook geleenthede aan buitelandse kunstenaars.

(i) Oudisies

Daar word gereeld in Londen en by alle streekshoofkantore van die BBC oudisies vir uitvoerende kunstenaars gehou. Teen 1950 het die getal oudisies tot 2 500 per jaar gegroei. 'n Paneel van assessore van buite beoordeel die applikante.⁵⁰⁾ By die proses van eliminerings word in ag geneem of die applikant op een of ander wyse 'n bestaan voer uit musiek, byvoorbeeld deur publieke optredes, onderwys, ensovoorts. Die gekose applikante word dan verder onderwerp aan 'n keurkomitee wat saamgestel is uit amptenare van die musiekdepartement self en programkontroleurs. Die kandidate word dan op 'n waglys geplaas totdat die geleentheid vir 'n optrede hom voordoet.

48) 'Music broadcasting', *BBC Handbook 1966*, p. 65.

49) *Grove's, loc. cit.*

50) Kyk Wilson, Sir S., *op. cit.*, p. xx vir die volledige metode van beoordeling.

Applikante moet self by die betrokke streekshoofkwartiere aansoek doen om 'n oudisie. Amateursangers wat wil aansluit by die 'BBC Choral Society' moet ook vir 'n oudisie aanmeld, waartydens hulle twee musiekstukke van hul eie keuse moet sing en ook 'n bladleestoets moet slaag. Skriftelike aansoeke om 'n oudisie moet aan die koormeester gerig word.⁵¹⁾

(ii) Die beoordeling van komposisies

By die beoordeling van nuwe komposisies maak die musiekdepartement gebruik van 'n paneel van adviseurs waarop drie prominente, professionele musici dien.⁵²⁾ Hierdie adviseurs mag nie aan die BBC self verbonde wees nie. Elke nuwe partituur word ook bestudeer deur 'n senior personeellid van die BBC se musiekdepartement. In gevalle waar die beoordelaars van buite die werk goedkeur en die personeellid nie, word die werk tog aanvaar. Andersom, wanneer die personeellid die werk goedkeur en die buite-beoordelaars nie, word die personeellid se pleidooi ook aanvaar en die werk word vir uitsending aanbeveel. Die komponis kry met ander woorde altyd die voordeel van die twyfel.⁵³⁾ Die paneel van beoordelaars moet maandeliks verslag doen oor die standaard van die komposisies wat ingestuur is. Teen 1950 is ongeveer 250 komposisies per jaar ontvang waarvan ongeveer die helfte van Britse oorsprong was. Van hierdie komposisies is jaarliks ongeveer 16 tot 20 in programme ingesluit.⁵⁴⁾

(iii) Opdragte

Met die oog op die bevordering van die hedendaagse musiek, het die BBC dit as beleid aanvaar om van tyd tot tyd opdragte vir komposisies uit te reik aan komponiste wat hul skeppende kundigheid reeds bewys het. Veral die sogenoemde 'applied music' in vervolgreeksse, radiodramas, ensovoorts bied uitstekende geleenthede aan komponiste.⁵⁵⁾ Ten opsigte van die uitreiking van opdragte is dit die BBC se beleid om nie te diskrimineer teen diegene wat nog nie 'n leidende rol in die konsertwêreld speel nie, solank die gekose komponiste hul spesiale opdragte op 'n bevredigende wyse uitvoer.

51) 'Auditions', *BBC Handbook 1961*, p. 212 et seq.

52) *Grove's, loc. cit.*

53) Keller, H., *op cit.*, p. 14.

54) Wilson, Sir S., *op cit.*, p. xix.

55) Keller, H., 'Music planning — its responsibilities', *BBC Handbook 1965*.

VI. DIE PERSONEELORGANISASIE EN DIE ONDERLINGE VERHOUDINGS TUSSEN DEPARTEMENTE

Die musiekdepartement is een van die grootste programdepartemente van die BBC. Die departement word bestuur deur die musiekdirekteur en die personeel word georganiseer in verskeie afdelings, byvoorbeeld met betrekking tot die beplanning van openbare konserte, orkesprogramme uit die ateljee, opera, programme van solo- en kamermusiek, asook koperblaasmusiek, insluitende uitvoerings deur militêre orkeste. Elke programdiens het ook sy musiekprogramorganiseerder of raadgewer en 'n musiekadvieskomitee.

In die uitvoering van die algemene musiekbeleid moet die aktiwiteite van die musiekdepartement noodwendig in 'n mate oorvleuel met dié van ander departemente, byvoorbeeld ten opsigte van godsdiensprogramme, opvoedkundige praatjies en kinderprogramme. Organisatoriese oorvleueling geld ook ten opsigte van departemente belas met kontrakte en kopie- en uitvoerreg.⁵⁶⁾

VII. ASPEKTE VAN DIE AANBIEDING EN ORGANISASIE VAN MUSIEKPROGRAMME

Radioprogramme kan op drie wyses aangebied word, naamlik deur direkte lewende uitsendings uit die ateljee, deur lewende uitsendings uit konsertsale, operahuise ensovoorts (buite-uitsendings) en deur middel van plaatopnames.

Aanvanklik is alle musiek lewend uitgesaai, dit wil sê die kunstenaars tree in die ateljee voor die mikrofoon op of, in die geval van buite-uitsendings, voor opgestelde mikrofone in konsertsale of operahuise. In die vroeë jare van die radio-wese was die gehalte van buite-uitsendings baie swak en ontoereikend vanweë die tegniese probleme daaraan verbonde. Gaandeweg is hierdie probleme te bowe gekom, sodat buite-uitsendings reeds in die vroeë dertigerjare tot 'n fyn tegniek ontwikkel is. In die artikel, 'Music no longer blasts', laat 'n hoofingenieur hom

56) *Grove's, loc. cit.*

soos volg uit: 'In opera transmission, where one was glad to pick up a tune here and there, everything now progresses as if it were being relayed from the studio itself . . . This is accomplished by the closest co-operation between the engineer and the programme people.'⁵⁷⁾ Operas en simfoniekonserte word nog dikwels op hierdie manier oor die eter gestuur.

Die platespeler het egter later (na ongeveer 1940) 'n toenemend belangrike rol begin speel.⁵⁸⁾ Hoewel programme nog lewend uit die ateljees aangebied word, is hulle in 'n groot mate verdring deur plate-aanbiedings. Hierdie wending is veral toe te skryf aan die feit dat plaatopnames van seldsame en onverkrygbare musiek onmiddellik beskikbaar is vir insluiting in programme. Deur middel van plaatopnames kan ook 'n groter verskeidenheid in die musiekprogramme verkry word deurdat verskeie opnames van een besondere werk deur verskillende voordraers, dirigente en orkeste beskikbaar is.

Dit is nogtans die BBC se strewe om musiek sover moontlik deur hulle eie orkeste te voorsien (grotendeels opnames). Dit is merkwaardig as in ag geneem word dat die grootste gedeelte van die musiekuitsendingstyd, naamlik ongeveer 26 uur per week, uit orkesmusiek bestaan. Hierteenoor word slegs ongeveer 23 uur per week gewy aan solo- en kamermusiekuitvoerings tesame.⁵⁹⁾

Versoekprogramme

Suggesties vir werke wat in versoekprogramme uitgesaai word, moet deur die luisteraars op 'n poskaart geskryf en aan die betrokke program geadresseer word.⁶⁰⁾

Besondere programme

Behalwe die programme waarna tot dusver in hierdie hoofstuk verwys is ter illustrasie van die karakter en die aard van die musiekprogramme wat die BBC

57) Moseley, S.A., *op. cit.*, p. 50.

58) McNaught, W., *op cit.* Kyk ook afdeling IV (e) van hierdie hoofstuk.

59) 'Music broadcasting', *BBC Handbook 1966*, p. 65 *et seq.*

60) *BBC Handbook 1961*, p. 216.

deur die jare aangebied het, volg hier 'n kort lys van besondere programme wat die BBC se musiek-aanbiedings verder tipeer. Dié enkele programme is geneem uit verskeie tydperke van die korporasie se bestaan:

Oorlogstydse programme -- tot 1944 ⁶¹⁾

- Sondagoggend: 'Music of the Day'.
- Programme ter herdenking aan besondere geleenthede, byvoorbeeld die tweehonderdste herdenking van die bestaan van Handel se *Messias*, wat gepaard gegaan het met 'n volledige uitvoering daarvan in April 1942; die herdenking van die vierhonderdste verjaardag van William Byrd met ses spesiale konserte; die herdenking van Vaughan Williams se sewentigste verjaardag met ses spesiale konserte; ses spesiale konserte ter herdenking aan die sewentigste verjaardag van Jean Sibelius.
- Promenade-konserte uit die Royal Albert Hall in 1943 het 'n groot hoeveelheid standaardwerke vir uitsending ingesluit.
- 'Music of our time', vanaf 1942. Hierdie program is op Sondagmiddae uitgesaai oor die *Home service*, totdat dit in 1946 in die Derde program opgeneem is. Dié programme het gewoonlik 'n inleidende praatjie deur die assistent-direkteur van musiek ingesluit.
- Simfoniekonserte is elke tweede Woensdagaand deur die BBC-Simfonie-orkester aangebied.

Die jare tot 1948 ⁶²⁾

- Die Winter-Promenadereekse uit die Royal Albert Hall is voortgesit.

Die belangrikste konsertaktiwiteite van die BBC voor 1954 ⁶³⁾

- Tweeweklikse simfoniekonserte uit die Royal Albert Hall gedurende die wintermaande.
- Promenade-konserte uit die Royal Albert Hall ('n somerseisoen van agt weke lank).
- Winter-Promenade-konserte (twee weke lank).

61) McNaught, W., *op. cit.*

62) Rees, C.B., *op. cit.*

63) *Grove's, loc. cit.*

Die jare in die omgewing van 1960

Die tabelle in die *BBC Handbook 1961*⁶⁴⁾ toon 'n belangwekkende aantal première van nuwe werke wat gedurende die oorsigsjaar (1961) uitgevoer is. Dit sluit ook operas in. Die aanbieding van nuwe werke het toenemend 'n besondere kenmerk van die BBC se musiekprogramme geword. Die musiek uit die tradisionele standaard repertorium is egter nie agterweë gelaat nie en die gewilde konsertreeke waarna hierbo verwys is, is steeds voortgesit.

VIII. SKOOLPROGRAMME EN OPVOEDKUNDIGE PROGRAMME VIR VOLWASSENES

Die spesiale uitsendings vir skole het in 1924 'n aanvang geneem.⁶⁵⁾ In die algemeen het hierdie programme nie uit formele lesse bestaan nie omdat die doel daarvan nie was om die onderwyser te vervang nie. Dié programme word grotendeels gerig op die prikkeling van die kind se verbeelding en verskaf aan die onderwyser goeie aanknopingspunte vir besondere onderrig.⁶⁶⁾ Enkele programme (veral met betrekking tot die musiekopvoeding) gee egter meer direkte onderrig as gevolg van die tekort aan opgeleide onderwysers op dié gebied. Hiervoor word geïllustreerde pamflette vroegtydig aan die kinders en die onderwysers verskaf vir voorbereiding.⁶⁷⁾

Die skoolprogramme word oor die *Home Service* uitgesaai en word versorg en beplan in oorleg met die *School Broadcasting Council*. Hierdie raad bestaan uit verteenwoordigers van onderwysersverenigings, plaaslike opvoedkundiges, verteenwoordigers van die Departement vir Onderwys en Wetenskap en ander belangegroepes.⁶⁸⁾

Die opvoedkundige programme vir volwassenes

In 'n toespraak deur die direkteur-generaal van die BBC, H. Carleton Greene

64) P. 185.

65) 'Some BBC dates', *BBC Handbook 1962*, p. 211.

66) 'Programme considerations', *BBC Handbook 1961*, p. 47 et seq.

67) *Ibid.*

68) 'School programme', *BBC Handbook 1965*.

(22 September 1961), het hy onder andere die volgende opmerking gemaak waarin die beleid ten opsigte van die opvoeding vir volwassenes kernagtig verklaar word: 'Adult education and public service broadcasting must build on the first-class work of secondary schools and not let its impetus be deadened by the pressures of a mass society'.⁶⁹⁾

'n Verdere belangrike aspek in hierdie verband is reeds in die vroeë dertigerjare saamgevat deur Mnr. Siepman, direkteur van Praatjies en Opvoeding vir Volwassenes: 'However abstruse the subjects we tackle, we have made it a first principle of our educational policy to stand by simplicity and sincerity in treatment and to relate these subjects in some or other way to the every-day experiences of the ordinary people.' Hy sê verder: 'Ours is the sphere of popular education . . . Our policy is not to do what others can do better than we.'⁷⁰⁾

Enkele musiekbesprekingsprogramme uit die oorlogstyd verskyn hieronder as voorbeelde van die populêre opvoedkundige programme:⁷¹⁾

- Pousegeselsies by die heruitsending van konserte, waarin die werke wat in die program voorkom, bespreek word.
- Programme waarin praktiese musici gesels oor die ervaringe van die praktiese musikus in sy beroep.
- Adviesprogramme vir amateur instrumentale groepe.
- Besprekingsreekse oor en illustrasies van instrumente deur instrumentaliste.
- Biografiese besprekings en lesings, toegelig deur middel van plaatopnames.

Wat die populêre musiekonderrig betref word daar 'n gereelde weeklikse program, 'Background to music', uitgesaai. In dié programme word byvoorbeeld aandag geskenk aan basiese skoling in die musiekvormleer. Die groot aanvraag na die pamflette wat as komplimentêre middel tot hierdie programme versprei word, is 'n aanduiding van die groot behoefte aan kursusse van dié aard.⁷²⁾

Die instelling van die *Third programme* in 1946 het meer geleenthede geskep vir meer gespesialiseerde, vakkundige onderrig.⁷³⁾

69) 'The BBC and adult education', *BBC Handbook 1962*, p. 39 et seq.

70) Moseley, S.A., *op. cit.*, p. 139.

71. McNaught, W., *op. cit.*

72) 'Adult education', *BBC Handbook 1964*, p. 64 et seq.

73) Kyk p. 24 vir verwysing na die studiesessie van die Derde netwerk.

IX. LUISTERAARSNAVORSING

Op die gebied van die musiek het mens altyd te doen met groot smaakverskille. Daar bestaan verder ook groot verskille ten opsigte van agtergrondkennis en musiekondervinding. Die probleem neem in omvang toe as besef word dat hierdie genoemde verskille nie slegs beperk is tot die lekeluisteraar nie, maar ook deurgetrek kan word na die geskoolde musiekkenner. Daarom sal dit vir enige radio-organisasie altyd 'n groot probleem wees om al sy luisteraars gelyktydig tevrede te stel. Dat alle luisteraars 'n besondere program in dieselfde mate sal geniet is uit die aard van die saak onmoontlik.

Om die programorganisasie so effektief as moontlik te laat verloop is dit vir 'n radio-organisasie noodsaaklik om die reaksie van die publiek op die verskillende soorte programme voortdurend te toets. Dit is wenslik om die vereistes wat die luisteraar aan die programdiens stel sover moontlik in ag te neem. Vir hierdie doel beskik die BBC oor die dienste van 'n spesiale afdeling vir luisteraarsnavorsing. Dit het reeds in 1944 bestaan uit 'n verteenwoordigende luisteraarspaneel van seshonderd lede, wat die programme aan hulle eie norme en beskouings moes beoordeel. Aangesien die luisterpaneel ook in nouer aanraking met die breë publiek verkeer, word dit aan hom opgedra om die reaksies van die publiek vas te stel deur ondervraging.⁷⁴⁾

Gedurende 1946 is ongeveer 21 000 mense uit die deursnee publiek per week ondervra. Op dié wyse kon 'n redelik noukeurige beeld gevorm word van die luisteraars se reaksies oor die algemeen.⁷⁵⁾ Die belangrikste kriteria vir die beoordeling van die mate van sukses waarmee 'n program begroet word, is vir praktiese doeleindes eerstens die aantal luisteraars wat na die program luister en tweedens die mate waarin die luisteraars die program geniet. Daar is egter faktore wat die bepaling van die intrinsieke verdienstelikheid van 'n program volgens die getal luisteraars belemmer. Daar is byvoorbeeld gevind dat newefaktore soos die weersgesteldheid, die besondere dag, die tyd van die dag, ensovoorts, die grootte van die gehoor kan beïnvloed. Die navorsingsdepartement het byvoorbeeld die volgende bevindings gemaak ten opsigte van uitsendingstye:⁷⁶⁾

74) 'The BBC listeners research department', *Hinrichsen's musical yearbook 1944*.

75) Silvey, R., 'Listening to broadcast music in 1946', *Hinrichsen's musical yearbook 1947/48*, p. 38.

76) 'The BBC listeners research department', *Hinrichsen's musical yearbook 1944*.

- Die verhouding van die getal luisteraars (na die *Home service*) tot besondere tye en besondere dae is soos volg:

Sondagaand	:	Middelaand Woensdag	:	Saterdag- middag
11	:	8	:	5

- Die aantal luisteraars wat gereed is om uitsendings te ontvang tussen 10.30 en 11.00 nm. is sowat 50% minder as die aantal wat gereed is om tussen 9.00 en 9.30 nm. te luister.
- 'n Program sal meer luisteraars trek wanneer dit geplaas word in dié programdiens waarna die grootste gedeelte van die massa gewoonlik luister.
- 'n Radiogehoer vir 'n besondere program sal aansienlik vergroot word wanneer dit direk op 'n ander besonder populêre program volg ('ready-made audience').
- Wanneer verskillende programme met dieselfde aantrekkingskrag gelyktydig oor verskillende golflengtes uitgesaai word (teenuitsendings), word die luisteraarsgetalle van spesifieke programme nadelig beïnvloed.

Verdere faktore waarmee rekening gehou moet word is:

- Die behoeftes en belangstellings van luisteraars in besondere streke moet in gedagte gehou word.
- Die titel van die program kan luisteraars beïnvloed. 'n Program van kamer-musiek kan byvoorbeeld aangekondig word as 'Music in miniature'.
- Opera-uitsendings uit die ateljee kry groter aftrek as 'n simfoniekonsert op dieselfde tyd.
- 'n Statistiese opname in 1946 het die volgende maksimum en minimum syfers ten opsigte van luisteraarsgetalle getoon:

Diens	Maksimum	Minimum
<i>Home service</i>	5 400 000	900 000
<i>Light programme</i>	9 000 000	900 000

Hoewel die sukses van die programme oor die Derde netwerk nie in die eerste plek bepaal word deur die luisteraarsgetalle nie, kan die programorganiseerders tog gebruik maak van die luisteraarsnavorsingsdepartement se bevindings om die grootste moontlike gehore te trek.

X. ASPEKTE VAN DIE ALGEMENE MUSIEKBELEID VAN DIE BBC EN DIE TAAK WAT HY VERVUL TEN OPSIGTE VAN DIE KUNS, DIE KUNSTENAAR EN DIE LUISTERPUBLIEK

As die gegewens in die voorgaande bladsye goed beskou word, kry mens al 'n taamlik volledige beeld van verskeie aspekte van die BBC se musiekbeleid. Mens kan ook daarvolgens vasstel in hoe 'n mate hierdie beleid konstant gebly het in sekere opsigte en hoe dit in ander opsigte gegroei het en uitgebou is. Dit blyk duidelik dat die BBC seker die sterkste en invloedrykste enkele faktor in die Britse musieklewe geword het en dat hy op 'n ferm, dog simpatieke wyse die luisterpubliek met sy variërende smake in ag geneem het.⁷⁷⁾ Die BBC se verslag vir 1962 wys op die rol wat die klankradio gedurende die oorsigsjaar vervul het. Dit wys in die besonder op die unieke posisie wat die *Third programme* in die samelewing beklee het en op die lof wat die musiekbeleid voortdurend toegeswaai is. Die musiekbeleid is deur kritici bestempel as 'merkwaardig en opwindend.'⁷⁸⁾

'n Vollediger beeld van sekere aspekte van die musiekbeleid in die algemeen, veral ten opsigte van die taak wat die BBC met betrekking tot die kuns, die kunstenaar en die luisterpubliek vervul, word weerspieël in die aanhalings hieronder. Die eerste aanhaling is uit 'n toespraak van H. Carleton Greene, direkteur-generaal van die BBC, waarin hy sy houding teenoor sowel die luisteraar as die opvoedings-taak van die radio stel:

'An active concern for the arts or public affairs is better than indifference and that wide interests are better than narrow. Against this background of values, what we can do is to open up all the possibilities of individual development and social change that come from the debate of a free society and from the widest possible dissemination of its arts and its knowledge. The limits of that dissemination are very largely determined by educational considerations.

'In every society there are inescapable differences of level, determined by natural ability, by educational opportunity and by social habit, which should be recognised by the programme structure of sound broadcasting.

77) 'Music broadcasting', *BBC Handbook* 1966, p. 65.

78) 'The BBC and adult education', *BBC Handbook* 1962, p. 39 et seq.

'A commercial system lives by selling time on the air. Every item in peak hours must compete for the maximum audience all the time. It is *only a public service system with a built in respect for minorities* which will in fact persistently seek to find out how wide and varied the interests of ordinary people may be, and how far they can be extended.

'For, after all, the most fundamental division of all is between those who believe in the capabilities of "ordinary people" and those who do not.

'There is a great bulk of people, ready to respond to experiences for which they would never have asked and from which they might have remained shut off by the limitations of education and circumstance. Democracy rests in the last resort on *faith in the plain man. The cynicism that provides a flow of trivial entertainment for the masses, while despising it and them, is very close to political cynicism, which regards them as dupes to be manipulated or fooled*'.⁷⁹⁾ (Eie kursivering)

Hans Keller, hoof orkes- en koorassistent van die musiekdepartement druk sy beskouing in verband met die verantwoordelikheid van die korporasie teenoor sy luisteraars soos volg uit:

'That one has to say "good music" in inverted commas, although there is plenty of "good music" that isn't good and, conversely, plenty of good music that is "good", only reminds us that we must avoid being snobs or inverted snobs, even if that is what snobs or inverted snobs want us to be. *We do not and should not tell our licence holders what is good for them; but neither should we broadcast what is bad, if we can help it*'.⁸⁰⁾ (Eie kursivering)

Die artikel 'The BBC : Focus on controversy'⁸¹⁾ wys verder op die BBC se verantwoordelikheid teenoor die publiek:

'The question really is where is the line to be drawn between protecting the public — particularly young people — from corruption, and inhibiting literary or dramatic work. The line must surely be drawn much more strictly in radio and T.V. than with regard to books, theatrical production and films in the cinema'.

Die groot smaakverskille by luisteraars

Herbert Bowden, Arbeiders-parlements lid vir Leicester, som 'n debat in die *House of Commons* soos volg op:

79) *Ibid.* Kyk ook pp. 21–22 van hierdie hoofstuk.

80) Keller, H., *op. cit.*

81) *BBC Handbook 1966*, p. 12 *et seq.*

'I do not think that anyone could define taste or standards with any degree of accuracy, or could give a description that would suit everyone because tastes differ. I think it would be easier to define bad taste than good taste or good standard.

'There is always room for a measure of experimentation – but when questions of personal taste, and particularly when matters of religion and race are affected, exceptional care should be taken.'⁸²⁾

In 1948 neem Kenneth Wright, waarnemende direkteur van musiek, die invloed van die radio op die musieksmaak van die volk in oënskou.⁸³⁾ Hy bepleit onder andere meer geleenthede waardeur die mense hierdie smaak kan ontwikkel, byvoorbeeld die verskaffing van die nodige kennis en 'n wye spektrum van alle soorte musiek uit alle tye.

Die taak van die BBC ten opsigte van die musiek as kuns, asook die luisterpubliek van die Britse samelewing:

Daar is reeds gewys op die feit dat die BBC hom daarop toelê om die musiekkuns van die volk te preserveer en dat hy dit as 'n belangrike funksie van sy uitsaaidienste beskou om die kunslewe van die volk te stimuleer tot voordeel van sy skeppende en uitvoerende kunstenaars. Daar word egter slegs paslike werk van die hoogste gehalte vir uitsending aanvaar. Dit was veral onder Arthur Bliss wat die BBC by uitstek in diens van die kontemporêre musiek gestel is. Luisteraarsnavorsing het op hierdie tydstip (vroeë veertigerjare) aangetoon dat die publiek in die algemeen 'n gebrek aan vertroutheid getoon het met die moderner musiek, insluitende komponiste soos Brahms en Debussy. Bliss het hom hieroor soos volg uitgelat: 'An art that always looks back is moribund, and a society in which contemporary art is not encouraged, deserves the artistic sterility that almost certainly results.'⁸⁴⁾ Hans Keller voeg hieraan toe:⁸⁵⁾

'There is not a single musician alive to whom all contemporary music is comprehensible. To make matters even more problematic, the crisis works both ways; not only are advanced styles incomprehensible to traditionalists

82) *Loc. cit.*

83) Wright, K., 'Changing tastes in music', *BBC Yearbook 1948*, p. 18.

84) 'The BBC listener's research department', *Hinrichsen's . . . 1944*.

85) *Op. cit.*

but more conservative styles tend to be incomprehensible to advanced minds. It is a fact that highly competent, perhaps even outstanding avant-gardists have come to the conclusion that the music of the country's greatest living composer is rubbish. It is useful to remind oneself of such facts when one feels like shouting "Rubbish!" oneself — whether one is a listener or a programme-builder.

'The programme-builder's problems are, in fact proportionate to the crisis of communication and comprehensibility — and the fact that he is more than one person, does not ease his task, except that a group of people tend, with luck, to be more objective than a single individual can hope to be.

'In Mozart's age, BBC Music Division, had it existed, would have had a marvellous time. The public wanted contemporary music, and only contemporary music. In order to be half a step ahead of public taste (as perhaps we ought to be, if we are to fulfil our responsibilities, not only towards the public, but also towards the arts themselves), we would not have tried to peer into the future, i.e. stare at its alleged representatives in the present; we would simply have had to dive into the most recent of pasts and rescue Bach from oblivion — an operation which, since there was no BBC Music Division, had to be postponed until Mendelssohn's appearance.

'It is in fact, the BBC's duty to be both popular and unpopular at the same time — unpopular in discharging its duties towards the contemporary composer who, if he doesn't happen to have written the "War Requiem", usually has to confine himself to a minority audience, however enthusiastic; and popular in catering for the musical tastes of various majorities'.

Hierdie houding teenoor die kontemporêre musiek beteken volgens Keller egter nie dat die BBC die klassieke meesterstukke van die verlede opoffer ten gunste van die moderne musiekidiome nie. Die groot klassieke meesterstukke word gereeld op groot skaal aangebied.

S.A. Moseley sê oor die BBC se beleid ten opsigte van die opvoeding van sy luisteraars:

'I must stress the great importance of the BBC's attitude towards what is generally regarded as "more serious" music. There was not much difficulty regarding the old established Promenade Concerts, but it was no easy task for the BBC to impose upon the listening public masterpieces which were new and strange to the majority.

'The Corporation turned a deaf ear on complaints received from listeners against the playing of good music. The authorities decided that, while "cheap and catchy" music would be popular, yet, "disastrous havoc would easily be wrought in the growing musical taste" if they bowed to the early pressure from listeners.

'That this policy, dictorial as it may have seemed, then, has justified itself, there can be no doubt. Britain has never really deserved the taunt of being an unmusical nation. If there were any ground for that reproach some years ago, there is certainly none to-day, for *broadcasting has been the means of educating vast numbers of listeners into appreciating not merely good, but the best music.*

'It is strange but true that this education has also worked in the opposite direction, training the "high brow" to appreciate a good deal of popular music. I, myself, who have always loved the classics, find myself falling in love with an occasional "cheap and catchy" tune which is not to be heard within respectable musical circles!

'In any case, we may accept it that broadcasting has widened the nation's taste in music. For myself as an old devotee of Wagner and Tchaikovsky, I have learned to love in addition, Beethoven, Brahms, for which many thanks to Adrian Boult and the BBC.

'Broadcasting House has not cheapened music; it has not degraded, but uplifted popular taste. In this field, at all events, it has justified its privileged position and faithfully exercised its monopoly in our best interests. Is it continuing to do so? I ask this because it has seemed of late that the weight of uninstructed popular demand is forcing the adherents of better-class music to give little ground'.⁸⁶⁾

Die BBC se beleid en taak ten opsigte van uitvoerende kunstenaars en komponiste

Mens vind dikwels dat sekere musici deur die publiek as groot voordrag-kunstenaars beskou word as gevolg van hul tegniese vaardigheid en persoonlike aantrekkingskrag. In werklikheid openbaar sulke musici egter dikwels 'n groot gebrek aan smaak by die uitvoering van die mees verhewe musiek. Dit hang gewoonlik saam met die primitiewe instinkte vir oordad van sentiment, drama en patos. Die publiek neem egter aan dat so 'n kunstenaar weet wat hy doen en omdat hy speel volgens die natuurlike instinkte van die gehoor in 'n volgepakte saal, word hy ook met groot entoesiasme toegejuig. Om die publieke musieksmaak so min as moontlik te skaad deur uitvoerings van dié aard, is dit die BBC se beleid om kunstenaars te oorreed – soms op subtiele wyse, soms deur ferm weerstand – om hulle te beperk by die repertorium waarin hulle die minste skade sal berokken.

86) *Op. cit.*, pp. 123 – 124.

Hoewel dit 'n belangrike aspek van die BBC se musiekbeleid is om internasionaal-beroemde kunstenaars na die mikrofoon te bring, is hy egter in die eerste plek die beskermheer van die Britse kunstenaars. In hierdie opsig merk Hans Keller⁸⁷⁾ ook op dat dit byvoorbeeld maklik is om die gehalte van komposisies van buitelandse komponiste te beoordeel. Die BBC kies dié komponiste en werke wat reeds as internasionaal-uitstaande bewys is. Die taak van beoordeling word moeiliker met betrekking tot die nuwe inheemse musiek, waarvoor die radio-organisasie die belangrikste bekendstellingsmedium is. *Elke land neig om in die eerste plek na sy eie kunstenaars en komponiste om te sien.*

Sir Adrian Boult kan beskou word as die vervolmaker van die ideale beleid ten opsigte van die BBC se simfonie-orke, asook die organisasie daarvan. Hierbenewens was dit sy belangrikste doelstelling om middele en geleenthede daar te stel vir sistematiese, praktiese hulp aan musici en orkeste dwarsdeur die land. Baie simfonie-orkeste het baat gevind by Boult se beleid.⁸⁸⁾

Die BBC se beleid ten opsigte van dansmusiek

Behalwe die stimulerende uitwerking wat die radio op die opera en die Promenade-konserte gehad het, het dit ook 'n geweldige stukrag aan die bekendstelling van dansmusiek gegee. Dit is by geleentheid aan Jack Payne⁸⁹⁾ gevra waarom dansmusiek so gewild word. Sy antwoord: 'Because it uplifts the spirit. The tired brain of the average listener obtains relaxation and relief from it.'⁹⁰⁾

Moseley gee sy standpunt weer in die volgende woorde:

'I am no enthusiast of this so-called dance music, much of which is dissonance in my ears, but it is futile to question the enormous popularity of dance music among the listening public.

'There may be some difficulty in defining "dance music" to-day, when vocal absurdities abound and the crooner with his cultivated American accents, so often supplies a substitute for tunes to which people can really dance. The question arises as to whether the BBC should provide only the best of dance music, accepting it as an entirely separate form of musical art.'⁹¹⁾

87) *Op. cit.*

88) Moseley, *op. cit.*, pp. 119 – 120.

89) 'n Dansmusikant wat baie gewild geraak het deur middel van die radio.

90) Moseley, *op. cit.*, p. 117.

91) *Ibid.*, p. 120.

In die artikel 'Radio's role in 1964'⁹²⁾, beskryf Frank Gillard die behoefte aan ligte musiek soos volg:

'The millions who look to radio for a pleasant background sound to ease the boredom of the routine daily chores, require a service quite different from the needs of the much smaller audience of "foreground" listeners, who turn to sound in a positive way and call for serious programmes to which they are prepared to give concentrated thought and attention.

'... Broadcasting should be shaped with these complex considerations in mind'.

92) *BBC Handbook 1964*, p. 18.

DEEL II

**AFDELINGS VAN DIE SAUK WAT DIE AKTIWITEITE EN
ORGANISASIE VAN DIE MUSIEKDEPARTEMENT RAAK**

HOOFSTUK DRIE

DIE KOPIE- EN UITVOERREGAFDELING

Die SAUK se Kopie- en Uitvoerregafdeling administreer die kopie- en uitvoerregte met betrekking tot alle musiek wat die SAUK in programme uitsaai, in die openbaar uitvoer, op bande of plate opneem, asook ten opsigte van die duplisering van manuskripte, bladmusiek of enige afsonderlike musiekparty.¹⁾

Wanneer die SAUK enige kopieregwerk op enige van die bogenoemde wyses wil gebruik, moet daar, in ooreenstemming met die Internasionale Kopieregwet, vooraf reëlings getref word met die kopieregeienaars of hulle agente. Dié reëlings behels die aanvra van kopieregwerke wat nie in die SAUK se musiekbiblioteek beskikbaar is nie, toestemming vir die duplisering en die uitvoering van die betrokke werke, asook die betaling van die vereiste kopie- of uitvoerreggelde.

Die SAUK gaan verder ook ooreenkomste aan met die platemaatskappye van wie hy kommersiële plaatopnames besit. Hierdie ooreenkomste maak voorsiening vir die gebruik van die plaatopnames vir uitsending teen 'n vasgestelde bedrag, wat jaarliks aan die maatskappye betaal word.

Die kopieregafdeling word ook by die aktiwiteite van die musiekdepartement betrek waar die maak van transkripsie-opnames vir die diskoteek, asook die uitvoering en opneem van werke wat in opdrag van die SAUK geskryf is, in gedrang kom.

Die administrasie van kopie- en uitvoerregte geskied in ooreenstemming met die bepalings wat in dié verband vasgelê is deur sowel nasionale wetgewing as internasionale ooreenkomste. Nasionale wetgewing word sover moontlik aangepas by die internasionale kopieregooreenkomste waarvan die betrokke land medeondertekenaar is.

1) Kyk hoofstuk vier.

Die volgende oorsig oor die internasionale bepalings in verband met die kopie- en uitvoerreg is 'n aanduiding van die omvattende organisasie wat die kopie-regadministrasie vir die SAUK meebring:

Die nuwe Wet op Kopiereg wat in 1956 in Brittanje geformuleer is, vervang die ou kopieregwet van 1911, om dit aan te pas by die nuwe ontwikkelings van die twintigste eeu. Dié wetgewing is grotendeels gebaseer op die artikels wat deur die *International copyright conventions of the International union for the protection of literary and artistic works* in verband met die uitsaaiwese opgestel is (Berne 1886; Berlyn 1902; Rome 1928; Brussels 1948; Genève 1952).²⁾ Die Britse wet bekragtig die tweeledige geaardheid van kopiereg in die musiek:³⁾

- Die reg tot die publikasie van kopieë van 'n musiekwerk.
- Die reg tot die uitvoering van 'n musiekwerk.

Tussen hierdie twee pole lê die reg tot die reproduksie van 'n werk deur middel van die een of ander meganiese medium, byvoorbeeld die speel van plaatopnames.

Die Britse kopieregwet maak verder ook voorsiening vir 'n spesiale toepassing van uitvoerreg in die musiek, sonder inagneming van die reproduksiemedium. Dit onderskei tussen twee tipes van uitvoering, naamlik openbare uitvoering en private uitvoering (huislike gebruik) en hierin gaan die wet verder as om die kopie-regeienaar te beskerm teen die persoon wat direk verantwoordelik is vir 'n uitvoering wat 'n skending van kopiereg meebring. Dit bepaal dat enige persoon wat vir sy private wins in 'n teater of enige ander plek van vermaaklikheid toestemming verleen vir so 'n wederregtelike uitvoering, homself ook skuldig maak aan skending van die uitvoerreg.⁴⁾ Regspersone behou egter 'n vrye vertolking van hierdie klousule, aangesien dit probleme kan oplewer om die werklike aard van so 'n uitvoering presies vas te stel. Sowel instansies soos hospitale en klubs, as gaste in privaatwonings kan betrek word in 'n geskil of 'n uitvoering privaat of in die publiek sou wees.

Die bepalings van die Internasionale Kopieregunie verwys ook spesifiek na radio-uitsending.⁵⁾ Dit bepaal dat die uitsending van 'n musiekwerk oor die radio

-
- 2) *BBC Handbook 1961*, p. 213 *et seq.* en 'International copyright', *Who's who in music 1950*, p. 230 *et seq.*
 3) 'Copyright in music', *Who's who in music 1950*, p. 229.
 4) 'Performing rights', *Who's who in music 1950*, p. 232.
 5) Abbot, W., *Handbook of broadcasting*, McGraw-Hill, London, 1941, p.304 *et seq.*

as 'n publieke uitvoering beskou word. Die bepaling lui verder dat, al sou 'n radio-uitvoering van 'n werk gemagtig wees, die ongemagtigde aanskakel van 'n ontvangstoestel in die openbaar nogtans 'n daad is wat in die plek van 'n openbare uitvoering gestel kan word. Daarom sou dit 'n skending van die uitvoerreg meebring, waarvoor die persoon wat die radiotoestel aangeskakel het, verantwoordelik gehou kan word.

Ten opsigte van die musiek dui die kopieregwet van die Verenigde State drie faktore aan wat aanwesig moet wees om skending van kopiereg te regverdig:⁶⁾

- Daar moet 'n uitvoering wees.
- Dit moet in die publiek wees.
- Dit moet vir wins wees (direk of indirek).

Die Amerikaanse wet spesifiseer verder dat die weergawe van enige substansiële gedeelte van 'n musiekwerk (vier mate van 'n werk word algemeen as sodanig aanvaar) die kopiereg daarop kan skend. Aangesien radio-uitsending in Amerika in alle opsigte as winsgewend beskou word, mag geen kopieregmateriaal sonder die nodige toestemming deur enige radiostasie vir uitsending gebruik word nie.

Verdere belangrike bepalings wat deur die Internasionale Kopieregunie (1950) geformuleer is, is die volgende:

Artikel 7

Die kopiereg op die werk van 'n outeur of komponis bly van krag tot 50 jaar na sy dood.⁷⁾

Artikel 11

Die outeur van 'n werk geniet die uitsluitlike reg om toestemming te verleen vir die uitsending of heruitsending van sy werke of om uitsendings of heruitsendings daarvan te verbied. Die beoefening van hierdie regte mag egter onderworpe wees aan bykomstige regulasies, soos bepaal deur nasionale wetgewing. Die regverlening tot die uitsending van 'n werk waarborg nie vanselfsprekend die reg tot die maak

6) *Loc. cit.*

7) Uitsonderings op hierdie bepaling is onder sekere omstandighede moontlik. Cf. 'International copyright', *Who's who in music 1950*, p. 231.

van plaat- of bandopnames van so 'n werk nie, hoewel nasionale wetgewing ook hier omstandighede kan bepaal waaronder uitsaai-organisasies opnames vir eendaagse gebruik kan maak en sulke opnames dan in hulle offisiële klankargiewe kan bewaar.

Artikel 12

Outeurs en komponiste beskik oor die uitsluitlike reg om magtiging te verleen tot die verwerking van hul werke. Dit sluit enige vorm van alterasie van sodanige werke in.

Artikel 13

Komponiste en skrywers verkry die alleenreg tot die magtiging vir die maak van opnames van hulle werke en die openbare uitvoering daarvan.

Artikel 14

Komponiste kry die alleenreg tot die magtiging aan persone of instansies om hulle werk in die filmkuns te gebruik en om werke wat so aangewend is, in die openbaar aan te bied of uit te voer. 'n Musiekwerk wat in die filmkuns gebruik word, word dus altyd as 'n oorspronklike werk beskerm, ongeag die regte van die skrywer. Selfs 'n nuusfilm wat 'n greep bevat waarin 'n orkes in aksie is en waarin 'n essensiële gedeelte van die melodiese substansie van 'n musiekwerk weergegee word, kan die uitvoerreg daarop skend. Dit gaan hier dus in die eerste plek om die kwaliteit van die musiek wat in die film weergegee word en nie soseer om die kwantiteit nie.

Met betrekking tot die radiowese bepaal die Britse kopieregwet van 1956 verder ook die volgende:⁸⁾

- Die uitsaai-organisasie het die reg om beheer uit te oefen oor die maak van opnames van sy klankuitsendings of die klankbaan van sy beeldradio-uitsendings, vir enige ander doeleindes as vir private gebruik.
- 'n *Performing Right Tribunal* is in die lewe geroep om geskille in verband met uitvoerregte te besleg, byvoorbeeld onenighede tussen uitsaai-organisasies en agentskappe wat kopiereggelde insamel. Die *Tribunal* sou egter nie jurisdiksie hê in gevalle waar individuele persone self hulle uitvoerregte administreer nie.

8) *BBC Handbook 1961*, p. 213 et seq.

- Wanneer 'n uitsaai-organisasie toestemming verkry het om 'n dramatiese literêre of musikale werk uit te saai, word die maak van 'n opname daarvan nie as 'n verkragting van die kopieregwet beskou nie, mits die opname binne 28 dae na die eerste uitsending daarvan vernietig word.
- Die nuwe wetgewing maak verder ook voorsiening vir 'n redelike behandeling van dramatiese, literêre en musikale werke in uitsendings, waardeur die kopieregbepalings nie geskend sou word nie, byvoorbeeld wanneer sodanige werke of gedeeltes daarvan gebruik word vir die doel om nuus en sake van die dag deur middel van radio-uitsendings aan die publiek oor te dra.

In Brittanje word die uitsaaieregte ten opsigte van die meeste musiek beheer deur die *Performing Right Society*.⁹⁾ Hierdie uitvoerregvereniging is reeds in 1914 in Engeland gestig en is saamgestel uit die komponiste, skrywers en uitgewers van kopieregwerke. Die doel van die vereniging is die beskerming van die regte en voordele wat die skeppers van kopieregwerke toekom. Die vereniging reik lisensies uit en verleen goedkeuring vir die uitvoering van die musiekwerke onder sy beheer.¹⁰⁾ Die BBC is byvoorbeeld deur die vereniging gelisensieer om al die beskermde werke uit te saai teen 'n jaarlikse betaling.¹¹⁾ Behalwe hierdie jaarlikse bedrag aan die *Performing Right Society*, betaal die BBC 'n verdere bedrag aan die *Mechanical Copyright Protection Society* vir die reg om musiekwerke wat deur kopiereg beskerm word, op band of plaat op te neem. In beide gevalle word die bedrae wat jaarliks ingevorder word, proporsioneel tussen die lede van die verenigings verdeel, volgens die aantal werke wat van elk opgeneem of uitgevoer is.¹²⁾ Die jaarlikse lisensie wat die BBC van die eersgenoemde vereniging verkry, dek egter nie openbare uitvoerings nie.

Die Kopie- en uitvoerregverenigings in Brittanje is ook geaffilieer met soortgelyke verenigings in ander lande (Suid-Afrika onder andere), wat die repertorium van kopieregwerke onder hulle beheer aansienlik vergroot. Dit verhoog ook die waarde van die lisensies.¹³⁾

9) *Loc. cit.*

10) 'Performing right society', *Who's who in music 1950*, p. xlviii.

11) *BBC Handbook 1961*, p. 213 et seq.

12) *BBC Handbook 1964*, p. 152.

13) 'Performing rights', *Who's who in music 1950*, p. 232 et seq.

Alle kopieregmateriaal wat nie deur kopie- en uitvoerregverenigings geadministreer word nie, moet deur middel van afsonderlike onderhandelings met individuele komponiste of hulle agente behandel word.

HOOFSTUK VIER

DIE MUSIEKBIBLIOTEEK

Die SAUK se musiekbiblioteek kan tans beskou word as een van die modernste van sy soort in die wêreld en die intensiewe bedrywigheide van hierdie departement maak dit die hart van die Suid-Afrikaanse musieklewe.

Onder die leiding van dr. Solly Aronowsky, beskik die musiekbiblioteek oor die dienste van 'n aantal voltydse personeellede met deeglike ondervinding as professionele musici. Dit is hulle taak om alle bladmusiek wat deur kunstenaars vir uitvoering benodig word (dit wil sê vir openbare konserte, ateljee-uitvoerings, die maak van opnames, ensovoorts) in gereedheid te bring en dit aan die kunstenaars te besorg. Dikwels moet kopieë van werke gemaak word of instrumentale partye gedupliseer word en dikwels moet die musiek met die hand gekopieër word. Verdere duplisering word vergemaklik deur die gebruik van 'n fotokopieërmasjien. Die duplisering van alle bladmusiek in die biblioteek geskied streng in oorleg met die kopieregdepartement, wat reëlings tref met die kopiereghouers.

Hoewel die SAUK se musiekbiblioteek nie musiek aan private persone of instansies verskaf nie, voorsien hy tog die grootste gedeelte bladmusiek wat deur sowel die munisipale orkeste van Kaapstad en Durban as die verskillende streeksrade vir uitvoerende kunste benodig word.

Die belangrikste verdienste van die musiekbiblioteek is egter die werk wat daar gedoen word ten opsigte van die bevordering en die bewaring van die inheemse Suid-Afrikaanse musiek. In samewerking met alle ander afdelings van die SAUK se musiekdepartement wend hierdie biblioteek volgehoue pogings aan om Suid-Afrikaanse komponiste aan te moedig en veral ook te sorg vir die gereelde uitvoering en bekendstelling van hulle werke dwarsdeur die land.

Daar is reeds in 1937 begin met 'n musiekbiblioteek wat uitsluitlik aan komposisies van Suid-Afrikaanse komponiste gewy is.¹⁾ In 1938 is hierdie biblioteek gesistematiseer en ingerig by die Durbanse uitsaaistase. In dié stadium het die biblioteek se indeks reeds 264 Suid-Afrikaanse komposisies aangetoon.²⁾ Behalwe die biblioteek van oorspronklike Suid-Afrikaanse musiek, is daar in 1941 begin om 'n biblioteek op te bou vir verwerkings van Suid-Afrikaanse musiek en teen die einde van dieselfde jaar het dié afdeling reeds 60 komposisies van dié aard gehuisves.³⁾

Tans is die hele musiekbiblioteek van die SAUK in Johannesburg gesentraliseer, vanwaar alle aktiwiteite uitgaan. Die meeste orkeswerke in die land word hier gehuisves. Baie van hierdie orkeswerke, asook 'n groot hoeveelheid werke met ander besettings, is nêrens elders in die land te vind nie, aangesien hulle kommersieël onverkrygbaar is. Die SAUK besit talle Suid-Afrikaanse werke wat slegs in manuskripvorm bestaan en waarop kopiereg voorbehou word. Onder hierdie werke is byvoorbeeld die talle orkestrasies van Suid-Afrikaanse kunsliedere wat in opdrag en op die onkoste van die SAUK gedoen is. Van die bekendste orkestreerders wat van tyd tot tyd hieraan gewerk het is onder andere Theophil Wendt, Richard Cherry, Con Lamprecht, Gideon Fagan, Karsemeyer, Jos Cleber en Peter Klatzow. As gevolg van die besondere omstandighede in Suid-Afrika moes Suid-Afrikaanse komponiste tot 'n aantal jare gelede hul visie en skeppingswerk beperk tot die stem en die klavier. Die SAUK onderneem nou die taak om sowel die groot hoeveelheid oorspronklike musiek deur Suid-Afrikaanse komponiste as die tradisionele Suid-Afrikaanse musiek op 'n grootser en aantrekliker wyse aan te bied in die vorm van orkesverwerkings.⁴⁾

Die musiekbiblioteek lê hom verder in die besonder toe op die versameling van Afrikaanse operettes en musiekblyspele. Daar bestaan tans 'n geweldige tekort aan oorspronklike Afrikaanse werke in hierdie kategorie en benewens enkeles wat in privaatbesit is, is die SAUK die enigste instansie wat sulke werke in Afrikaans versamel en bewaar.⁵⁾ Van hierdie Afrikaanse operettes word deur die SAUK aan

1) *Jaarverslag van die SAUK 1937.*

2) *Ibid. 1938.*

3) *Ibid. 1941.*

4) Kyk Aanhangsel 1(B) en 1(E).

5) Kyk Aanhangsel 1(G).

skole beskikbaar gestel vir opvoering, wat 'n positiewe stap is om die werke te versprei en bekend te stel. Talle briewe van dank en waardering deur skole en ander musiekinstansies getuig van die onmisbare rol wat die SAUK in hierdie opsig vervul.

Die vertaling van operatekste in Afrikaans is nog 'n belangrike taak wat deur die SAUK se musiekbiblioteek onderneem word. Dié werk geskied met die toestemming van die uitgewer of kopiereghouer en kos die SAUK groot bedrae geld. Die waarde van hierdie vertalings, waarvan daar al 'n hele aantal bestaan, kan nie oorskat word nie. Die vertaalde operas word in 'n aantreklike vorm gebind en slegs in die SAUK se musiekbiblioteek bewaar.

Wat die verspreiding van Suid-Afrikaanse musiek betref word daar, soos reeds gemeld, baie verdienstelike werk verrig. Daar is twee verspreidingskemas in werking gestel om die Suid-Afrikaanse musiek eerstens dwarsdeur Suid-Afrika te versprei en te propageer en tweedens internasionaal te versprei en bekend te stel.

Om die werke van Suid-Afrikaanse komponiste in Suid-Afrika te versprei, word beoog om kleiner biblioteke van Suid-Afrikaanse musiek by al die sentra van die SAUK in te rig, naamlik by Bloemfontein, Durban, Grahamstad, Kaapstad en Pretoria. Hierdie kleiner biblioteke sal nie orkeswerke bevat nie. Deur middel van hierdie skema sal Suid-Afrikaanse kunstenaars voortdurend aangemoedig word om dié werke uit te voer. Dié projek bring mee dat werke wat vir die skema in aanmerking kom gedupliseer moet word. Die eerste stap in hierdie rigting is die opsporing van talle Suid-Afrikaanse komponiste om hulle toestemming vir die duplisering van hulle werke te verkry. In 1963 het Anton Hartman, Hoof van Musiek, 'n versoekskrif aan alle streekdirekteure van die SAUK gerig om stukrag aan die skema te verleen. Die versoekskrif wys daarop dat talle werke wat versprei kan word nie meer in druk is nie, maar in die privaatbesit van kunstenaars. Wanneer kunstenaars van dié werke by enige sentrum van die SAUK sou uitvoer, moes hulle versoek word om sodanige werke aan die SAUK-musiekbiblioteek te leen vir duplisering, sodat al die streekateljees daarvan voorsien kon word. Alle musiekuitgewers is ook versoek om Suid-Afrikaanse werke wat deur hulle gepubliseer word

aan die SAUK te verskaf. Kontrakbriewe waarin die doel van die skema uiteengesit word, word gereeld aan opgespoorde komponiste gestuur vir toestemming om hulle werke te dupliseer op die SAUK se eie onkoste. Dié reëlins word deur die kopieregdepartement behartig. Die ideaal is om drie kopieë van elke werk wat op hierdie manier versprei word, aan elke streeksentrum te voorsien. Daar word noukeurig register gehou van elke werk wat so uitgestuur word.

Die internasionale skema vir die verspreiding van Suid-Afrikaanse musiek betrek hoofsaaklik orkesmusiek. Deur dié spesiale transkripsieskema word plaatopnames van die orkeswerke gemaak en saam met gedrukte partiture aan die wêreld se belangrikste uitsaai- en ander orkeste gestuur. 'n Pamflet, opgestel deur die SAUK se musiekverspreidingsafdeling, vergesel die opnames. Dit lui soos volg:

'By gebrek aan uitgewers van ernstige musiek in Suid-Afrika, het die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie besluit om komponiste te help deur partiture en opnames van goedgekeurde orkeswerke te reproduseer en te versprei. Ons vertrou dat dit daartoe sal bydra dat Suid-Afrikaanse musiek groter bekendheid en daardeur 'n gereelde plek in die internasionale repertorium sal verkry.

'Aangesien elke partituur goedgekeur word deur 'n paneel van musiekdeskundiges, kan die werke wat ons versprei ons aanbeveling geniet.

'In die eerste plek word partiture en plate op lening uitgestuur vir insae. Indien u sou besluit dat u belangstel in 'n werk vir insluiting in die repertorium van u orkes in die nabye, of selfs die verre toekoms, sal dit ons genoeg verskaf om aan u die plaat en partituur te skenk — heeltemal kosteloos.

'As dit sou blyk dat u op geen tydstip die musiek sal kan gebruik nie, wil ons u vriendelik versoek om die materiaal aan ons terug te stuur.

'Die komponiste behou alle regte voor en orkespartye mag dus nie gekopieër word nie, maar dit kan teen 'n nominale bedrag van ons gehuur word.'

By wyse van opsomming illustreer die volgende aanhaling die groot waarde van die SAUK se musiekbiblioteek ten opsigte van die Suid-Afrikaanse musiek:

'The S.A.B.C. music library houses an almost complete collection of music by South African composers: church music, popular and serious music, choral, orchestral and light music.

'Apart from compiling this valuable collection and making available sheet music of South African compositions to interpretative artists all over the world, in order to create a wider audience for, and greater appreciation of these works, the S.A.B.C. encourages composers by presenting their music in programmes, and by commissioning new compositions.'⁶⁾

Die indekssisteem

Die SAUK-musiekbiblioteek se klassifikasiesisteem is 'n samestelling van die beste oorsese sisteme, waarvan dr. Aronowsky jarelank 'n noukeurige studie gemaak het.

Die indekssisteem bevat verskeie hoofde waaronder werke nageslaan kan word. Hierdie hoofde oorvleuel mekaar óf in groot mate wat sekere hoofde betref, óf geheel en al wat ander betref. Hierdie rangskikking vergemaklik naslaanwerk, byvoorbeeld deur die name van komponiste by 'n sekere werktipe alfabeties te rangskik en daarnaas ook die titels van die werke in alfabetiese volgorde. 'n Werk kan nou maklik nageslaan word indien die naslaner die titel van die werk of die naam van die komponis vergeet het.

Die volgende lys dui die hoofde aan waarvolgens komposisies nageslaan kan word:

1. Die kaartsisteme
 - a. Stem en klavier
 - i. Algemene indeks, komponiste alfabeties.
 - ii. Suid-Afrikaanse komponiste, alfabeties.
 - iii. Titels van werke deur Suid-Afrikaanse komponiste in alfabetiese volgorde.⁷⁾

6) Anon., 'South African composers — ten world class composers in one generation', *South African digest*, 9 January, 1964.

7) Kyk Aanhangel 1(A) en (B).

- iv. Afrikaanse komponiste, alfabeties.
- v. Engelse komponiste, alfabeties.
- vi. Duitse komponiste, alfabeties.
- vii. Verskillende tale, komponiste alfabeties.
- viii. Albums, alfabeties volgens titel.⁸⁾
- ix. Albums onderverdeel onder die volgende hoofde:
 - Sopraan.
 - Mezzo-sopraan.
 - Alt.
 - Tenoor.
 - Bariton.
 - Bas.

b. Kamermusiek

- Komponiste alfabeties.
- Titels van werke alfabeties.

Kamermusiek sluit alle instrumentale musiek in wat nie onder orkeswerke sorteer nie. Kamermusiek is verder ook in 'n afsonderlike indeks gekatalogiseer volgens die verskillende instrumentale besettings.⁹⁾

c. Koormusiek

Komponiste alfabeties.

Alfabetiese klassifikasies volgens sowel werktipe as koorsamestelling.¹⁰⁾

d. Indeks vir die naslaanbiblioteek

Die naslaanbiblioteek bestaan hoofsaaklik uit kommersiële partiture en enkele duplikaatmanuskripte, maar bevat nie alle partiture wat in die meesterkatalogus (kyk hieronder) aangedui word nie. Hierdie partiture word gebruik deur byvoorbeeld die programkontroleurs, terwyl die dirigent die ander partituur gebruik wat in die hoofindeks geklassifiseer is.

e. Ligte musiek

'n Afsonderlike indeks dui al die ligte musieknommers aan wat in die

8) Kyk Aanhangsel 1(C).

9) Kyk Aanhangsel 1(H).

10) Kyk Aanhangsel 1(F).

biblioteek te vind is, onder andere die ligte orkesverwerkings van Jos Cleber, Roy Martin en andere.

2. Die meesterkatalogus

Hierdie indeks bevat al die orkeswerke en volg nie die kaartsisteem soos die bogenoemde indekse nie. Dit bestaan uit groot naslaanboeke waarin die name van komponiste alfabeties gerangskik word. Elke komponis word op 'n nuwe bladsy aangedui, waarop sy komposisies vertikaal onder mekaar voorkom. 'n Komponis se werke kan ook meer as een bladsy beslaan, na gelang die omvang van sy oeuvre. Langs elke werk verskyn die volgende gegewens horisontaal oor die bladsy: Titel van werk/werktipe/uitgewer/verwerker (indien van toepassing)/ die volledige besetting van die partituur – dis slegs nodig om die aantal instrumente van elke soort in die kolomme wat van boskrifte voorsien is, in te vul.¹¹⁾

Die aantal afsonderlike werke wat die biblioteek bevat, is sover vasgestel kon word soos volg:

Orkeswerke:	8 841
Koorwerke:	1 260
Stem en klavier:	1 537
Stempartye:	894
Kamermusiek:	1 398
Musiekblyspele:	118
Naslaanbiblioteek:	<u>2 533</u>
	16 681

In gevalle waar orkestrasies van stem-en-klavierwerke gemaak is, word die orkestrasies as afsonderlike werke aangedui, sodat daar wel 'n mate van duplisering is.

11) Kyk Aanhangsel 1(D).

HOOFSTUK VYF

DIE TRANSKRIPSIEDIENS

Die SAUK se transkripsiediens vervul 'n tweeledige taak. Dit voorsien in die eerste plek transkripsie-opnames vir plaaslike gebruik in die SAUK se diskoteek en verskaf in die tweede plek Suid-Afrikaanse transkripsie-opnames aan buitelandse radio-organisasies.

Hoewel die SAUK tans, soos die meeste ander uitsaai-organisasies, sy eie plate sny, moes hy eers talle probleme te bowe kom voordat hy hierdie groot taak ten beste tot uitvoer kon bring. 'n Artikel oor die ontwikkeling van die SAUK se platefabriek in *Industrial review of Africa*¹⁾ gee 'n oorsig oor die probleme en toon aan hoe hulle, danksy intensiewe proefnemings, uiteindelik te bowe gekom is. Die blanko aluminiumskywe, waarop 'n asetaatmengsel aangebring is, was veral gedurende die Tweede Wêreldoorlog baie duur en byna onverkrygbaar. Daar moes 'n metode ontwerp word waarvolgens ou plaatskywe gestroop en van 'n nuwe asetaatbedekking voorsien kon word. Dit was 'n groot onderneming, aangesien die formule van die asetaatbedekking en die metode van aanwending 'n beskermde kommersiële geheim was.

In 1950 is die eerste blanko plate suksesvol deur die SAUK berei, hoewel dit na die oorlog nie meer ekonomies was om ou plaatskywe te hernu nie. Dit was egter eers onlangs dat die SAUK sy eerste opnames op selfvervaardigde nuwe plaatskywe, wat mettertyd berei is, gemaak het. Ou plaatskywe word egter nog steeds geberg vir toekomstige gebruik, ingeval die plaatskywe weer skaars sou word.

Die transkripsiediens se primêre funksie is om te voorsien in die behoeftes van die SAUK self. Dit behels veral opnames wat kommersiële onverkrygbaar is,

1) Anon., 'The SABC's story that's never broadcast — an explosive experiment', *Industrial review of Africa*. April 1958, p. 5

soos die werke van Suid-Afrikaanse komponiste, uitvoerings deur Suid-Afrikaanse kunstenaars en veral ook Suid-Afrikaanse kerk- en volksmusiek. Waar daar aanvanklik 'n groot leemte in hierdie opsig was, het die transkripsiediens die diskoteek van die SAUK gedurende die afgelope dekade aansienlik verryk met plaatopnames van dié aard. Hierdie opnames word voortdurend in programme gebruik.

In die *Jaarverslag van die SAUK 1942* word al melding gemaak van die uitbreiding van die SAUK se transkripsiediskoteek met werke van Afrikaans- en Engelssprekende komponiste van Suid-Afrika, soos byvoorbeeld P.R. Kirby, Theo Wendt, John Lea-Morgan, Horace Barton en Richard Cherry.

In 1946 is heelwat musiek van Suid-Afrikaanse komponiste op die transkripsie-indeks geplaas. Die volgende werke word genoem:²⁾

Komponis	Titel van werk	Voordraer
W.H. Bell	Vokale werke	Betsy de la Porte Albina Bini Redvers Llewellyn
Heinz Hirschland	Twee klavier-concerti	
Charles Oxtoby	Six children's songs Suite vir fluit en strykers Six aspects of an old English tune Introduction and fugue in in the olden style	
Leonard Heyne	Africana serenade	
Leslie Kurl	Johannesburg-simfonie	
Colin Taylor	Balletmusiek: Chinese idyll Sea Shanty	
Freda Firth	Forsaken garden	
A.H. Jackson	Kantate	
J. Lea-Morgan	Rhapsody for a coronation	
Helen Deacon	Liedere	
Sydney Rosenbloom	Klavierwerke	Sydney Rosenbloom
Mallinson	Liedere	
H. Edmund Dawes	Liedere	
Leo Quale	Sangsiklus: The red road	

2) *Jaarverslag van die SAUK 1946.*

Komponis	Titel van werk	Voordraer
P.R. Kirby	Afrikaanse en Engelse liederes	
A. van Wyk	Drie improvisasies op 'n Nederlandse volksliedjie	Adolph Hallis en Isador Epstein
Hedendaagse Engelse komponiste	Liederes	Lord Lurgan
	Ligte musiek	Fred Hartley

In 1946 is ook begin met die groot projek om al die Afrikaanse *Psalms en Gesange* vir transkripsie op te neem. Hierdie onderneming is eers in 1963 voltooi.

In 1948 is onder meer 'n reeks ligte musiekopnames gemaak deur Roy Martin (*Music for the moderns*).³⁾ Die groepe van Roy Martin en Dan Hill, asook 'n aantal Boere-orkesgroepe, het deur die jare gereeld bygedra tot die uitbouing van die transkripsiediskoteek se afdeling vir ligte musiek. In 1961 het Jos Cleber by die bogenoemde groepe aangesluit om met die SAUK-orkes transkripsie-opnames te maak van sy eie verwerkings van Afrikaanse wysies.

Transkripsie-opnames vir plaaslike gebruik is ook gereeld deur besoekende buitelandse kunstenaars gemaak, sodat van die beste uitvoerings hier te lande in permanente vorm behoue kon bly. Reeds in 1943 het die Engelse bariton, Lord Lurgan, opnames van Engelse liederes vir die SAUK gemaak.⁴⁾ In 1961 word gemeld dat byna alle uitvoerings deur besoekende buitelandse musici (soliste en kamermusiekgroepe) vir plaaslike transkripsiedoeleindes opgeneem is.⁵⁾

Die musiek van die Republiek se nie-blanke rassegroepe geniet ook voortdurend aandag in die uitbreiding van die transkripsiediskoteek.⁶⁾

Die SAUK se voltydse buitelandse transkripsiediens is in 1961 ingestel.⁷⁾ Die doel van hierdie diens is om die beste Suid-Afrikaanse transkripsie-opnames

3) *Jaarverslag van die SAUK 1948.*

4) *Ibid. 1943.*

5) *Ibid. 1961.*

6) Kyk hoofstuk tien.

7) *Jaarverslag van die SAUK 1961.*

onder oorsese radio-organisasies te versprei. Deur hierdie diens lewer die SAUK 'n besondere bydrae om Suid-Afrika en sy omstandighede aan die buitewêreld bekend te stel. Dit is 'n magtige publisiteitsmedium aangesien miljoene radioluisteraars op dié wyse bereik kan word. In 1961 is daar reeds musiekprogramme, hoorbeelde en praatjies deur middel van hierdie diens aan 80 buitelandse Engelstalige uitsaai-organisasies gestuur. Die eerste besending het bestaan uit twee programme van ligte Afrikaanse musiek en een simfoniekonsert.⁸⁾

In 1962 is hierdie publisiteitsdiens stewig gevestig en sy aktiwiteite is aansienlik uitgebrei, sodat daar in die loop van die jaar opnames aan 210 radiostasies in 145 lande gestuur kon word (taalmediums: Engels, Duits, Nederlands, Frans, Spaans, Portugees en Italiaans). Die potensiële luisteraarsgetal was op hierdie stadium reeds 208 595 000.⁹⁾

Die hoë gehalte langspeelplate wat die SAUK al op hierdie manier versprei het, is dwarsdeur die wêreld aangeprys. Briewe van talle uitsaai-organisasies getuig van die gunstige ontvangs van die programme. Die programme wat verskaf word, bestaan hoofsaaklik uit musiek wat verteenwoordigend is van alle bevolkingsgroepe van Suid-Afrika. Dit sluit in ernstige musiek van Suid-Afrikaanse komponiste, tradisionele en volksmusiek, ligte musiek en dansmusiek en veral Kersprogramme.

In 1963 is die bedrywighede van die transkripsiedepartement weer eens uitgebrei. Vanaf Januarie tot Desember 1963 het die aantal radiostasies wat van opnames voorsien is aangegroei van 210 tot 603 in 147 lande. Daar is veral groot welslae behaal in die Verenigde State van Amerika, Kanada en Suid-Amerika, waar altesaam 446 radio-organisasies betrek is. Gunstige kommentaar oor dié opnames is ontvang van Brasilië, die Bahamas, Radio Iran, Bahrein, die Australiese Uitsaai-kommissie en die *International broadcasting service*.¹⁰⁾ Die volgende tabel toon die meeste uitsaaistaties in die verskillende gebiede, met hulle potensiële trefwydte in terme van luisteraarsgetalle (1963):¹¹⁾

8) *Radio S.A.* (Personeelblad van die SAUK), Augustus 1963.

9) *Jaarverslag van die SAUK 1962*.

10) *Ibid.* 1963.

11) *Radio S.A.*, Augustus 1963.

Gebied	Aantal stasies	Potensiële aantal luisteraars volgens die <i>World radio handbook</i>
Noord-Amerika	238	194 260 000
Suid-Amerika	97	20 497 000
Sentraal-Amerika	41	3 826 000
Europa	58	90 057 000
Afrika	31	938 000
Stille Oseaangebied	16	2 985 000
Die Ooste	32	14 350 000
Totaal	513	326 913 000

Op 1 April 1964 is die SAUK se afdeling Buitelandse Dienste in die lewe geroep, waaronder die buitelandse transkripsiediens geplaas is en sedertdien aanvullend funksioneer by die SAUK se regstreekse kortgolffuitsendings na die buiteland.¹²⁾ Gedurende hierdie jaar het die SAUK transkripsieprogramme verskaf aan 582 uitsaaistasies in Wes-Europa, Noord- en Suid-Amerika, die Midde-Ooste, Australië, Nieu-Seeland, Thailand, Maleia, Sarawak, die Fillipyne en Japan. Hierbenewens het die *Broadcasting foundation of America* die SAUK se programme aan nog 50 stasies in die Verenigde State versprei, terwyl die Franse *Office de coopération radiophonique* die SAUK se transkripsie-opnames in programme gebruik het wat hy aan nog 20 stasies in Afrika lewer.¹³⁾

Op 'n internasionale simposium oor Kersprogramme wat in 1964 by die *Radio del Movimiento* in Madrid gehou is, is 'n medalje aan die SAUK se buitelandse transkripsiediens toegeken vir die Kersprogram *Christmas in the sun*, wat saamgestel is deur Bernard Leeman, organiseerder van hierdie diens.¹⁴⁾

Die meeste buitelandse uitsaai-organisasies volg dergelike transkripsieskemas om publisiteit aan hulle eie werksaamhede te verleen. Die SAUK se transkripsiediens vorm dus deel van 'n internasionale uitruilskema, waarby die beste plaatopnames deur die grootste radio-organisasies in die wêreld betrokke is. Op dié wyse

12) *Jaarverslag van die SAUK 1964.*

13) *Ibid.*

14) *Radio S.A.*, Augustus 1964.

bekom die SAUK van die wêreld se beste musiekopnames vir gebruik in sy eie programme. Uitsaaistasies wat transkripsie-opnames verskaf, stel gewoonlik 'n tydse beperking vas vir die uitsending van sy transkripsieplate.

Onder die waardevolle opnames wat die SAUK gereeld ontvang, is die programme waarin die wêreld se groot musiekfeeste weerspieël word, soos byvoorbeeld die Salzburgfees (Radio Salzburg), die Edinburghfees, die fees van Ghent en ander musiekfeeste in Engeland, Holland, België, Duitsland, Oostenryk, Italië en Finland. Spesiale konserte uit baie dele van die wêreld kon ook op hierdie manier in die musiekprogramme van die SAUK weerspieël word. In 1962 is byvoorbeeld waardevolle konsertprogramme van dié aard ontvang uit Japan, Portugal, Tsjeggo-Slowakye en Switserland.¹⁵⁾

Die volgende lys van enkele van die belangrikste transkripsie-opnames wat gedurende die jare 1943–1964 van buitelandse uitsaai-organisasies ontvang is, beklemtoon die waarde wat hierdie skema vir die SAUK inhou:

15) *Jaarverslag van die SAUK 1962.*

Jaar	Titel van werk/program	Komponis	Dirigent/orkes/koor	Produsent
1943	Stadige dele uit viool-concerto en en simfonie no. 1	A. van Wyk	Sir Henri Wood	BBC
	Ilala	G. Fagan	G. Fagan (BBC Noordelike orkes)	BBC
1952	Mozartfees (Salzburg)	Mozart		Radio Rot-Weiss-Rot
	Bayreuthfees	Wagner		Bayrischer Rundfunk
	Edinburghfees			BBC
1953	English cathedral music			BBC
	Mis in G mineur	Vaughan Williams		BBC
	Gloriana (kroningsopera)	B. Britten		BBC
	Savitri (opera)	Gustav Holst		BBC
1954	Sir Henry Wood memorial concerts			BBC
	The tale of two cities	Arthur Benjamin	Arthur Benjamin (Royal Philharmonic orchestra & BBC-koor)	BBC
	La forza del destino	G. Verdi	BBC-koor	BBC
1955	Hedendaagse Nederlandse musiek			Radio Nederland
	BBC concert hall (gedenkkonserte)			BBC
	Kort koorwerke			Nordwestdeutscher Rundfunk
				Oostenrykse Omroep
				BBC
				Canadian Broadcasting Corporation
	Dawid (opera)	Darius Milhaud		Nordwestdeutscher Rundfunk

Jaar	Titel van werk/program	Komponis	Dirigent/orkes/koor	Produsent
1956	The Crucifixion	Stainer		BBC
	La grande messe des mortes	Berlioz		BBC
	The Batman's bride	Heywood		BBC
1957	Gregoriaanse sang		Koor van die 'Monks of the Abbey of Saint Pierre de Solesmes'.	
	A child of our time (oratorium)	Michael Tippett		BBC
	Wat Tyler (opera)	Nancy Alan Busch		BBC
1958	Belgiese volksmusiek			Belgiese radio
	Troilus and Cressida	Walton		BBC
	Meesterwerke van die Italiaanse vokaalpolifonie			Switserland
1960	Hedendaagse musiek			Suid-Duitsland
	Joseph and his brethren	G.F. Handel		BBC
	Mattheüspassie	J.S. Bach		Berlynse radio
	Josua	G.F. Handel		BBC
	Noye's Fluddle (opera)	B. Britten		BBC
	Dido and Aneas	Purcell		BBC
	Cosi fan tutte	W.A. Mozart		BBC
1961	Wozzeck	Alban Berg		BBC
	Die plegtige eed	Alexander Tansman		BBC
	Billy Bud (opera)	B. Britten		BBC
	Lucia di Lammermoor	Donizetti	Joan Sutherland	Italië
	I. puritani	Bellini		Italië
	Nabucco	G. Verdi		Italië
	Mis in B mineur	J.S. Bach	Weense Filharmoniese orkes	Radio Salzburg

Jaar	Titel van werk/program	Komponis	Orkes/dirigent/koor	Produsent
1961	Simfonie vir Dante se goddelike komedie Requiem	Franz Liszt Berlioz	Filharmoniese orkes, Los Angeles	Voice of America BBC
1964	Twee radio-operas (Italiapryswenners): Le revelateur Il Dio di oro	Claude Prey Angelo Paccagnini		Italië

HOOFSTUK SES

DIE DISKOTEK EN DIE KLANKARGIEF

Die diskoteek

Die artikel, 'Ingelegde musiek'.¹⁾ beskryf die diskoteek as die musiekspens van die Uitsaaikorporasie. Die titel van die artikel kwalifiseer die funksie van dié afdeling verder, naamlik as die plek waar alle kategorieë van musiek gehuisves word, sodat dit op aanvraag beskikbaar kan wees.

Die SAUK beskik oor twee diskoteke in Johannesburg, naamlik die hoof-diskoteek en 'n afsonderlike diskoteek vir die handelsdiens, Springbokradio. Daar bestaan verder ook kleiner diskoteke in die ander sentra van die SAUK, naamlik Durban, Kaapstad, Grahamstad, Bloemfontein en Pretoria.

In 1964 het hierdie diskoteke gesamentlik 'n totaal van ongeveer 300 000 plate, met 'n gemiddeld van tien opnames per skyf, gehuisves,²⁾ teenoor die sowat 120 000 los plate en 2 000 albums van groot werke in 1949.³⁾ Hierdie plaatopnames is van wyd uiteenlopende aard en verteenwoordig alle groot kunstenaars en orkeste in die wêreld. Die meeste plaatopnames is ingevoer, hoewel die SAUK vir geruime tyd reeds self plate vervaardig.⁴⁾ Reeds in 1949, dit wil sê voordat die groot deurbraak op die gebied van die plateproduksie gemaak is, is meer as 1 200 transkripsieplate op die diskoteek se rakke geplaas. Die meeste hiervan was opnames van Afrikaanse musiek.

In die diskoteeklokaal is 'n spesiale kabinet ingerig wat slegs eksklusiewe opnames van besonder hoogstaande gehalte huisves. Dit sluit onder andere in die reeks plate, *Stravinsky conducts Stravinsky*, asook die eksklusiewe Donemusopnames wat nie kommersieël verkrygbaar is nie, maar net by wyse van subskripsie bekom kan word. Hierdie plate word nie vir alledaagse gebruik gehanteer nie.

1) SAUK, *Ons uitsaaiwese 1924-1949*, p. 15.

2) *Radio S.A.*, November 1964, p. 17.

3) SAUK, 'Ingelegde musiek', *Ons uitsaaiwese* . . . , p. 15.

4) Cf. hoofstuk vyf (Transkripsiediens).

'n Spesiale personeel van musiekkenners is verantwoordelik vir die hantering van die diskoteek se plate, asook vir die opstel van musiekprogramme. Hoewel dit waar is dat sommige plaatopnames nooit gehoor word nie, terwyl ander weer meer maal per dag gespeel word, bestaan daar tog 'n kontrolestelsel waarvolgens die programopstellers kan verhoed dat sommige plate te dikwels gespeel word. Hulle maak naamlik gebruik van 'n ingewikkelde kaartstelsel waarvolgens die plate geliasseer word. Op hierdie kaarte word die datum gestempel waarop die betrokke opnames gespeel word, asook die letters 'A' of 'E', wat respektiewelik aandui of dit oor die Afrikaanse of Engelse senders aangebied is.

Vir die versorging van programme vir uitsending, ontvang die programopstellers van die Engelse en Afrikaanse dienste vooraf 'n maandblad waarop alle besonderhede in verband met die programme vir die maand uiteengesit word. Hierdie maandblaai word halfjaarlik vooruit beplan en opgestel, hoewel onderworpe aan moontlike veranderinge. Die maandblaai word weer verdeel in dagblaai wat ook vooraf aan die opstellers besorg word. Op hierdie dagblaai word alle besonderhede met betrekking tot die programme noukeurig aangedui vir elke dag, sodat die opsteller presies weet waarvoor hy moet sorg. Hy moet dus besluit op geskikte musiek om die uitsaaityd wat aan hom toegesê word, te vul. (Dié tyd sluit nie versoekprogramme of spesiale programme, wat deur sekere omroepers behartig word, in nie.) Met behulp van die kaartindeks word plate uitgesoek, waarna die opsteller die items wat hy wil laat speel noukeurig kontroleer, deur in die aangrensende luisterateljee die presiese tydsduur van elke item met 'n stophorlosie vas te stel en die plaatoppervlakte te toets. Die betrokke plate word dan saam met die teks (saamgestel deur die opsteller, indien benodig) by elke item op die dagblad ingeskakel en na die omroeper in die uitsaai-ateljee gestuur, waar hulle aangekondig en afgespeel word. Plate word meestal direk deur die aankondiger gespeel, behalwe wanneer die betrokke omroeper nie teenwoordig kan wees nie. In so 'n geval word programme wel vooraf op band opgeneem.

Die programopstellers versorg ook alle tussenspele, dit wil sê oop tydruimtes tussen programme. Die tydsduur van sodanige items word ook presies vasgestel. Waar daar daaglik tyd vir noodberigte op die program ingeruim word, moet die

opsteller ook sorg vir alternatiewe musieknommers (snitte) indien geen noodberigte ontvang word nie. Dié snitte moet dieselfde tydsduur hê as wat vir die noodberigte toegelaat word en word dan vir die volle tydsduur op die draaitafel aangeskakel, sodat dit net ingedoof⁵⁾ kan word wanneer die noodberigte slegs 'n gedeelte van die toegesegde tyd in beslag sou neem. Sodoende sal die musiekitem nog om presies dieselfde tyd en op die regte plek eindig.

Dit word verder vereis dat daar altyd sogenoemde 'noodplate' in die uitsaai-ateljees beskikbaar is, wat gebruik kan word wanneer 'n tegniese fout van een of ander aard sou intree, of as 'n besondere program voor die vasgestelde tyd sou eindig.

Die klankargief

Tot 1964 is daar reeds jare lank moeite gedoen om klankopnames van besondere historiese belang te bewaar. Dit word vermeld dat daar in 1963 reeds 75 harde plate van dié aard bekom is.⁶⁾ Met die stigting van 'n selfstandige argiefafdeling, is daar vroeg in 1964 oorgegaan tot die sistematisering van hierdie werk, onder die leiding van M.M. van Lille.⁷⁾ Die opnames word hier sowel chronologies as alfabeties gekatalogiseer. In 'n afsonderlike kabinet word argiefopnames wat vir transkripsie deurgestuur is, alfabeties volgens die komponis en die titel gekatalogiseer.

Selfs waardevolle opnames wat dateer uit die jare voor die stigting van die SAUK verskyn tans hier op die rakke. Die opnames wat in dié argief bewaar word moet van argiefaliese waarde wees en daarom is daar 'n spesiale komitee aangewys, wat moet beslis oor die meriete van opnames wat vir argiefdoeleindes oorweeg word. Daar bestaan letterlik duisende ou onbruikbare plate wat nie kwalifiseer vir opname in die klankargief nie en waarmee daar probleme ontstaan ten opsigte van berging. Van die ou plaatskywe wat wel in die argief gehou word, word die meeste ook bloot net as argiefstukke aangehou, vanweë die feit dat hulle nie meer

5) Die term 'indoof' word in die uitsaaiwese gebruik om die teenoorgestelde van 'uitdoof' aan te dui. Wanneer 'n plaat- of bandopname ingedoof word, beteken dit dus dat die opname hoorbaar oor die eter gemaak word.

6) *Jaarverslag van die SAUK, 1963.*

7) *Ibid. 1964.*

geskik is vir uitsending nie, veral oor die FM-senders. As gevolg van die verskynsel dat harde plate gou onbruikbaar raak vir FM-transmissie, het die tendens ontstaan om eerder bandopnames te maak vir bewaring. Dit is gevind dat bande vir ongeveer tien jaar in bruikbare toestand bewaar kan bly, waarna die emulsie waarop die klank vasgelê is verhard en die opname dus onbruikbaar raak. Hierdie bande kan egter heropgeneem word wanneer dit wenslik geag word. Daarom word hulle jaarliks getoets om die gehalte van reproduksie vas te stel.

Behalwe die musiekopnames word veral opnames van toesprake, onderhoude, praatjies, historiese gebeure in klankbeeld en hoorbeelde bewaar. Waar moontlik word die tekste ook saam met die toonbande bewaar.

'n Volledige lys van musiekopnames wat in die klankargief bewaar word (volgens die katalogus van 1966), verskyn in Aanhangsel 2.

HOOFSTUK SEWE

DIE ORKESTE VAN DIE SAUK

1. Die volwasse orkeste

Die orkes as afdeling van die plaaslike radio-organisasies in Suid-Afrika, het in 1924 'n nederige begin beleef toe 'n orkes van twaalf lede deur die destydse *Associated scientific and technical club* in die lewe geroep is. Jeremy Schulman en Harold Ketelby was violiste in hierdie orkes, terwyl Theo Wendt die eerste musiek-direkteur en ateljeebestuurder was.¹⁾

Die *African Broadcasting Company*, wat in 1927 deur I.W. Schlesinger gestig is, het 'n kontrak met *African Consolidated Theatres Limited* aangegaan, ingevolge waarvan die teaterorkes beperkte diens aan die Johannesburgse omroep sou lewer teen 'n koste van ongeveer £6 000 per jaar. Met die stigting van die SAUK in 1936 is die kontrak egter nie hernu nie, aangesien die SAUK-beheerraad dié reëling onbevredigend gevind het. Die SAUK het dadelik daartoe oorgegaan om sy eie orkes te stig om orkesmusiek te verskaf vir die programme wat vanaf Johannesburg uitgesaai sou word. Dié orkes het bestaan uit 36 lede. Die Raad van die SAUK het egter besluit om die orkes tot 50 lede uit te brei sodra verdienstelike instrumentaliste beskikbaar is.²⁾

Onder die leiding van Jeremy Schulman en Theo Wendt is die peil van simfoniese uitvoering sodanig verhoog, dat die Johannesburgse stadsraad die orkes uitgenooi het om in 1939 'n reeks openbare simfoniekonserte in die stadshuis aan te bied. Vir dié geleentheid is die orkes vergroot met 'n addisionele vyftien lede. Die koste verbonde aan hierdie onderneming sou deur die Stadsraad gedra word. Op dié wyse is die Johannesburgse ateljee-orkes uitgebrei tot 'n simfonie-orkes

1) Carruthers, H., 'Radio Johannesburg on the air. . .', *The Rand Daily Mail*, 1st July, 1964.

2) *Jaarverslag van die SAUK 1936/37*, p. 29

van 50 lede en aangesien die Suid-Afrikaanse publiek op hierdie tydstip 'n steeds toenemende behoefte aan goeie orkesmusiek beleef het, het dié stap 'n nuwe tydperk in die geskiedenis van orkesmusiek in Suid-Afrika ingelui.³⁾

Die gereelder openbare optredes van die Korporasie se simfonie-orkes sedert 1939, het grootliks daartoe bygedra dat dié orkes een van die belangrikste musiekinstellings in Suid-Afrika geword het. Dit was veral die gesamentlike optredes van die SAUK-orkes en die orkeste van die *African Consolidated Theatres* en die Johannesburgse Simfonie-vereniging in die Colosseumteater, wat groot belangstelling gewek het. Die eerste van dié konserte is gedirigeer deur die besoekende Richard Tauber.⁴⁾

Na die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog het verskeie vooraanstaande orkeslede by die aktiewe strydmagte aangesluit en daar is besluit om in dié omstandighede geen openbare uitvoerings te lewer nie.⁵⁾ Openbare konserte in die Johannesburgse stadshuis is eers weer in 1943 hervat⁶⁾ en in 1946, 1947 en 1948 het die SAUK-orkes weer saam met die orkes van die Johannesburgse Simfonie-vereniging opgetree met besoekende dirigente op die podium, soos byvoorbeeld Dr. Malcolm Sargent in 1946.⁷⁾ Hierdie gesamentlike optredes is in 1949 weer weens praktiese probleme in Johannesburg beperk.

Met die stigting van die SAUK in 1936 is daar besluit om, naas die Johannesburgse orkes, ook kleiner ateljee-orkeste in Kaapstad en Durban in stand te hou. Die Kaapstadse ateljee-orkes het bestaan uit twaalf lede en aangesien die Korporasie ook gebruik kon maak van die Kaapstadse munisipale orkes, was dit prakties oorbodig om die stigting van 'n groter orkes hier te oorweeg. So 'n stap sou ook onvermydelik aanleiding gee tot mededinging met die stadsorkes.⁸⁾

In Durban is 'n reëling soortgelyk aan dié in Kaapstad getref aangesien

3) *Ibid.*, 1938, p. 9.

4) *Ibid.* 1939.

5) *Ibid.* 1940.

6) *Ibid.* 1943.

7) *Ibid.* 1946, 1947, 1948.

8) *Ibid.* 1936/37, p. 29.

Durban ook oor 'n munisipale orkes beskik het.⁹⁾ Die Durbanse ateljee-orkes was aanvanklik tien lede sterk, maar dit is in 1938 vergroot na 14 lede. Die aanstelling van 'n dirigent met aansienlike radio-ondervinding in die buiteland het uitvoerings van 'n hoë gehalte tot gevolg gehad.¹⁰⁾

Dit was 'n langgekoesterde ideaal om 'n simfonie-orkes met 'n sterkte van ongeveer 80 lede in Suid-Afrika tot stand te bring. Hierdie ideaal kon eers in 1954 verwesenlik word na 'n besluit van die Johannesburgse stadsraad om die Johannesburgse stadsorkes te ontbind en finansiële steun aan die SAUK toe te sê om sy orkes uit te bou tot die bogenoemde ideale grootte. Die kleiner orkeste van die ander uitsaaientra en die Johannesburgse stadsorkes het in die lig van dié nuwe omstandighede met die SAUK-orkes van Johannesburg saamgesmelt tot een groot simfonie-orkes. Op volle sterkte sou die nuwe orkes die volgende samestelling hê:¹¹⁾

3	fluite (piccolo)
3	hobo's
4	klarinette (basklarinet en E-mol-klarinet)
3	fagotte (kontrafagot)
6	horings
4	trompette
3	trombones
1	tuba
	timpani
	slagwerk
	harp
14	eerste viole
12	tweede viole
10	altviole
8	tjello's
6	kontrabasse

Die groot orkes sou vir praktiese doeleindes van tyd tot tyd verdeel word in 'n konsertorkes van 50 lede en 'n ateljee-orkes van 30 lede. Behalwe die praktiese voordele wat so 'n verdeling van die orkes sou inhou, sou dit veral ook bydra tot die bevordering van verskeidenheid in die benadering tot die musiek.¹²⁾

9) *Loc. cit.*

10) *Jaarverslag van die SAUK 1938*, p. 9.

11) Sowden, Dora, 'A new look SABC orchestra', *Sunday Times* (magazine section), 2nd February, 1964.

12) *Jaarverslag van die SAUK 1954*.

Die volle orkes se ledetal van 80 is saamgestel uit 'n kern van Suid-Afrikaanse instrumentaliste en aangevul deur musici uit dertien verskillende lande. Sommige van dié musici was verbonde aan beroemde Europese orkeste en gedurende die eerste tien jaar van sy bestaan, kon die SAUK-orkes nie minder nie as veertien instrumentaliste onder sy lede tel, wat reeds naam gemaak het as concertosoliste.¹³⁾

Bram Verhoef is aangestel as die leier van die orkes.¹⁴⁾ Hy is in Holland gebore waar hy aan die Koninklike Konservatorium in Amsterdam gestudeer het. Hy het uitvoerings saam met verskeie bekende oorsese orkeste gelewer en was vir twee jaar lid van die Hollandse Radio-oktet. In 1932 het hy na Suid-Afrika gekom en in 1936 die betrekking aanvaar as leier van die SAUK-orkes. Sedertdien het hy gereeld concerto- en solo-uitvoerings in Suid-Afrika gegee.

Die onderleier, Pierre de Groote, is in 1961 in dié hoedanigheid opgevolg deur Annie Kossmann, 'n voormalige leidster van die Hilversumse radio-orkes. 'n Ander eerste violis, Alfred Schenker, was voorheen leier van die beroemde Suisse Romande-orkes in Genève. Aubrey Rainier, hoofdjellis, was 'n leerling van die vermaarde meester, Suggia.

Die orkesbestuurder was Harry Gardner (fluitis), wat ook die langste diens aan die SAUK-orkes gelewer het. As gevolg van die orkes se steeds uitbreidende aktiwiteite het dit later nodig geword om 'n assistentbestuurderspos te skep, waarin Arthur Houghton (tuba) aangestel is.

Die opvallendste kenmerk van die orkes, naamlik sy kosmopolitiese karakter, word verder geïllustreer deur die hoofblasers: Lucien Grujon, eerste fluitis (Frans); Gerrit Bon, eerste hoboïs (Suid-Afrikaans); Mario Trinchero, eerste klarnetis (Italiaans); Jos de Groen, eerste fagot (Nederlands); Meir Weisser, horing (Israel); Claude Hepburn, trompet (Suid-Afrikaans); Rudolph Eschner, Trombone (Oostenryks). Met so 'n mengsel van nasionaliteite in die orkes mag dit voorkom

13) SAUK, *Die SAUK simfonie-orkes*, 1964.

14) Sowden, D., *op. cit.*

asof taalprobleme die werkstoestande sou bemoeilik. Dit is egter nie die geval nie.¹⁵⁾ Die voertaal by repetisies is hoofsaaklik Engels. Afrikaans word gebruik wanneer dit verstaan word en ander tale wanneer dit verlang word.¹⁶⁾

Die kosmopolitiese samestelling van die orkes is juis dié eienskap wat dikwels in die verlede deur besoekende dirigente gewaardeer is.¹⁷⁾ Die volgende berig wat verskyn het na aanleiding van opmerkings deur die beroemde Britse dirigent, John Pritchard, getuig hiervan:¹⁸⁾ 'Hy [Pritchard] het die SAUK-orkes baie interessant gevind omdat dit in baie opsigte ooreenkom met die Amerikaanse tipe. Dit wil sê dat die samestelling kosmopolities is; 'n orkes wat bestaan uit allerlei nasionaliteite . . . Pritchard meen dat so 'n orkes van die beste ter wêreld is, indien dit 'n sterk, bekwame leier het.' Volgens kenners dra die verskeidenheid in temperament onder die orkeslede by tot die sensitiewe, dog lewendige karakter van die orkes.

Die dirigente van die SAUK-orkes

Hoewel Theophil Wendt (1874–1951) se dienstrydperk as dirigent van die SAUK-orkes die 'nuwe' samestelling van die orkes voorafgegaan het, was hy ten nouste verbonde aan die ontwikkeling van die orkeswese in Suid-Afrika en hy word allerweë beskou as die vader van die Suid-Afrikaanse orkeste. Met sy aanstelling as die eerste dirigent van die pas gestigte Kaapstadse stadsorkes in 1914, was dit sy taak om aan Suid-Afrika die eerste voorsmaak van simfoniese musiek te gee. In 1924 word hy aangestel as musiekdirekteur van die Johannesburgse uitsaai-ateljee. Hy beklee die posisie van senior dirigent van die Johannesburgse uitsaai-orkes tot aan sy dood in 1951.

Die 'nuwe' orkes het by sy stigting in 1954 beskik oor die dienste van drie permanente dirigente, naamlik Jeremy Schulman, Edgar Cree en Anton Hartman.

15) SAUK, *Die SAUK-simfonie-orkes*, 1964.

16) Sowden, D., *op. cit.*

17) *Loc. cit.*

18) Anon., 'Kuns en vermaak', *Die Vaderland*, 17 April 1967, p. 2.

Jeremy Schulman was ook ten nouste verbonde aan die groei en ontwikkeling van die orkeswese in Suid-Afrika en van dié van die SAUK sedert sy ontstaan. Hy het as jong man na Suid-Afrika gekom, waar hy in 1924 by die orkes van die Johannesburgse omroep ingeskakel het. In 1933 het hy Theo Wendt opgevolg as musiekdirekteur van die *African broadcasting company* en hy lewer diens aan die SAUK vanaf sy stigting in 1936. Na die dood van Theo Wendt beklee hy die senior posisie as dirigent, totdat hy in 1961 aftree as permanente dirigent.¹⁹⁾

Edgar Cree het na die Tweede Wêreldoorlog uit Brittanje gekom en hom op aanbeveling van Victor Hely-Hutchinson, musiekdirekteur van die BBC, by die SAUK-orkes as dirigent aangesluit. Hy was 'n leerling van onder andere Ralph Vaughan Williams en Constant Lambert.²⁰⁾

Anton Hartman het in 1939 in diens van die SAUK getree as senior programopsteller. In 1947 het hy onder Albert Coates in die dirigeerkuns begin studeer en hy is in 1949 oorsee, waar hy onder Igor Markewitsj, Clemens Krauss en Prohaska gestudeer het. By sy terugkoms in 1952 is hy aangestel as assistentdirigent van die SAUK-orkes in Johannesburg. Anton Hartman word beskou as 'n outoriteit op die gebied van die Suid-Afrikaanse musiek en 'n sterk dryfveer in die propagering en uitbouing van die Afrikaanse musiekliteratuur.

In Mei 1961 is Johan van der Merwe as assistentdirigent en koormeester aangestel. Hy het dié pos beklee vir 18 maande, waarna hy weer oorsee vertrek het vir verdere studie.²¹⁾

Met die stigting van die nuwe orkes in 1954 het die SAUK dit as beleid aanvaar om gereeld Suid-Afrikaanse en veral ook buitelandse gasdirigente uit te nooi om tydens die twee simfonieseisoene of gedurende die loop van die jaar, saam met die orkes op te tree.²²⁾ Dit sou meebring dat die SAUK-orkes die terrein van internasionale musiekaktiwiteite betree. Die uitvoering van dié beleidsaspek sou sowel die orkeslede as die luisteraars in die geleentheid stel om hoogs

19) *Jaarverslag van die SAUK 1961.*

20) SAUK, *Die SAUK-simfonie-orkes*, 1964.

21) *Jaarverslag 1961.*

22) *Ibid. 1954.*

individuele vertolkings van die groot werke uit die orkesliteratuur mee te maak. So, byvoorbeeld, is Sir Malcolm Sargent bekend vir sy besondere vertolking van Elgar se *Enigma-variasies*, Rowicki vir sy vertolking van Sjostakowitsj se vyfde simfonie, Vladimir Golschmann vir die *Simfonie in D mineur* van César Franck, Kurt Wöss vir Brahms se derde simfonie en Constantin Silvestri vir Tsjaikofski se *Manfred-simfonie*. Jascha Horenstein word beskou as 'n outoriteit op die gebied van Gustav Mahler se musiek. Strawinski se vertolking van sy eie musiek gedurende sy besoek aan Suid-Afrika in 1962, was ook van besondere belang.²³⁾

In aansluiting by voorgaande, is outoriteite dit eens dat die gereelde optrede van 'n orkes onder die leiding van verskillende dirigente met verskillende vertolkings en tegnieke, die buigsaamheid en aanpassingsvermoë van so 'n orkes baie bevorder. Johan Pritchard stel dit soos volg: 'Deur die dienste van verskeie internasionaal erkende dirigente te verkry, sorg die SAUK daarvoor dat die orkes die nodige ondervinding opdoen. Dit is baie goed vir 'n orkes om onder die stok van verskillende dirigente op te tree, daar dit hulle soepel maak.'²⁴⁾

Die volgende lys toon die meerderheid gasdirigente wat die SAUK-orkeste sedert 1937, vir sover dit vasgestel kon word, besoek het:

Suid-Afrikaanse dirigente	Jaar	Seisoen
Bell, W.H.	1942	
Bonegio, Gilberto ²⁵⁾	1949	
Coates, Albert ²⁶⁾	1946, 1947, 1949, 1952	
Connel, John	1939	
Dunn, Edward ²⁷⁾	1949, 1951, 1952, 1953	
	1954	Eerste seisoen
	1955	Tweede seisoen
Fagan, Gideon	1961	Tweede seisoen
	1962	Tweede seisoen
	1963	Eerste seisoen
	1964	Tweede seisoen
	1965	Eerste seisoen
	1966	Eerste seisoen

23) SAUK, *Die SAUK-simfonie-orkes*, 1964.

24) Anon., 'Kuns en vermaak', *Die Vaderland*, 17 April 1967.

25) Bonegio was op 'n stadium assistentdirigent van die SAUK-orkes.

26) Albert Coates kom oorspronklik van Brittanje, maar het hom in Suid-Afrika kom vestig.

27) Oorspronklik van Brittanje, was Edward Dunn in Suid-Afrika verbonde aan die stadsorkeste van Kaapstad en Durban.

Suid-Afrikaanse dirigente	Jaar	Seisoen
Herz, Herman	1939	
Jorda, Enrique ²⁸⁾	1949, 1952, 1953	
Manning, Charles	1939	
Miller, Dodds	1949, 1950, 1951	
	1952	
Miller, Geoffrey	1949, 1950	
Pearce, Leonard	1949, 1950, 1951,	
	1952	
Pickerill, William	1937, 1954	
Quale, Leo	1939, 1961, 1962	
	1959	Eerste seisoen
	1966	Eerste seisoen
Schulman, Jeremy	1966	Eerste seisoen
Schuurman, Frits	1954	Tweede seisoen
	1961	Tweede seisoen
	1963	Tweede seisoen
	1966	Eerste seisoen
Tidboald, David ²⁹⁾	1962	Tweede seisoen
	1965	Tweede seisoen
	1966	Eerste seisoen
	1966	Tweede seisoen
Buitelandse dirigente	Jaar	Seisoen
Austin, Richard	1948	
Beecham, Sir Thomas	1948	
Braithewaite, Warwick	1947	
Brenn, Frederick	1963	Ateljee-uitsending
Boulez, Pierre	1965	Eerste seisoen
Cameron, Basil	1954	Tweede seisoen
Cleber, Jos (Ligte musiek)	1962	
Coleridge-Taylor, Avril	1952	
Colombe, Pierre	1954	Eerste seisoen
Cosma, Edgar	1963	Ateljee-uitsending
Craft, Robert	1962	
Defauw, Desiré	1947	
Del Mar, Norman	1959	Eerste seisoen
Derewitzki, Graaf Sacha ³⁰⁾	1946	
Dorati, Antal	1964	Eerste seisoen
	1966	Tweede seisoen
Fiedler, Arthur (van die Bostonse <i>Pops</i> -orkes)	1964	
Fistoulare, Anatole	1956	Eerste seisoen
Fleischmann, Ernst	1945	Uitsending uit Kaapstad
Friedland, Josef	1961	
Gallieri, Alceo	1954	Eerste seisoen
Gamba, Pierino	1956	Eerste seisoen
	1958	Eerste seisoen
	1963	Eerste seisoen

28) Jorda was dirigent van die Kaapstadse stadsorkes vanaf 1948 tot 1954, waarna hy hom in Amerika gaan vestig het.

29) David Tidboald was dirigent van die Kaapstadse stadsorkes vir die tydperk 1960–1965.

30) Dirigeer sy eie simfonie hier in Suid-Afrika.

Buitelandse dirigente	Jaar	Seisoen
Golschman, Vladimir	1957	Tweede seisoen
Goossens, Eugene	1952	
Grande, Angel (Spaans)	1937	
Gras, Leonce	1966	Eerste seisoen
Handford, Maurice	1963	Ateljee-uitsending
	1967	Eerste seisoen
Heinze, Sir Bernard (Melbourne)	1955	Eerste seisoen
Horenstein, Jascha	1962	Eerste seisoen
Jorda, Enrique	1958	Tweede seisoen
Krug, Gerald (Australië)	1963	Ateljee-uitsending
Manino, Franco	1965	Tweede seisoen
Mommer, Hans	1963	Ateljee-uitsending
Patone, Franco	1962	
Pritchard, John	1967	Eerste seisoen
Remoortel, Edouard van	1957	Eerste seisoen
Rosbaud, Hans	1952	
Rowicki, Witold	1960	Eerste seisoen
Sargent, Sir Malcolm	1946, 1948,	
	1956	Tweede seisoen
	1964	Tweede seisoen
Schmidt-Isserstedt, Hans	1954	Tweede seisoen
Silvestri, Constantin	1961	Eerste seisoen
Sternefeld, Daniel	1964	Tweede seisoen
Strawinski, Igor	1962	
Susskind, Walter	1953	Vanuit Kaapstad
Tauber, Richard	1939	
Thomas, Bryden	1963	Eerste seisoen
Tyrer, Anderson	1939	
Van Otterloo, Willem	1955	Tweede seisoen
Wallberg, Heinz	1963	Tweede seisoen
Warrack, Guy	1956	
Wöss, Kurt	1959	
	1960	Tweede seisoen
	1963	Eerste seisoen
Wright, Denis	1956	

Die aktiwiteite van die volwasse orkeste van die SAUK

Gedurende die eerste jare van die SAUK se bestaan was die hoof funksie van die orkeste wat die verskillende stasies moes bedien, die verskaffing van orkesmusiek vir programme. Etensuurkonserte is byvoorbeeld smiddae en saans uitgesaai en gereelde weeklikse of tweeweklikse simfoniekonserte is uit die verskillende sentra aangebied. In 1938 is egter besluit om die aktiwiteite van die Johannesburgse orkes na buite Uitsaaihuis uit te brei.³¹⁾

31) *Jaarverslag van die SAUK 1938*, p. 9.

Met die uitsondering van die tydperk 1940 tot 1942, waartydens alle openbare orkesoptredes gestaak is weens die heersende oorlogsomstandighede, kan die aktiwiteite van die SAUK-orkes soos volg saamgevat word:³²⁾

— **Simfoniekonserte**

Simfoniekonserte is gereeld op 'n tweeweeklikse of soms (byvoorbeeld gedurende 1942) op 'n weeklikse basis aangebied. Hierdie simfoniekonserte is vanuit die ateljees aangebied, met of sonder gehoor, asook by wyse van heruitsendings van openbare konserte. As gevolg van die instelling van die uniale diens in 1951³³⁾ kon die beste orkesuitvoerings in die land die musiekpúblik dwarsdeur die land bereik, waar die vroeëre streeksuitsendings deur die kleiner orkeste, slegs die públik in 'n besondere streek kon bereik. Die eerste uniale simfoniekonsert is op 4 Januarie 1951 vanuit Kaapstad uitgesaai. Gedurende 1946, 1947 en 1948 is orkesuitvoerings gekenmerk deur die gesamentlike optredes van die SAUK-orkes en die Johannesburgse stadsorkes. Behalwe vir enkele uitsonderings is hierdie gebruik egter in 1949 laat vaar.

Benewens die gereelde simfoniekonserte en ander gereelde orkeskonserte, soos byvoorbeeld die maandelikse reeks Sondagkonserte (1939), is daar ook van tyd tot tyd 'n groot aantal spesiale konserte gehou waarvan die volgende as voorbeelde kan dien:

- 1941 — 'n Spesiale reeks konserte onder leiding van W.J. Pickerill.
- 1949 — November tot Desember — 'n Reeks van ses konserte onder leiding van Albert Coates.
- 1953 — 'n Reeks konserte van hedendaagse musiek vanuit Bloemfontein, onder beskerming van die Internasionale Vereniging vir Hedendaagse Musiek (I.V.H.M./I.A.C.M.).
- 1959 — Twee spesiale simfoniekonserte gedirigeer deur Kurt Wöss.
- 1961 — Die eerste orkeskonsert voor 'n Kleurlinggehoor.
- 1962 — 'n Konsert voor 'n Bantoegehoor in Kwa Thema, onder leiding van

32) By hierdie opsomming word nie die roetine-uitvoerings deur die ateljee-orkeste betrek nie.

33) Kyk Hoofstuk nege (B) : Integrasie van programme.

Igor Strawinski en Robert Craft.

'n Konsert in die Johannesburgse Stadsaal, onder leiding van Jascha Horenstein.

1963 — 'n Aantal konserte voor Indiër-, Kleurling- en Bantoegehoore.

Die SAUK simfonie-orkes se simfoniekonserte het 'n baie belangrike faktor in die Suid-Afrikaanse kultuurlewe geword en vanaf die stigting van die nuwe orkes in 1954, is hierdie simfoniekonserte aangebied in twee seisoene per jaar, wat elk ongeveer agt tot twaalf weke sou duur. Die eerste simfonieseisoen vind gewoonlik plaas ongeveer vanaf Maart tot Junie en die tweede ongeveer vanaf Augustus tot November.

Die aanbidding van hierdie konsertreeks geskied in ooreenstemming met 'n ooreenkoms tussen die Johannesburgse stadsraad en die SAUK, in gevolge waarvan die nuutgestigte orkes 72 openbare konserte per jaar in Johannesburg sou lewer. Dit sluit 'n reeks skool- en Sondagaandkonserte in.³⁴⁾ Volgens die ooreenkoms moes die simfonie- en Sondagaandkonserte in die Johannesburgse stadsaal³⁵⁾ gehou word. 'n Soortgelyke ooreenkoms is met die Pretoriase stadsraad aangegaan vir die aanbidding van vyf simfoniekonserte per seisoen.³⁶⁾

Die simfoniekonserte word gewoonlik op Dinsdagaande oor die Afrikaanse of Engelse senders of oor albei uitgesaai. Die tyd van uitsending, naamlik 8.15 namiddag, is die beste uitsaaityd ten opsigte van luisteraarsgetalle, sodat die maksimum aantal luisteraars bereik word.³⁷⁾

Die volgende tabel toon die aantal konserte wat gedurende elke simfonieseisoen aangebied is vanaf 1954 tot die tweede seisoen van 1966:³⁸⁾

Jaar	Eerste seisoen	Tweede seisoen
1954	13	9
1955	12	14
1956	15	8
1957	13	8
1958	10	11

34) Direkteur-generaal van die SAUK, 'Voorwoord', *Program van die openingskonsert*, 16 Maart 1954.

35) Die Johannesburgse stadsaal is van laat-Viktoriaanse ontwerp en bied sitplek aan 1612 mense. Hoewel dit vanweë oorresonante akoestiek nie as 'n ideale orkesouditorium beskou word nie, is dit egter uitstekend geskik vir radio-uitsending en reflekteer dit die entoesiasme van die gehoor getrou. (*Die SAUK simfonie-orkes*, 1964).

36) *Jaarverslag van die SAUK 1954*.

37) SAUK, *Die SAUK simfonie-orkes*, 1964.

38) Volgens die gepubliseerde brosjures vir die simfonieseisoene.

Jaar	Eerste seisoen	Tweede seisoen
1959	12	7
1960	7	9
1962	11	8
1963	11	8
1964	11	9
1965	10	10
1966	10	11

— **Musiekfeeste**

Die SAUK-simfonie-orkes is vir die eerste keer in 1939 deur die Johannesburgse stadsraad genooi om deel te neem aan die jaarlikse Johannesburgse musiekfees onder leiding van John Connel.

In 1949 het die orkes ook 'n groot aandeel gehad aan die fees van Suid-Afrikaanse musiek en hy het ook opgetree tydens die Jakarandafees in Pretoria in 1961.

— **Konserte ter viering van spesiale geleenthede**

1945 — Die jubileumkonsert ter herdenking aan die 21ste bestaansjaar van die uitsaaiwese in Suid-Afrika.

1946 — 'n Orkeskonsert ter viering van die Johannesburgse diamantjubileum.

1956 — 'n Orkeskonsert ter viering van die 75ste bestaansjaar van Johannesburg tydens die Johannesburgse fees in September-Oktober.

1957 — Twee konserte onder leiding van Jeremy Schulman op 1 Augustus, ter viering van die SAUK se mondigwording, plus 'n verjaarsdagkonsert vir die jeug in die Johannesburgse stadsaal onder leiding van Edgar Cree.

1958 — 'n Orkeskonsert by die ingebruikneming van die Aula in Pretoria op 23 September.

1961 — 'n Konsert by die opening van die Toonkunsakademie van die Universiteit van Pretoria.

1962 — Deelname aan die uitvoerings en programme wat beplan is vir die ingebruikneming van die Stadskouburg in Johannesburg. Vir hierdie geleentheid is drie operas gedurende Augustus–September,

'n ballet in November en 'n ligte musiekfees in Desember aangebied — laasgenoemde onder leiding van Jos Cleber.

1963 — 'n Orkesuitvoering tydens die vierings van die tiende verjaarsdag van die Afrikaanse Taal en Kultuur Bond (A.T.K.B.).

'n Orkeskonsert by die ingebruikneming van die nuwe stadsaal in Klerksdorp.

— Opera en ballet

Hoewel die SAUK-orkes gedurende die veertigerjare reeds gereeld bydraes gelewer het tot die suksesvolle aanbieding van opera — op dié stadium beperk tot ateljee-uitvoerings³⁹⁾ — is die ateljee-orkes sedert 1954, ingevolge die ooreenkoms met die Johannesburgse stadsraad, beskikbaar gestel vir die gereelde jaarlikse kort operaseisoene deur die *Suid-Afrikaanse Federasie vir Opera* (SAFO)⁴⁰⁾ (byvoorbeeld in die Repsteater, die Empire-teater en na 1962 in die Stadskouburg). In Pretoria is opera-uitvoerings in die Aula aangebied.

Op dié wyse het die SAUK probeer voorsien in die leemte wat bestaan het ten opsigte van 'n permanente opera-organisasie in Suid-Afrika. Selfs na die totstandkoming van die Transvaalse Raad vir Uitvoerende Kunste (TRUK) moes die SAUK-orkes nog tot 1964 bystand verleen gedurende die opera- en balletseisoene, aangesien TRUK nog nie oor 'n eie orkes beskik het nie. Vir dié doel is 50 lede van die SAUK-orkes beskikbaar gestel. Dit het meegebring dat die pligte van die SAUK-orkes toenemend swaarder geword het. Die Transvaalse Raad vir Uitvoerende Kunste sou egter aan die begin van 1965 oor sy eie orkes beskik wat dan die opera- en balletuitvoerings voltyds sou behartig. Die TRUK-orkes sou ook voortaan die plattelandse toere oorneem, sodat die SAUK-orkes van sommige van sy pligte onthef kon word.

39) *Jaarverslag van die SAUK 1945; Ibid. 1946.*

40) *Ibid. 1958.*

John Pritchard het egter die mening uitgespreek dat dit jammer sou wees as die SAUK-orkes minder operabegeleiding doen as gevolg van die ontstaan van die TRUK-orkes, aangesien dié soort werk uitstekende ondervinding aan 'n orkes bied om elastisiteit aan te kweek en te behou.⁴¹⁾

— Etensuur-, skool- en gereelde Sondagaandkonserte

Die ooreenkoms tussen die SAUK en die Johannesburgse Stadsraad (1954) vir die aanbieding van 'n minimum van 72 openbare konserte per jaar, maak voorsiening vir reekse skoolkonserte by Afrikaanse en Engelse skole in Johannesburg. Die aanbieding van skoolkonserte is later uitgebrei na skole in die omliggende Randse dorpe. By hierdie konserte is die orkessamestelling en die orkesinstrumente op 'n vermaaklike, eenvoudige manier gedemonstreer en gevolg deur 'n kort populêre konsert, waarby ook operamusiek met soliste betrek is.⁴²⁾

Die verdere openbare verpligtinge van die orkes het sowel gratis Sondagaandkonserte as etensuurkonserte op Donderdagmiddae om 1.10 namiddag, ingesluit. Dié konserte is ook in die Johannesburgse stadshuis aangebied. Die etensuurprogramme deur die volle orkes plus soliste, sou min of meer 40 minute duur en word hoofsaaklik aangebied vir die kantoorwerkers en inkopers in die stad.⁴³⁾ Die bywoning van hierdie konserte was reeds in 1954 baie bemoedigend.⁴⁴⁾

Die volgende opgawe toon die steeds uitbreidende pogings van die SAUK om belangstelling in goeie musiek, veral by die jeug, aan te wakker:

Jaar	Etensuurkonserte	Skoolkonserte	Sondagaandkonserte
1955	25 (stadsaal, Johannesburg)	16 in Johannesburg	11 gedurende June en Julie
1956	26	17 by skole aan die Rand	6
1958	34	17 by skole aan die Rand 4 massaskoolkonserte 8 jeugkonserte	

41) Anon., 'Kuns en vermaak', *Die Vaderland*, 17 April 1967, p. 2.

42) SAUK, *Die SAUK simfonie-orkes*, 1964.

43) *Ibid.*

44) *Jaarverslag van die SAUK 1954.*

Jaar	Etensuurkonserte	Skoolkonserte	Sondagaandkonserte
1959/ 1960	Skool-, jeug- en etensuurkonserte is voortgesit op die gevestigde skaal. ⁴⁵⁾		
1963	20	23 in Johannesburg 24 in Pretoria	
1964	30	36 in Johannesburg	

Orkestoere

In samewerking met die betrokke Provinsiale Rade, is die orkesaktiwiteite in 1960 uitgebrei na die platteland van die Transvaal en die Vrystaat. Ongeveer 90 000 skoolkinders en volwassenes is by dié plattelandse orkestoere betrek.⁴⁶⁾ In 1961 is die orkes in drie verdeel met die oog op drie afsonderlike toere na die platteland. Vyftig hoërskole kon op dié wyse besoek word.⁴⁷⁾ Die volgende tabel som die verdere verloop van die plattelandse toerprogram op:

Jaar	Skoolkonserte	Openbare konserte
1962	70	
1963	63	26
	Twee groepe: Een onder leiding van Anton Hartman na Oos-Transvaal en die ander onder leiding van Edgar Cree na Wes-Transvaal. ⁴⁸⁾	
1964	45	25
	Een groep na Wes-Transvaal, 'n tweede na Noord-Transvaal, terwyl 'n derde groep in Johannesburg agtergebly het vir plaaslike optredes. ⁴⁹⁾	

Hierdie plattelandse toere is deur sowel die gehore as die orkeslede baie geniet. Hoewel die orkeslede die toere baie uitputtend gevind het, is hulle tog daardeur in die geleentheid gestel om die land te besigtig en die gasvryheid van die plattelandse mense te ondervind.

Afgesien van die bogenoemde gereelde opvoedkundige toere het die SAUK-orkes in 1948 ook besoek gebring aan Lourenzo Marques en in

45) Vir hierdie jare dui die SAUK-jaarverslae geen besondere syfers aan nie.

46) *Jaarverslag van die SAUK 1960.*

47) *Ibid.* 1961

48) *Radio S.A.*, (Personeelblad van die SAUK), September 1963 en *Jaarverslag van die SAUK 1963.*

49) *Radio S.A.*, Junie 1964.

November 1963 aan Natal. Tydens die besoek aan Natal is vier konserte in die stadsale van Durban en Pietermaritzburg gehou, waaronder twee simfoniekonserte onder leiding van Anton Hartman en twee ligte musiek-konserte onder leiding van Jos Cleber.

— Transkripsie-opnames

Transkripsie-opnames vir sowel die SAUK-transkripsiediskoteek as vir buitelandse verspreiding, is een van die orkes se belangrikste aktiwiteite. Baie orkesure word hieraan bestee om hoë gehalte opnames te verseker. Dit is hoofsaaklik Suid-Afrikaanse musiek wat vir hierdie opnames in aanmerking kom.⁵⁰⁾

Die rol van die SAUK-simfonie-orkes in die Suid-Afrikaanse musieklewe

Aangesien die omvangryke klassieke orkesmusiekliteratuur, asook die groot skat van opera en oratorium, gedurende die dertigerjare eintlik nog vir die Suid-Afrikaanse publiek ontoeganklik en dus onbekend was, was dit die taak van die SAUK-orkes om die publiek op te voed in die waardering van goeie orkesmusiek, opera en oratorium. Om die uitvoering van dié taak te bevorder, het die SAUK dit reeds in 1937 as beleid gestel om voortdurend 'n hoër peil van simfoniese uitvoering na te streef; nie slegs deur middel van radio-uitsending nie, maar ook by openbare konserte.⁵¹⁾ Die praktiese uitlewing van dié beleid word onder meer geïllustreer deur die volgehoue uitbreiding van die orkes en sy aktiwiteite namate die nodige middele en instrumentaliste beskikbaar geraak het en in 1954 gekulmineer het in die daarstelling van 'n volwaardige simfonie-orkes van 80 lede. Dié orkes is vir die eerste keer gehoor in 'n uitsending op 2 Februarie 1954 en die verklaring deur die direkteur-generaal van die SAUK ten opsigte van die stigting van hierdie orkes dui daarop dat die SAUK sy visier steeds hoër gaan stel op die gebied van die simfoniese musiek. Dié verklaring lui soos volg: 'Ons vertrou dat die openingskonsert van ons eerste simfonieseisoen die môreskemering sal wees van 'n nuwe dinamiese tydvak in die musieklewe van ons land.'⁵²⁾

50) Kyk Hoofstuk vyf, p. 62 *et seq.*

51) *Jaarverslag van die SAUK 1936/37.*

52) 'Voorwoord', *Program van die openingskonsert*, 16 Maart 1954.

Na slegs enkele jare het dit geblyk dat die nuwe SAUK-simfonie-orkes die spil geword het waarom die Suid-Afrikaanse musiekbedryghede, veral in die Transvaal, draai. Dit kan deels beskou word as die resultaat van die lang en moei-same opvoedingstaak wat die SAUK-orkes sedert die laat-dertigerjare op sy skouers geneem het. Die suksesvolle uitvoering van dié taak word verder weerspieël deur die opvallende toename in die aanvraag na sitplekke vir konserte gedurende die twee simfonieseisoene van 1963.⁵³⁾ Die bywoningsyfers vir die eerste en tweede seisoene van 1961 was reeds onderskeidelik 98% en 96% van die saal se kapasiteit.⁵⁴⁾ In 1964 het die getal intekenaars op seisoenkaartjies alleen op 1 221 te staan gekom, wat meer as 66% van die beskikbare ruimte beslaan het. In 1964 is ook vir die eerste keer alle kaartjies vir alle konserte uitverkoop, insluitende die addisionele konsert, waartydens Sir Malcolm Sargent as dirigent opgetree het.⁵⁵⁾ Die bywoning van die konserte in Pretoria het egter gedurende die vroeë sestigerjare nog nie aan die verwagtings voldoen nie.⁵⁶⁾

Benewens die geleenthede wat die SAUK-orkes aan die publiek bied om kennis te maak met die wêreld se beroemdste dirigente, vervul dit dieselfde rol ten opsigte van die wêreld se grootste concertosoliste.⁵⁷⁾ Die orkes het Suid-Afrikaanse soliste ook – veral na 1954 – gestimuleer om 'n hoë peil van professionele uitvoering te handhaaf⁵⁸⁾ en vir Suid-Afrikaanse komponiste het die orkes 'n belangrike stukrag geword tot die lewering van 'n hoër standaard orkeswerke.

Wat die toekoms betref sê John Pritchard dat indien die SAUK-orkeslede, wat baie bekwaam en aangenaam is om mee te werk, hegter saamgesmee kan word deur 'n groter mate van sosiale integrasie, hulle nog beter sal kan saamwerk. Hy sê dat 'n Europese toer – 'n duur onderneming – miskien die beste ondervinding vir die orkes kan wees. So 'n onderneming sou terselfdertyd veel meer publisiteit

53) *Jaarverslag van die SAUK 1963.*

54) *Ibid.* 1961.

55) *Radio S.A.*, Januarie 1965, p. 12.

56) *Jaarverslag van die SAUK 1962.*

57) Kyk Hoofstuk agt (A). Kyk ook Hartman, A., 'Die oes van een-en-twintig jaar', *SAUK-radiobulletin*, jaargang 3 nommer 5, 1957.

58) Kyk Hoofstuk agt (B).

vir die land beteken as wat deur enige pamflette of diplomatieke verteenwoordiging bereik kan word. As 'n verdere medium ter bevordering van die soepelheid van die orkes, beveel hy *voortdurende variasie* in die programme van die orkes aan.⁵⁹⁾

Diensvoorwaardes vir orkeslede.⁶⁰⁾

Na 'n proeftydperk van een jaar word lede jaarlikse kontrakte aangebied. In gevalle waar musici van oorsee kom, verbind die SAUK hom tot 'n aanvanklike tweejaarkontrak. Die reiskostes van sulke buitelandse musici word ook deur die SAUK gedra.

— Werksure

Gedurende 'n normale week mag die werksure van orkeslede nie 30 uur oorskrei nie. Geen enkele sitting mag langer as drie uur lank duur nie. Van geen speler word verwag om vir meer as twee sittings per dag te werk nie, sonder verdere vergoeding.

— Verlof

Vyf en dertig dae volbetaalde verlof word toegestaan vir elke twaalf maande aaneenlopende voltooide diens. Daar word verder 'n addisionele aantal dae (gewoonlik sewe) toegestaan, as kompensasie vir openbare vakansiedae waarop daar gewerk is.

— Pensioenfonds

Die doel hiervan is om lede te help om 'n besteebare kapitaal vir die oudag op te bou. Dit word bereken op die rand-vir-randstelsel, dit wil sê 'n persentasie van die lid se maandelikse salaris word outomaties by die fonds gevoeg, saam met 'n gelykwaardige bedrag deur die Korporasie. Hierdie bedrag word op oordeelkundige wyse belê en die lede se rekenings word met jaarlikse dividende gekrediteer.

— Mediese skema

Hierdie skema word deur 'n versekeringsmaatskappy aangebied teen spesiale tariewe en is beskikbaar aan alle lede en hulle onmiddellike afhanklikes.

59) Anon, 'Kuns en vermaak', *Die Vaderland*, 17 April 1967, p. 2.

60) SAUK, *Die SAUK simfonie-orkes*, 1964.

Die Korporasie dra 50% van die premiekostes by. Die voordele van die skema dek mediese en sjirurgiese behandeling, hospitaaltariewe en bevallings. Addisionele reëlins kan vir medisyne en tandheelkundige kostes getref word.

— Salarisse

Salarisskale word bepaal deur die posisie wat 'n lid in die orkes beklee en alle salarisse word jaarliks hersien. Bonusse en inkremente kan toegestaan word op grond van goeie kwaliteit werk, goeie dissipline en samewerking. Orkeslede het verder volle geleentheid vir addisionele inkomste in hulle vrye tyd.

2. Die SAUK se juniororkes

Die stigting van die juniororkes was 'n belangrike ontwikkeling in die beoefening van orkesmusiek in Suid-Afrika. Dit is in Februarie 1966 gestig, met Walter Mony (violis en lektor aan die Universiteit van Pretoria) as dirigent. Die orkes het sy eerste radio-uitsending op 16 Augustus 1966 gelewer en het vir die eerste keer in die openbaar opgetree tydens die Transvaalse Kongres vir Musiek-onderwysers op 27 Mei 1967.⁶¹⁾ Die ledetal van die orkes wissel van 45 tot 50 en die ouderdomme van die spelers van 15 tot 25 jaar. Hulle kom uit alle dele van die Transvaal en repeteer elke Saterdagoggend.⁶²⁾

Volgens Walter Mony is die orkes hoofsaaklik gestig met die gedagte om begaafde jong musici op te lei vir opname in beroepsorkeste. Die jongmense kry 'n intensiewe opleiding in orkesspel en word deeglik voorberei om aan die vereistes wat daar aan die beroepsmusikus gestel word, te kan voldoen. Die hoofspelers van die houtblaas-, koperblaas- en slagwerkafdelings van die seniororkes verrig deskundige afrigtingswerk in die juniororkes. 'n Aantal juniororkeslede het reeds vaste aanstellings in Suid-Afrikaanse beroepsorkeste gekry.⁶³⁾

By die stigting van die juniororkes was die gesamentlike konsertmeesters Rolf Klein en Brendan Lassak (eerste viole). Die orkesbestuurder was I. Vitale.

Op volle sterkte bestaan die orkes uit:⁶⁴⁾

61) Anon., 'Juniors eerste keer in openbaar', *Die Transvaler*, 17 Mei 1967.

62) Elsa Pretorius, 'Uit die mikrofoon', *Die Vaderland*, 22 Mei 1967.

63) *Ibid.*

64) Volgens die program van 'n uitvoering deur die SAUK-juniororkes 19 November 1966.

Eerste viole	:	4
Tweede viole	:	5
Altviole	:	4
Tjello's	:	5
Kontrabasse	:	2 (persone van buite)
Fluite (piccolo)	:	4
Hobo's	:	3
Klarinette	:	4
Fagotte	:	2
Franse horings	:	4
Trompette	:	4
Trombones	:	2
Tuba	:	1
Harpe	:	3
Slagwerk	:	4
Klavesimbel	:	1

3. Die benutting van buite-orkeste deur die SAUK

Die SAUK het altyd gereeld van buite-orkeste gebruik gemaak vir die verskaffing van programateriaal. In Kaapstad en Durban veral, het die stadsorkeste 'n groot aandeel hieraan gehad, sodat dit vir die SAUK onnodig was om groot orkeste in hierdie sentra op die been te bring.

Die Kaapstadse stadsorkes is in 1914 gestig en gelei deur Theo Wendt. Met die stigting van die SAUK was hierdie orkes onder die leiding van Dr. W.J. Pickerill. Die SAUK het 'n ooreenkoms met die Kaapstadse stadsraad aangegaan, ingevolge waarvan hy oor die gebruik van hierdie orkes sou beskik vir gereelde optredes in die ateljees (een maal per week) teen 'n vasgestelde vergoeding. In 1936/37 is gereelde programme van paslike orkesmusiek deur die orkes op Sondag-aande uitgesaai.⁶⁵⁾ In 1938 het hierdie orkes, op aandrang van die luisteraars, simfoniekonserte oor sowel die Afrikaanse as die Engelse senders gelewer (op Donderdagaande), asook populêre Sondagkonserte.⁶⁶⁾ Die jaarverslae van die SAUK vir die jare 1941, 1942 en 1943 maak melding van die volgehoue weeklikse aflewering van simfoniekonserte. In 1945 tree die Kaapstadse orkes saam met die konsertorkes van die SAUK onder leiding van William Pickerill op by geleentheid van 'n jubileumkonsert in Kaapstad.⁶⁷⁾

65) *Jaarverslag van die SAUK 1936/37.*

66) *Ibid.* 1938.

67) *Ibid.* 1945.

In 1948 word Enrique Jorda die dirigent van die orkes⁶⁸⁾ en behou die betrekking tot 1954, waarna hy na Amerika vertrek. In 1950 dirigeer hy 'n kort konsertreeks onder die beskerming van die Suid-Afrikaanse afdeling van die Internasionale Vereniging vir Hedendaagse Musiek, waarin die werke van Suid-Afrikaanse komponiste goed verteenwoordig was.⁶⁹⁾ In 1951 het dit hierdie orkes te beurt geval om die eerste uniale simfonie-uitsending, onder leiding van Enrique Jorda, te kon lewer.⁷⁰⁾ Vanaf 1960 tot 1965 was David Tidboald dirigent van die Kaapse orkes.

Die SAUK het ook 'n kontrak gesluit met die Durbanse stadsraad vir die gebruik van sy stadsorkes, met dieselfe goeie gevolge as in Kaapstad. In 1936/37 het hierdie orkes ook gereelde programme van orkesmusiek gelewer, onder die leiding van Edward Dunn, musiekdirekteur van die orkes. Die orkes moes volgens die ooreenkoms gereeld in die SAUK se ateljees optree.⁷¹⁾ In 1938 het die Korporasie begin met gereelde heruitsendings van simfoniekonserte in Durban.⁷²⁾ Net soos met die Kaapstadse orkes, het die SAUK in dié verband ook noue samewerking met die Durbanse orkes verkry, eers met Edward Dunn en later ook met Frits Schuurman as dirigente.

Met die fees van Suid-Afrikaanse musiek in 1949 het die orkeste van Kaapstad en Durban elk gekombineerd met die SAUK-orkes opgetree en 'n groot aandeel gehad in die verskaffing van programme vir dié fees.⁷³⁾ In 1964 het die Durbanse orkes ook 'n waardevolle bydrae gelewer tot die Beethovenfees.⁷⁴⁾

Die Johannesburgse stadsorkes is vanaf 1937 ook deur die SAUK gebruik vir die lewering van programme. Onder direksie van John Connel, het dié orkes dikwels in die somer op Sondagaande vanaf Joubertpark uitgesaai en gedurende die wintermaande vanuit die Johannesburgse stadshuis.⁷⁵⁾ In 1946 neem Albert Coates

68) *Ibid.* 1948.

69) *Ibid.* 1950.

70) *Ibid.* 1951.

71) *Ibid.* 1936/37.

72) *Ibid.* 1938.

73) *Ibid.* 1949.

74) *Ibid.* 1964.

75) *Ibid.* 1936/37.

die leiding van hierdie orkes oor, maar laat vaar dit weer as gevolg van swak gesondheid. Vanaf 1946 tot 1949 het dié orkes ook gereeld saam met die SAUK-orkes opgetree, onder andere in 'n uitvoering gedirigeer deur Sir Malcolm Sargent in 1946.⁷⁶⁾ In 1952 is twee konserte onder leiding van Eugene Goossens deur dié orkes uitgesaai.⁷⁷⁾ Die besluit van die Johannesburgse stadsraad in 1954 om die Stadsorkes te ontbind, was die aanleidende faktor tot die stigting van die nuwe vergrote SAUK-simfonie-orkes.

In die jaarverslag van 1939 word ook verwys na optredes deur die beroepsorkes van die *African Consolidated Theatres*.⁷⁸⁾

Die amateurorkes van die Johannesburgse Simfonievereniging is van tyd tot tyd gebruik vir uitsendings. Hierdie orkes het reeds in 1937 spesiale simfoniekonserte onder leiding van Joseph Trauneck uitgesaai.⁷⁹⁾

Ander amateurorkeste wat in die annale van die SAUK genoem word is: Die Kaapstadse Universiteitsorkes onder leiding van Erik Chrisholm (1946 en 1956).⁸⁰⁾

Die Durbanse skoolorkes onder leiding van Roy Carter (1954).⁸¹⁾

Die orkes van die Jong Suid-Afrika Bond in Kaapstad (1954).⁸²⁾

Ingevolge die SAUK se beleid is sulke amateurorkeste van tyd tot tyd genader om uitvoerings te lewer en is hulle sodoende aangemoedig om hulle uitvoeringstandaard te verhoog.

76) *Ibid.* 1946.

77) *Ibid.* 1952.

78) *Ibid.* 1939.

79) *Ibid.* 1936/37.

80) *Ibid.* 1946 en 1956.

81) *Ibid.* 1954.

82) *Loc. cit.*

DEEL III**UITVOERENDE KUNSTENAARS EN KOMPONISTE**

HOOFSTUK AGT

GELEENTHEDE WAT DIE SAUK BIED AAN UITVOERENDE
KUNSTENAARS EN KOMPONISTE

A. Buitelandse kunstenaars

Die SAUK het vanaf sy ontstaan 'n belangrike rol in die Suid-Afrikaanse musieklewe vervul deur gereeld buitelandse kunstenaars, van wie 'n groot aantal internasionale bekendheid verwerf het, aan Suid-Afrikaanse gehore bekend te stel. In die meeste gevalle lewer die SAUK die vernaamste geldelike bydrae om die besoeke van dié oorsese kunstenaars moontlik te maak. Hulle toerprogramme sluit gewoonlik sowel openbare optredes as ateljee-uitvoerings in, wat dikwels deur die SAUK opgeneem word vir bewaring in die transkripsiediskoteek.¹⁾

Die volgende lys van buitelandse kunstenaars, wat Suid-Afrika vanaf 1936 tot 1965 besoek het, gee 'n aanduiding van die omvang van hierdie aspek van die SAUK se musiekaktiwiteite:²⁾

Adler, Larry (harmonika)	1953*
Alexander, Arthur	1939, 1940
Anderson-Tyrer, Nanette (viool)	1939*, 1950
Andre, Paul (bas)	1948
Anheisser, Wolfgang (bariton)	1958, 1963
Aronowitz, John (klavier)	1948
Arrau, Claudio (klavier)	1949, 1956*
August, Dyna (klavier)	1955
Bachauer, Gina (klavier)	1958*
Baillie, Isobel (sopraan)	1953
Bellina, Betty (sopraan)	1947
Benenson, Vera (klavier)	1947, 1952
Berger, Erna (sopraan)	1952
Berwick, Beatrice (sopraan)	1948
Block, Michel (klavier)	1963*, 1965*
Blondell-Bengtsson, Erling (tjello)	1964
Bloom, Olive (klavier)	1938*
Bobesco, Lola (viool)	1957*
Bodankin, Sarah	1945
Bogtman, Laurens (bariton)	1949, 1950, 1952
Bolet, Jorge (klavier)	1964*

1) Kyk Hoofstuk vyf.

2) 'n Asterisk (*) na die jaartal dui deelname aan concerto-uitvoerings aan, vir sover dit vasgestel kon word.

Booth, Webster (sanger)	1948
Borrit, Dr. Kenneth (orrel)	1944
Brendel, Alfred	1960
Bryan, Gordon	1936/37
Campoli, Alfredo (viool)	1955*, 1956*
Cassado, Gaspar (tjello)	1953, 1955*, 1957*
Cherkassky, Shura (klavier)	1954*, 1963*
Cherniavsky, Jan (klavier)	1950
Cherniavsky, Leo (viool)	1936/37, 1939*, 1940, 1952
Cherniavsky, Mischel (tjello)	1948, 1953, 1955
Coelho, Olga (Ghitaar)	1940
Cooper, Peter (klavier)	1953, 1954*
Costa, Sequeira (klavier)	1952, 1960
Crooks, Richard (tenoor)	1939
De Gabarain, Marina (mezzo-sopraan)	1964
De Groot, Cor (klavier)	1956*
De Groote, Andre (klavier)	1958*
De la Bruchollierie, Monique (klavier)	1960*
De los Angeles, Victoria (sopraan)	1953
Del Pueyo, Eduardo	1949
Eggink, Willem (klavier)	1941
Elliott, Roger (trompet)	1948
Emner, Jaap (viool)	1948*
Entremont, Philippe (klavier)	1958*, 1960*
Fairless, Margaret (viool)	1939
Falkner, Keith (bariton)	1939
Ferras, Christian (viool)	1965*
Fiasconaro, Gregorio (bariton)	1947, 1948
Foldes, Andor (klavier)	1953, 1956*
Fourneau, Marie Thérèse (klavier)	1955*
Fournier, Jean (viool)	1957*
Fournier, Pierre (tjello)	1955, 1956*
Frankl, Peter (klavier)	1963*, 1965*
Frerard, Juliane (tjello)	1943*
Friedman, Erick (viool)	1962*
Fryer, Herbert (klavier)	1943*, 1944
Fryling, Dr. Bronislaw (viool)	1946*, 1948, 1953
Funiewaya, Yosie (tenoor)	1936/37
Gamba, Pierino (klavier)	1958*
Gambier, Stefanie (klavier)	1955
Gaskell, Winifred (fluit)	1952
Gautier, Jeanne (viool)	1946*
Gevers, Frederik (klavier)	1951
Gitlis, Ivry (viool)	1958*
Goldberg, Szyman (viool)	1952
Goldstein, Ella (klavier)	1945*
Goodman, Isador (klavier)	1949, 1950, 1952
Gousseau, Lelia (klavier)	1957*
Gray, Isobel (sangeres)	1938
Greenslade, Hubert (klavier)	1951, 1952
Guilbert, Guilles (klavier)	1952
Haas, Monique (klavier)	1959*
Haendel, Ida	1949
Hagart, Bertha (klavier)	1938, 1948, 1953
Hagen, Kenneth (klavier)	1948
Halsema, Piet (orrel)	1962

Hambourg, Michal (klavier)	1948, 1949
Hamburger, Paul (klavier)	1948
Hammond, Joan (sopraan)	1947
Head, Michael (klavier, sanger)	1950
Henkemans, Henk (klavier)	1952
Hollweg, Ilse (sangeres)	1952
Hooke, Emilie (sangeres)	1950, 1951
Huberman, Bronislaw (viool)	1940
Infantino, Luigi	1959
Istomin, Eugene (klavier)	1955*
Iturbi, Jose (solis en dirigent)	1950
Jones, Parry	1940
Joyce, Eileen	1950
Karklina, Marina (sopraan)	1940
Karsemeyer-de Jongh, Aukje (sopraan)	1951
Kätchen, Julius (klavier)	1954*, 1955*, 1964
Katz, Mindru (klavier)	1960*, 1962*
Kentner, Louis (klavier)	1951*, 1955
Klien, Walter (klavier)	1956*
Köhler, Irene (klavier)	1958*, 1959
Kolassi, Irma (mezzo-sopraan)	1955
Kraus, Lili (klavier)	1949
Lane, Barbara (sangeres)	1939
Lawson, Winifred (sangeres)	1955
Letante, Judith (sopraan)	1947, 1948
Lewkowits, Henri (viool)	1955
Llewellyn, Redvers (bariton)	1941, 1942, 1943, 1946, 1949
Long, Kathleen (klavier)	1952, 1953
Loyonet, (klavier)	1946*
Luboschutz en Nemoff (klavierduo)	1957*
Luca, Milo (bariton)	1948
Macewan, Désirée (klavier)	1953
Magaloff, Nikita (klavier)	1951
Mander, Phyllis (sangeres)	1951
Mallinson, Arthur	1936/37
Martini, Nino (tenoor)	1948
Martzy, Johanna (viool)	1959*
Matters, Arnold (bariton)	1940
Matthews, Cuthbert (sanger)	1939
Matthews, Dennis (klavier)	1962*
Matthews, Thomas (viool)	1945*, 1947, 1949
Maxwell-Lyte, Eve (sangeres)	1952
Melchior, Lauritz (sanger)	1949
Melman, Ivan (klavier)	1960*
Menuhin, Yehudi (viool)	1950, 1956*
Mewton-Wood, Noel (klavier)	1950, 1951
Michelangeli, Arturo Benedetti (klavier)	1951, 1959*
Moiseiwitsch, Benno (klavier)	1936/37, 1947, 1962*
Mondi, Henri, (bariton)	1947
Murdoch, Dennis (klavier)	1955
Natzke, Oscar (bas)	1947
Navarra, Andre (tjello)	1965*
Neaman, Yfrah (viool)	1946*
Ncobo, John (Zoeloe-sanger)	1952
Nishry, Varda (klavier)	1958*

Osieck, Hans (klavier)	1951
Ott-Pinetto, Mabella (sangeres)	1947, 1950
Panenka, Jan (klavier)	1957*, 1959*
Patzak, Julius (tenoor)	1951
Pauk, Gyorgy (viool)	1963*
Peeters, Flor (orrel)	1955*
Peinemann, Edith (viool)	1964*
Pennario, Leonard (klavier)	1959*
Petrosian, Raffi (klavier)	1947
Pirani, Leila Doubleday (viool)	1936/37, 1938*
Pirani, Max	1936/37
Presti en Lagoya (ghitaarduo)	1964
Prochasson, Jeanne (sopraan)	1946, 1948, 1953
Ralf, Eileen, (klavier)	1945
Rampal, Jean-Pierre (fluit)	1959, 1961*
Raphael, Fay (viool)	1938*
Rauceca, Dario	1949
Ribetti, Elda (sopraan)	1947, 1949
Ricci, Ruggiero (viool)	1956*, 1961*
Richard, Irene (viool)	1952
Risselin, Tristan	1949
Rubenstein, Arthur (klavier)	1939*
Rubicz, Ray (sopraan)	1948
Russel, Francis (tenoor)	1947
Sack, Erna (sopraan)	1949, 1952
Sacks, Hilda (klavier)	1944*, 1953
Sadlo, Milos (tjello)	1957*, 1959*
Salaman, Esther (sopraan)	1948
Salzman, Pnina (klavier)	1944*, 1945, 1948
Samuel, Harold	1936/37
Sasson, Jean (ghitaar)	1944
Schipa, Tito (sanger)	1949
Schlussus, Heinrich (tenoor)	1949
Schumann, Elizabeth (sopraan)	1951
Schwarzkopf, Elizabeth (sopraan)	1951
Seemann, Carl (klavier)	1958*
Segovia, Andres (ghitaar)	1956*
Shuard, Amy (sopraan)	1948
Siegler, Anne (sopraan)	1948
Siki, Bela	1962
Slenczynska, Ruth (klavier)	1963*
Slobodskaya, Oda (sopraan)	1953
Soëtens, Robert (viool)	1949, 1950
Souzay, Gerard (sanger)	1958
Stader, Maria (sopraan)	1963
Starker, Janos (tjello)	1960*
Steingruber, Ilona (sopraan)	1956
Suk, Josef (viool)	1957*, 1959*
Susskind, Walter (klavier)	1953
Swain, Freda (komponiste)	1940
Szering, Henryk (viool)	1960*, 1964*
Tankard, Geoffrey (klavier)	1953
Tauber, Richard (tenoor)	1938
Taylor, Kendall (klavier)	1952, 1953, 1957*, 1964*
Tertis, Lionel	1959

Théméli, Georges (klavier)	1945, 1946*, 1948, 1957*, 1958* 1965*
Theophil, Alex (tenoor)	1947
Tibbet, Laurence (bariton)	1947
Tureck, Rosalyn (klavier)	1958*
Van Neste, Carlo (viool)	1948
Van Praag, Serah (viool)	1954*
Varella-Cid, Sergio (klavier)	1965*
Varga, Tibor (viool)	1963*, 1965*
Vasáry, Tamas, (klavier)	1962*, 1964*
Veyron-Lacroix, Robert (klavier)	1959
Villet, Manuel (klavier)	1952* 1955
Vincent, Dorothea (klavier)	1952
Vincent, Jo	1956*
Visser, Souget (mezzo-sopraan)	1948
Wallfisch, Ernest (altviool)	1962*
Warmington, Lilian (klavier)	1953
Warner, Vernon (klavier)	1950
Wayenberg, Daniel (klavier)	1959*
Webster, Violet (mezzo-sopraan)	1948
Weinert, Günter (klavier)	1951
Weissenberg, Sigi (klavier)	1946*
Widdop, Walter	1946
Wittrisch, Marcel (tenoor)	1950
Woud, Annie (alt)	1946, 1947, 1949
Yepes, Narciso (ghitaar)	1960, 1963*
Yerburgh, Oscar (klavier)	1955

Kamermusiekgroep

Amadeuskwartet (Londen)	1958
Amsterdamse Strykkwartet:	1948
Nap de Klijn (eerste viool)	
Dirk Vos (tweede viool)	
Herman Solomon (altviool)	
Mauritz Frank (tjello)	
Beaux Arts-trio	1962, 1964
Boccherinikwintet (Italië)	1959
Carmirellikwartet (Italië)	1960
Franse Blaaskwintet	1963
Hongaarse Strykkwartet	1960, 1963
I Musici (Italië)	1956
Janačekkwartet	1956, 1958
Koeckertstrykkwartet	1961
Loewenguthstrykkwartet	1955, 1956, 1964
Münchense Kamerorkes	1961
Pasquiertrio	1959
Quartetto Roma	1961
Quintetto Chigiano	1957
Stuttgartse Kamerorkes	1962
Suktrio:	1957, 1959
Josef Suk (viool)	
Milos Sadlo (tjello)	
Jan Panenka (klavier)	
Trio de Trieste	1962

Trio Santaloquido (Italië)	1963
Tsjeggiese Nonet	1958
Veghkwartet	1958
Vlachkwartet	1956
Wallfischduo	1962
Weense Oktet	1962
Weense Simfonie-blaasensemble	1964

Besoekende orkeste

Londense simfonie-orke	1956
La Scala-orke, onder leiding van Guido Santelli	1956
Russiese Balalaika-orke, onder leiding van H. Ichilchik	1948

Besoekende koorgroepe

Nederlandse Kamerkoor	1963
Weense Komodie Harmoniste	1939
Weense Seunskoor	1952, 1959
Westminster Singers (Princetown, V.S.A.)	1945, 1948, 1959

B. Suid-Afrikaanse kunstenaars

Tot met die stigting van die streeksrade vir uitvoerende kunste gedurende die sestigerjare, was die SAUK die spil waarom die musiekaktiwiteite in Suid-Afrika gedraai het. Daarom moes hy, benewens die rol wat hy vervul het ten opsigte van die bekendstelling van buitelandse kunstenaars, ook aan plaaslike kunstenaars geleenthede vir optredes bied om ook hulle aan die Suid-Afrikaanse publiek voor te stel. Die volgende verteenwoordigende lys van Suid-Afrikaanse kunstenaars, wat van hierdie geleenthede gebruik kon maak vir die tydperk 1938 tot 1964, is insiggewend van wat die SAUK in hierdie opsig doen:³⁾

Pianiste

Adler, Hans	1953*
Barton, Horace	1946*
Bender, Anna	1951
Bini, Albina	1947*
Birks, Moira	1939, 1940, 1943*, 1946*, 1947*, 1948*, 1950*, 1951, 1955*, 1956*, 1959*, 1961*
Blomkamp, Chrystal	1940, 1947, 1949*

3) 'n Asterisk na die jaartal dui concerto-optredes aan.

Bowman, Lionel	1945*, 1946*, 1947, 1950*, 1952, 1954*, 1958*, 1959*, 1962*
Brothwood, Constance	1963*, 1964*
Crawson, Lamar	1964*
Danza, Lorenzo	1938*
Eggink, Willem	1946*, 1947*
Epstein, Isador	1939*, 1943*, 1944*, 1945*, 1946*, 1947*, 1948, 1949*, 1950*, 1953
Eyssen, Stephan	1938
Felbert, Irene	1945*, 1947*, 1950*, 1953
Fortescue, Virginia	1955
Graafman, Gary	1961
Grové, Stefans	1948, 1953
Hall, Elsie	1938*, 1939*, 1944*, 1946, 1948*, 1949*, 1952, 1954*
Hallis, Adolph	1939*, 1940*, 1944*, 1945*, 1946*, 1947*, 1948*, 1949*, 1950*, 1951*, 1952, 1953*, 1954*, 1955*, 1957*
Hirschland, Heinz	1938*, 1939*, 1943*, 1944*, 1945*, 1947, 1948*, 1950*
Huckl, Erna	1943*
Joubert, Hennie	1951, 1953
Juritz, John	1947
Kadish, Joyce	1946*, 1953
Katin, Peter	1957*, 1961*
Kemp, Elizabeth	1947
Kennedy, Spruhan	1952*, 1953
Kiel, Georgia	1957*
Levy, Philip	1958*, 1960*
Louw, Barbara	1956*
Lympany, Maura	1964*
Mierowski, Henryk	1950*
Miller, Dianna	1957*
Mulder, Joan	1947
Naude, Alain	1956*, 1959
Newman, Adelaide	1940, 1943*, 1945*, 1946*, 1947, 1948*, 1949*, 1950*, 1951, 1952, 1958*, 1960*, 1962*, 1964*
Noble, Mary	1946*
Papadopoulos, John	1953
Porter, Lola	1953
Rabinowitz, Rachel	1946, 1947*, 1948*, 1953, 1957*, 1962*
Raiken, Bruno	1946, 1948
Rhodes, Clara	1947, 1948, 1950*, 1951, 1952*, 1953
Riskowitz, Leslie	1946, 1948*
Robinson, Eunice	1950*, 1953, 1957*, 1959*
Rodriguez-Lopez, José	1947, 1950*, 1953
Rosenbloom, Sydney	1945*, 1947
Rubens, Harold	1949, 1951, 1952*, 1954*, 1955*, 1957*, 1959*, 1960*, 1961*
Samuel, Leslie	1952*, 1953, 1955*
Schulman, Sylvia	1947
Schwalbe, Hilda	1947*, 1948*
Searle, Laura	1964*, 1965*
Simon, Abbey	1965*

Solomon, Yonti	1962*
Stokes, Noreen	1944*, 1946*
Strauss, Helena	1953
Taylor, Cameron	1939*, 1944*
Townley, Glyn	1940, 1945*, 1946*, 1947*, 1949*, 1955
Truppinn, Dorothy	1948*
Uys, Hannes	1948, 1951
Vale, Melanie	1947, 1950*, 1953
Van den Brom, Sini	1955*, 1962*, 1965*
Van Geuns, Millie	1938*, 1944*
Van Heerden, Helena	1960*, 1963*
Van Wyk, Arnold	1947, 1948, 1952
Walsch, John)	
Walschi, Molly) duo	1948*

Violiste

Angove, Ivy	1941, 1948
Braham, Editha	1944*, 1945*, 1946*
Broederich, Erwin	1946*, 1948, 1950*
Carter, Peter John	1961*
Copeland, Sybil	1946*
Deak, Stephan	1951, 1953
De Groote, Joyce	1958*
De Groote, Pierre	1948*, 1955*, 1956*, 1959, 1962*
De Villiers, Elise	1953
De Wet, Jack	1956*
Doré, Michael	1938*, 1944*, 1945*, 1946*, 1948*
Fairless, Margaret	1944*, 1947*, 1948*, 1950
Fritelli, Vincent	1958*, 1961*, 1962*
Gettleson, Eve	1943*, 1944*, 1945*, 1946*, 1955, 1957*
	1958*
Gibbs, Alfred	1948*
Jolley, Erica	1945*
Ketelby, Harold	1946*, 1947
Kofski, Nat	1947*, 1948*
Kossman, Annie	1958*, 1959*, 1962*, 1963*, 1964*, 1965*
Mony, Walter	1958*, 1964*, 1965*
Marsch, Anna	1939*, 1940, 1944*
Magid, Eugene	1946*, 1947*, 1948
Neuss, Maria	1951, 1952, 1961*, 1963*
Ochse, Derek	1960*
Salomon, Herman	1949, 1954*, 1958*
Schenker, Alfred	1955*, 1956*, 1957*
Schulman, Jeremy	1938*, 1943*
Solomon, Alan	1963, 1964*
Verhoef, Bram	1938*, 1939*, 1944*, 1945*, 1946*, 1947*, 1950*, 1954*, 1956*, 1957*
Wegelin, Arthur	1947
Wissema, Nella	1943*, 1944*, 1946*, 1947, 1948*, 1949*, 1950*, 1952*, 1953, 1954*, 1957*, 1958*, 1960*

Altvioliste

Kreitzer, Charles	1939*, 1944*
Pieterse, Kees	1948*, 1959*, 1962*, 1965*
Spink, John	1948*
Vermaak, Lettie	1945*, 1948*, 1950*, 1953, 1958*

Tjelliste

Becker, Herman	1947*, 1948*
Britton, Granville	1943*, 1945*, 1953
Carter, Roy	1947
Di Ceco, Luca	1962*
Gendron, Maurice	1961*
Howell, Leily	1947*
Kok, Alexander	1961*
Lewin, Marian	1965*
MacDonald, Tom	1950*
Maroleau, Marcel	1948*
Pack, Betty	1940, 1943*, 1944*, 1946*, 1948, 1949, 1950*, 1951, 1952
Poppé, Vera	1941, 1947*
Rainier, Aubrey	1939*, 1940, 1948*, 1949*, 1950*, 1951, 1952*, 1954*, 1956*, 1957*, 1964*

Ander instrumentaliste

Allister, Kathleen (harp)	1946*, 1951, 1954*, 1961*, 1965*
Baring, Mary (klavesimbel)	1944
Bon, Gerrit (orrel)	1950
Brassens, Paul (horing)	1953, 1958*, 1959*, 1960*
Byrne, James (klarinet)	1948*, 1953
Clay, Reginald (fluit)	1948*
De Groen, Jos (fagot)	1947, 1948*, 1951, 1959*, 1960*
De Vos, Ilona (harp)	1953
Goffe, T.R.C. (klavesimbel)	1944
Grujon, Lucien (fluit)	1964, 1965*
Horne, Cecil (fluit)	1948*
Jacomb, Edward (hobo)	1946*, 1948*, 1960*
Kirkpatrick, Ralph (klavesimbel)	1953
Latutin, Margaret (klarinet)	1953
Middleton, Calder (cor anglais)	1948
Slater, Joseph (fluit)	1954*
Staniforth, William (klarinet)	1948*
Stanton, Harry (orrel)	1959
Trinchero, Mario (klarinet)	1959*, 1960*, 1965*
Van Dongen, Toon, (hobo)	1948*
Van Opstal, Jaap (klarinet)	1948*
Whitaker, Maurice (fagot)	1944*
- (i) Voorbeelde van programme en programreekse waarin kerksang en ander geestelike musiek aangebied is:

42) *Jaarverslag van die SAUK 1936/37.*

43) *Jaarverslae van die SAUK 1938 en 1939.*

Afrikaanse diens

Jaar	Program
1949	<i>Die Bybel in die musiek</i> , 'n programreeks.
1949	<i>Die Sabbatsuur</i> , 'n programreeks van geestelike musiek.
1949– 1950	<i>Rus my siel</i> , 'n programreeks van Psalms en Gesange deur Leonard Pearce.
1952	<i>Vir die musiekleier</i> , 'n programreeks onder leiding van André Brink, Chris Heyns en Leonard Pearce.
1959	<i>Erwe van die Vadere</i> , 'n programreeks waarin verskeie plaaslike kore opgetree het.

Gereelde programme van kerksang op sowel Sondag- as weeksgogende.

Engelse diens

Jaar	Program
1949	<i>Golden Sanctuary</i> , 'n programreeks. <i>Library of hymns</i> , 'n programreeks.
1950	<i>Music for worship</i> , 'n BBC-transkripsiereeks.
1952	<i>Some great hymns</i> , 'n reeks programme aangebied deur C. Alan Cooke.
1953	<i>Where music dwells</i> , 'n reeks deur Charles Oxtoby. <i>English cathedral and church music</i> , 'n reeks van twee programme, met BBC-transkripsie-opnames van skatte uit die Engelse kerkmusiek-literatuur.

Gereelde reeks sedert 1949: *Oh, come let us sing*, 'n weeklikse Sondagaand-program deur Roger O'Hogan.

Gereelde reeks sedert 1953: *Lift up your hearts*, aangebied deur die Durbanse atlejeesangers.

(ii) Voorbeelde van spesiale programme op kerklike feesdae:⁴⁴⁾

Goeie Vrydag:	Paslike programme met werke van onder meer Palestrina, Verdi, Mozart (1952). <i>Dit is Volbring</i> , 'n program aangebied deur die Stellenboschse Kweekskoolkoor (1955).
Hemelvaart:	<i>Hy het opgevaar</i> , aangebied deur die Tafelbergkoor. <i>Eer aan God</i> , aangebied deur die Asafkoor saam met die ateljee-orkes van die SAUK (1955).

44) Kyk Hoofstuk nege, afdeling 6, 'Koormusiekprogramme'. 'n Hele aantal groot koorwerke wat vir spesifieke kerklike feesgeleenthede in programme aangebied is, verskyn in die kolomme onder 'Oratoria', 'Kantates', 'Misse en ander geestelike werke'. In die meeste gevalle is ná die titels van die werke die aanduidings, Paasfees, Goeie Vrydag, Hemelvaart en Kersfees aangegee.

Spesiale musiekprogramme uit die St Michael en St Andrews-katedraal, Bloemfontein, oor die Engelse diens (1956).

Hef op Jul Hoofde, aangebied deur die St Martini-koor (1956).

Kersfees:

Kersspel, 'n program deur die Pretoriase Volksteaterkoor onder leiding van Bosman de Kock (1952).

Die Blye Boodskap, 'n program aangebied deur Anna Neethling-Pohl, met 'n Duitse koor onder leiding van dr. M. Silbernagel (1952).

Programme van Kersliedere kom elke jaar voor, byvoorbeeld:

Uit ons Kersliedere (1949).

Kersliedere, aangebied deur die Rhodes-kamerkoor (1955).

Kersliedere, deur die Duitse Mannekoor, Vanderbijlpark, onder leiding van Anton Kratz (1956).

Kersliedere, deur die Randolph Singers (1956).

Kerskonsert, gelewer deur die SAUK-orke en -koor (1956).

- (iii) Spesiale opvoedkundige programme en praatjies met betrekking tot kerkmusiek:

Jaar	Program
1946	<i>Die geboorte van ons Psalms en Gesange</i> , deur ds. P.J. Loots.
1947	<i>Ons Psalms en Gesange</i> , ds. P.J. Loots.
1949	<i>Die ontwikkeling van Suid-Afrikaanse kerkmusiek</i> , ds. P.J. Loots.
1957	<i>Uit ons kerkmusiek</i> , 'n tweeweklikse program deur dr. G.G. Cillie.
1958	<i>Die gewyde lied</i> , 'n maandelikse aanbieding deur ds. P.J. Loots.
1962	<i>Die Geneefse Psalmboek</i> , 'n reeks programme om die ontstaan van hierdie Psalmbundel 400 jaar gelede te herdenk.
	'n Reeks praatjies waarin kerkmusiekkonferensies vir die publiek toegelig is.
	'n Uitvoering van Rosa Nepgen se <i>Psalmkantate</i> wat, tesame met die laasgenoemde twee programreekse, daarop toegespits was om die aandag op die Afrikaanse kerkmusiekerfenis te vestig.
	<i>Vir die fynproewer</i> , 'n spesiale Sondagaandprogram vir kenners, wat onder meer 'n bespreking van die Afrikaanse kerkmusiek, deur Dawid Engela, ingesluit het.

Met betrekking tot die Afrikaanse kerkmusiek het die SAUK die reuse taak onderneem om plaatopnames van al die Afrikaanse Psalms en Gesange te maak, ten einde die Korporasie in staat te stel om kerkmusiekprogramme uit sy eie platevoorraad aan te bied. Verskeie plaaslike kore en orreliste is by dié projek betrek, wat in 1946 'n aanvang geneem en in 1964 voltooi is.

9. Feesprogramme⁴⁵⁾

(i) Plaaslike musiekfeeste:

Jaar	Algemene musiekfeeste, byvoorbeeld sangfeeste, feeste van Suid-Afrikaanse musiek, ensovoorts	Herdenkingsfeeste aan besondere persone of geleenthede
1938		Beethovenfees, waartydens onder meer al nege simfonieë van die komponis uitgevoer is onder leiding van Theo Wendt.
1940 1941	Johannesburgse musiekfees, waaraan sowat 2 000 kinders en jongmense deelgeneem het.	
1942		Grieg-eeufees, in Junie, waartydens programme met musiek van dié komponis uit al die sentra uitgesaai is.
1945	Bloemfonteinse sangfees, waaraan 2 000 kinders en jongmense deelgeneem het.	
1946		Bloemfonteinse eeufees, waartydens onder andere die <i>Schöpfung</i> van Haydn uitgevoer is.
1946		Johannesburgse diamantjubileum, gevier met 'n konsert waarin die SAUK-orkester onder leiding van Edgar Cree met Adolph Hallis as solis opgetree het.
1949	Fees van Suid-Afrikaanse musiek, gedurende die week eindigende 31 Mei. ⁴⁶⁾	

45) Kyk ook afdeling 8(ii) vir 'n opsomming van programme wat kerklike feesgeleenthede herdenk en afdeling 1 vir 'n aanduiding van programme waarin nasionale volksfeeste weerspieël word.

46) Kyk Hoofstuk nege, afdeling 1, vir volle besonderhede oor die programme vir hierdie fees.

Jaar	Algemene musiekfeeste, byvoorbeeld sangfeeste, feeste van Suid-Afrikaanse musiek, ensovoorts	Herdenkingsfeeste aan besondere persone of geleenthede
1950		Bach-eeufees, 'n uitgebreide reeks programme vanaf al die stasies waarin elke aspek van hierdie komponis se werk weerspieël is. Werke wat uitgevoer is, is onder meer: <i>Dubbelconcerto</i> (soliste: Adelaide Newman en Leonard Pearce) <i>Orrelwerke</i> (solis: Gerrit Bon) <i>Klavierwerke</i> (solis: Lilie Kraus) <i>Kreuzstabkantate</i> (Kaapstad) <i>Boerekantate</i> (Durban)
1951		Verdi-fees (vyftigste herdenking van die komponis se sterfjaar), waartydens omvattende programme met volledige operas, asook opera-uittreksels, sowel lewend as deur middel van plaatopnames uitgesaai is. Hierdie programme is verder aangevul deur praatjies oor die komponis, byvoorbeeld in die program <i>Viva Verdi</i>, deur Willem Hanekom.
1955	Psalmfees in Stellenbosch.	
1956		Mozart-fees, 200ste herdenking van die komponis se geboortedag. Die programme het ingesluit verskeie praatjies en talle uitvoerings van sy werke, byvoorbeeld: <i>Requiem</i> <i>Die huwelik van Figaro</i> <i>Così fan Tutte</i> <i>La Finta semplice</i> <i>Strykkwartet, KV 499</i> <i>Klarinetkwintet KV 581</i> <i>Trio KV 542</i> <i>Hobokwartet KV 370</i> <i>Kwartet KV 387</i> <i>Strykkwartet KV 428</i> <i>Simfonie KV 550</i>
1957		Gesangfees in die Port Elizabethse Veremarsaal, vir die 250ste herdenking van Charles Wesley se geboortedag.

Jaar	Algemene musiekfeeste, byvoorbeeld sangfeeste, feeste van Suid-Afrikaanse musiek, ensovoorts	Herdenkingsfeeste aan besondere persone of geleenthede
1960	Bloemfonteinse musiekfees, met 'n uitvoering van onder andere <i>Die dans van die reën</i> (Hubert du Plessis), wat spesiaal vir hierdie geleentheid gekomponeer is.	
1961	Oratoriumfees, Port Elizabeth. Festival of carols, Johannesburg.	
1962		'n Reeks programme ter herdenking aan die 400ste bestaansjaar van die <i>Geneefse Psalmboek</i> . Kort Debussy-fees gedurende Augustus, 100 jaar na die komponis se geboorte. In verskeie programme gee 'n aantal Suid-Afrikaanse kunstenaars 'n goeie oorsig oor Debussy se werk.
1963	Vyfde jaarlikse sangfees in Johannesburg, waartydens items deur verskeie Randse kore op 26 Oktober op band vasgelê is. Die beste van hierdie opnames is uitgesaai.	

(ii) **Buitelandse en internasionale musiekfeeste**

Deur middel van opnames hou die SAUK sy luisteraars goed op hoogte van gebeure op internasionale en ander buitelandse musiekfeeste (byvoorbeeld in Engeland, België, Holland, Duitsland, Oostenryk, Italië, Finland, Australië en Kanada). Die belangrikste van hierdie feeste is:

Die Salzburgfees
 Die Bayreuthfees
 Die Edinburghfees
 Die Hollandse fees
 Die Aldeburgh musiek- en kunsfees
 Die musiekfeeste van Luik en Vlaandere
 Die Haslemerefees (die 35ste in 1960)
 Die Fees van Ghent
 Die Bathfees
 Die internasionale musiekfees van Chimey (1960)
 Die Sibelius-fees
 Die fees van meesterwerke uit die Italiaanse vokaalpolifonie (1958).

Nasionale feesdae van lande soos Griekeland, Ierland en Frankryk word ook van tyd tot tyd in programme weerspieël. Statebondsdag, Kanada se nasionale dag op 1 Julie, is gereeld herdenk in programme van Kanadese musiek, gewoonlik deur middel van transkripsie-opnames wat ontvang is van die *Canadian Broadcasting Corporation*. In 1959 is daar byvoorbeeld ook opnames van die Praagse Lentefees uitgesaai.

10. Huldigings- en herdenkingsprogramme ⁴⁷⁾		
Jaar	Huldigingsprogramme ter ere van Suid-Afrikaners	Huldigingsprogramme ter ere van bekende persone uit die buiteland
1942		Gedenkkonsert aan Tsjaikofski, waarin die komponis se dood, vyftig jaar tevore, herdenk is – aangebied uit Johannesburg onder leiding van Theo Wendt.
1944	Program ter herdenking aan die sewentigste verjaarsdag van Theo Wendt, waarin van dié komponis se eie werke uitgevoer is.	
1945		Konsert ter ere van Sir Henry Wood.
1946	Spesiale programme ter nagedagtenis aan Albert Mallinson en W.H. Bell.	
1947	Huldigingsprogramme na die afsterwe van Victor Hely-Hutchinson, musiek-direkteur van die BBC sedert 1944 en bekend vir sy komposisies op Suid-Afrikaanse temas.	Bach-herdenkingsprogram onder leiding van Erik Christholm. Mendelssohn-herdenkingsweek, met spesiale programme van die komponis se werke. 'n Kort reeks programme, aangebied vanuit Kaapstad, ter nagedagtenis aan Frederick Delius.
1948	Spesiale konsert ter ere van Theo Wendt, 8 November, waarin hyself, Albert Coates en Enrique Jorda as dirigente en sy vrou, Dorella, as soliste opgetree het.	

47) Die aard van die programme wat onder hierdie hoof geklassifiseer word, sluit nou aan by dié van die programme onder 'herdenkingsfeeste', hoofstuk nege, afdeling 9, behalwe dat hulle enkelprogramme daarstel, waarin sekere persone herdenk of gehuldig word; dit wil sê, programme wat nie deel uitmaak van 'n groter programreeksopset, wat oor 'n langer tydperk aangebied is nie.

Jaar	Huldigingsprogramme ter ere van Suid-Afrikaners	Huldigingsprogramme ter ere van bekende persone uit die buiteland
1950		<i>Hulde aan Chopin</i> , 'n program ter viering van die 100ste herdenking van die komponis se geboortedag.
1951	Konsert ter nagedagtenis aan Theo Wendt oor die Engelse diens.	
1953	Huldigingsprogram ter nagedagtenis aan Albert Coates, wat gedurende die jaar oorlede is. Die program is aangebied deur Sir Paul Dukes en Anton Hartman.	Huldigingsprogramme ter nagedagtenis aan musici wat gedurende die jaar oorlede is, naamlik: Jacques Thibaud (violis) Sir Arnold Bax (hofmusikus) Kathleen Ferrier (Engelse kontralt) Noël Mewton-Wood (pianis) Programme ter nagedagtenis aan Hugo Wolf, waarin Suid-Afrikaanse kunstenaars vanaf al die stasies uitgesaai het.
1954		<i>Sir Henry Wood memorial concerts</i> , BBC-transkripsies. Herdenkingsprogramme ten tye van Wilhelm Furtwängler se oorlye.
1955	Huldigingsprogramme na die heengaan van William Pickerill en John Connel, 16 Oktober.	Programme ter herdenking aan die 90ste verjaarsdag van Jean Sibelius.
1956		Program om die sterfdag van Robert Schumann, 100 jaar tevore, te herdenk. Huldigingsprogram ter ere van Guido Cantelli.
1957		<i>Music in the valley</i> , 'n beeld in woorde en musiek oor die lewe van Sir Edward Elgar, ten tye van die 100ste herdenking van sy geboortedag (aangebied deur Charles Oxtoby). Huldigingsprogramme aan Jean Sibelius oor die Afrikaanse en Engelse senders.
1958	Programme ter ere van G.G. Cillie en Hayden Matthews.	Programme ter ere van Ralph Vaughan Williams, asook van Giacomo Puccini, ten tye van die 100ste herdenking van sy geboortedag.

Jaar	Huldigingsprogramme ter ere van Suid-Afrikaners	Huldigingsprogramme ter ere van bekende persone uit die buiteland
1959	Huldigingsprogramme met die heengaan van wyle sy Eksellensie E.G. Jansen, 26 November.	Programme gewy aan die musiek van Heitor Villa-Lobos by sy oorlye.
1960	Program deur Anton Hartman ter ere van Stephan Eyssen, met sy 70ste verjaarsdag.	
1961	Program ter ere van M.L. de Villiers.	Huldigingsprogram aan Franz Liszt, met die 150ste herdenking van sy geboortedag. <i>Die belangrikste werke van Arnold Schoenberg</i> , met die tiende herdenking van sy sterfdag. <i>Huldeblyke aan Sir Thomas Beecham</i> , deur Gideon Fagan oor die Afrikaanse diens en Sir John Barbirolli oor die Engelse diens.
1962	Spesiale program ter ere van P.R. Kirby, met sy 75ste verjaarsdag.	Herdenkingsprogramme aan: Frederick Delius William Walton Jan Pieterszoon Sweelinck Liza Lehman Kathleen Ferrier
1963	Program van huldeblyke aan Hendrik Susan, baanbreker van Suid-Afrikaanse ligte musiek.	Kort programreeks ter viering van Benjamin Britten se 50ste verjaarsdag.
1964		400ste herdenking van die geboortedag van Shakespeare: 'n Reeks van agt uitsendings van ou en moderne toonsettings van sy gedigte, waarvan sommige deur Suid-Afrikaanse komponiste, asook 'n uitsending van Verdi se <i>Falstaff</i> . Ateljee-uitvoering van Gluck se <i>Orpheus en Eurydice</i> , by die 250ste herdenking van die komponis se geboortedag. <i>Vir die fynproewer</i> , 'n programreeks waarin onder meer 'n herdenkprogram aan die musiek van J.P. Rameau gewy is, ten tye van die 200ste herdenking van sy geboortedag.

'n Gereelde program waarin sedert 1945 belangrike musiekgebeure herdenk is, was *Music's almanac*, wat oor die Engelse diens uit Johannesburg uitgesaai is, onder leiding van Max Miller. Die 25ste verjaarsdag van die SAUK is ook deur middel van 'n spesiale konsert op 1 Augustus 1961 herdenk.

11. Algemene musiekprogramme, programreekse en versoekprogramme

Die volgende chronologiese opgawe bevat voorbeelde van die belangrikste programme in hierdie kategorie, wat in sowel die Afrikaanse as die Engelse programdienste uitgesaai is:⁴⁸⁾

Jaar	Programme in die Engelse diens	Programme in die Afrikaanse diens
1936/ 37	Vir die tydperk 1 Augustus 1936 tot 31 Desember 1937 is talle algemene musiekprogramme aangebied, insluitende simfoniekonserte op plate. In die laasgenoemde programme is 251 simfonieë uitgesaai gedurende die oorsigstydperk. Onder hierdie algemene programme ressorteer ook die programme van populêre orkesmusiek, wat gereeld deur die Stadsorkeste van Durban en Kaapstad uitgesaai is.	
1938		<i>Simfoniekonsert op plate, 'n gereelde programreeks.</i>
1940	'n Omvattende program van simfonie-aanbiedings was die uitstaande kenmerk van hierdie jaar se musiekuitsendings.	
1944		<i>Die groot komponiste, Beethoven, Brahms, Mendelssohn, Liszt, Schubert en andere.</i>
1945	<i>For the connoisseur</i> , op Sondagaande, gelewer deur Suid-Afrikaanse musici.	<i>Kort meesterwerke, 'n programreeks waarin soliste saam met die SAUK-orkes opgetree het.</i>
	<i>Music's gallery, 'n glansprogram.</i>	<i>Uit die oratoria, 'n programreeks.</i>
		<i>Klassieke ure, 'n plateprogramreeks.</i>
		<i>Groter musiek ken niemand, 'n programreeks op plate.</i>

48) In hierdie opgawe word baie van die gereelde programreekse wat van jaar tot jaar voortgesit is, nie by elke oorsigjaar herhaal nie, maar hoofsaaklik na nuwe programme verwys.

Jaar	Programme in die Engelse diens	Programme in die Afrikaanse diens
1946		<i>Ou Engelse meesters</i> , 'n programreeks uit Pretoria, waarin byvoorbeeld werke van Dowland, Champion, Morley en Byrd gespeel is.
1951	<i>Sir Thomas Beecham turns the tables</i> , 'n besonder gewilde programreeks. <i>Wednesday evening concert</i> , saamgestel deur Spruhan Kennedy.	<i>Uit die argief</i> , 'n program van seldsame opnames deur Elizabeth Crous. <i>Uit my versameling</i> , 'n fynproewersprogram deur Jan Bender. <i>Stemme van die verlede</i> , 'n baie gewilde programreeks deur Elizabeth Crous.
1952	Uniale simfoniekonserte is weekliks uitgesaai. <i>Music for the connoisseur</i> , 'n reeks deur Günther Pulvermacher. <i>By die masters</i> , 'n reeks deur O.J. Horrax. <i>Music's hour</i> en <i>Young South Africa</i> , programreekse waarin belowende jong kunstenaars die geleentheid kry om voor die mikrofoon op te tree.	<i>Erfgoed</i> , 'n koorprogram. <i>Uit ons Dietse liedereskat</i> , 'n program. <i>Groot koorwerke</i> , 'n programreeks deur André Brink. <i>Die Concerto</i> , 'n reeks deur Anton Hartman. <i>Met 'n lied om die wêreld</i> , 'n reeks deur Brami Theunissen.
1954	<i>Music of Africa</i> en <i>The sound of Africa</i> , programreekse oor inheemse Bantoemusiek deur Hugh Tracey. <i>Modern South American composers</i> , aangebied deur Harold Rubens (klavier).	
1955	<i>Concert Hall</i> , 'n tweeweklikse simfonieprogram. <i>Composer of the week</i> , twee keer per week. <i>Promenade concert</i> , weekliks. <i>Morning concert</i> , daagliks <i>Music's hour</i> , weekliks <i>The old and the new</i> <i>By way of traditional music</i> , weekliks.	<i>Simfoniekonsert uit die ateljee</i> , 'n tweeweklikse uitsending. <i>Van ons en van ander</i> , weekliks. <i>Allegro</i> , maandeliks. <i>By die meesters</i> , weekliks. <i>Die kunslied</i> , tweewekliks.

Jaar	Programme in die Engelse diens	Programme in die Afrikaanse diens
1956	<i>Sound of music</i>, weekliks. <i>Concert hall</i> <i>Promenade concert</i> <i>Off the record</i>, weekliks. <i>First hearing</i>, weekliks.	<i>Van ons en van ander</i>, en ander reedsgenoemde gereelde programreekse.
1957	<i>Concert hall</i> en ander gevestigde programme. <i>Souvenir album</i>, 1 Augustus, 'n gram gewy aan herinneringe aan beroemde sangers en ander musici wat gedurende die 21 jaar, 1936 – 1957, in die SAUK se ateljees opgetree het.	'Simfoniekonserte, weekliks. <i>Konsertsaal</i>, weekliks. <i>Treffersparade</i>, tweeweekliks, onder leiding van André Brink. <i>Digter en komponis</i>, tweeweekliks. <i>Capriccio</i>, tweeweekliks. <i>Oggendkonsert</i>, daagliks. <i>Aandster</i>, daagliks. <i>Sondagaandsolis</i>, weekliks. <i>Dinsdagaandsolis</i>, weekliks. <i>Instrumentale musiek van die 18de eeu</i>, weekliks. <i>Musiek van die 19de eeu</i>, weekliks. <i>Beroemde sangers voor ons mikrofoon</i>, 1 Augustus.⁴⁹⁾
1958	<i>Nocturne</i>, weekliks. <i>Eighteenth century instrumental music</i>, weekliks. <i>From our library shelves</i>, weekliks. <i>Record collection</i>. <i>My kind of music</i>, aangebied deur Gideon Fagan. <i>Concert hour</i>, weekliks.	<i>Culani Bantu</i>, programreeks onder leiding van André Brink. <i>Oos, wes, tuis bes</i>, maandeliks, versorg deur Jacques Malan. <i>Komponis van die week</i>, weekliks. <i>Awendkoor</i>, weekliks. <i>Allegro</i>, maandeliks versorg deur Anton Hartman. <i>Uit die hart van 'n komponis</i>, tweeweekliks. <i>Die mag van die melodie</i>, weekliks. <i>Die goue halfeeu van sang</i>, tweeweekliks.

49) Cf. *Souvenir album*, Engelse diens, 1957.

Jaar	Programme in die Engelse diens	Programme in die Afrikaanse diens
1958		<i>Het u dit al gehoor</i>, tweewekliks, saamgestel deur André Brink. <i>Aan die musiek</i>, tweewekliks, aangebied deur Monica Breed. <i>Groot vertolkers van die sangkuns</i>, tweewekliks. <i>Kunstenaars in die kleine</i>, tweewekliks. <i>Die Duitse kunslied</i>, weekliks. <i>Konsertuur</i>, weekliks. <i>Musiek vir almal</i>, weekliks.
1959	<i>Music magazine</i>, tweewekliks. <i>Great pianists on record</i>, weekliks.	<i>Komponis van die week</i>, weekliks. <i>'n Lied uit die hart</i>, weekliks. <i>Die jare vyftig</i>, tweewekliks. <i>Nuut en keurig</i>, tweewekliks. <i>Gewilde konsertjie</i>, tweewekliks. <i>Musiekaand</i>, tweewekliks. <i>Meestersolis</i>, Maandeliks. <i>Liedere van Grieg</i>, tweewekliks. <i>Keuse van Jan Burger</i>, tweewekliks. <i>Musikale portrette</i>, maandeliks.
1960	<i>National recital</i>, weekliks. <i>Monday morning recital</i>, weekliks. <i>String serenade</i>, weekliks. <i>Record review</i>, weekliks. <i>Record collection</i>, weekliks. <i>Record album</i>, weekliks. <i>Concert and contrast</i>, weekliks. <i>Sing it again</i>, weekliks. <i>Rendezvous</i>, weekliks. <i>Airs and graces</i>, tweewekliks.	<i>Maandagaandsolis</i>, weekliks. <i>Sondagaandsolis</i>, weekliks. <i>Dinsdagaandsolis</i>, weekliks. <i>Suid-Afrikaanse blaasorkeste</i>, weekliks. <i>Stemme in harmonie</i>, weekliks. <i>Nuut en keurig</i>, tweewekliks.
1961	<i>For the connoisseur</i>, weekliks sedert Oktober. <i>Concert hour</i>, weekliks. <i>Concert hall</i>, weekliks. <i>Bandstand</i>, weekliks. <i>Music and musician</i>, weekliks.	<i>Vir die musiek liefhebber</i>, weekliks sedert Oktober. <i>Weeklikse simfoniekonserte</i>. <i>Konsertuur</i>, weekliks. <i>Vir u genot</i>. <i>Middagkonsert</i>, daagliks.

Jaar	Programme in die Engelse diens	Programme in die Afrikaanse diens
1961	<i>Memories of music</i> , weekliks. <i>Midday concert</i> , daagliks.	<i>Middagsolis</i> , daagliks. <i>Blaasorkesverskeidenheid</i> , weekliks. <i>Sondagsolis</i> , weekliks. <i>Sondagaandsolis</i> , weekliks.
1964.	<i>For the connoisseur</i> , weekliks op Woensdagaande, programme waarin die klem op die sestiende en vroeë sewentiende eeuse musiek gelê is.	<i>Nuwe musiek by die kruispad</i> , 'n fynproewersprogram, aangebied deur Dawid Engela.

Versoekprogramme

Versoekprogramme was veral gewild in jeugprogramme. Enkele voorbeelde van ander versoekprogramme wat ook 'n baie groot aanhang geniet het en steeds geniet, is die volgende:

Engelse diens

Phone a tune

You asked for it.

Music lover's choice

At your request.

Afrikaanse diens

U eie keuse, 'n weeklikse program op Saterdagdaande.

Almal se gunsteling, Sondagmiddae.

12. Skooluitsendings, kinder- en jeugprogramme

(a) Skooluitsendings

Behalwe die musiekwaarderingslesse wat in Natal uitgesaai is, is die eerste georganiseerde uitsaailesse vir skole reeds in 1937 in die Kaapprovinsie met welslae geloods. Hierdie poging het in noue samewerking met die Kaapse Onderwysdepartement geskied.⁵⁰⁾

Die Uniale Raad vir Skooluitsendings, wat hom sedert 1929 beywer het vir die skoolradio, is later gevra om in samewerking met die SAUK, 'n jaarprogram vir daaglikse radiolesse op te stel, wat dan uit die verskillende sentra van die SAUK

50) *Jaarverslag van die SAUK 1936/37*, p. 23.

uitgesaai sou word. Die inhoud van hierdie programme is bepaal deur die leerplanne van die Onderwysdepartemente van die verskillende provinsies, met wie daar voortdurend nou geskakel is.

'n Belangrike bydrae tot die sukses van skooluitsendings was die uitreiking van 'n onderwysgaset deur die Kaapse Onderwysdepartement in 1948. Dié gaset, met aantekeninge en illustrasies, was bedoel as 'n handleiding vir die onderwysers en skoliere.⁵¹⁾

Die Uniale Raad vir Skooluitsendings is in 1954 vervang met die Nasionale Adviserende Raad in verband met rolprent- en radiodienste aan skole. In die Kaap-provinsie is in hierdie stadium vir tien lesure per week beplan – vyf in elk van die twee landstale.⁵²⁾

In 1958 is begin met proefnemings om sekere skooluitsendings in die namiddag aan te bied, sodat diegene wat nie gedurende die voormiddag daarna kon luister nie, ook daarby kon baat. Daar word berig dat hierdie stap allerweë verwelkom is.⁵³⁾ Gevolglik is hierdie proefnemings in 1959 voortgesit deur die radiolesse wat gedurende skoolkwartale vanaf 11.15 voormiddag tot 12.00 uitgesaai is in die namiddae te herhaal, om sodoende ook die leerlinge van tegniese skole te bereik. Terselfdertyd sou dié leerlinge wat reeds na die programme geluister het, die heruitsendings daarvan baie voordelig kon benut.⁵⁴⁾

Die SAUK het in 1961 die skoolradiodiens heeltemal oorgeneem, met dien verstande dat die verskillende onderwysdepartemente wat verteenwoordig is op die Suid-Afrikaanse Raad vir Oudio-visuele Onderwys, finansiële en professionele bystand sou verleen. In hierdie nuwe bedeling is ook die hulp van die Staatsfilmproduksies ingeroep, met wie se medewerking die eerste radio-visieprogramme aangebied is. Meer as 700 skole het strookfilm aangevra vir hierdie programme, waarin

51) *Ibid.* 1948, p. 34.

52) *Ibid.* 1954.

53) *Ibid.* 1958.

54) *Ibid.* 1959

musiek, musiekinstrumente en groot komponiste behandel is. Hoewel daar welslae met hierdie pogings behaal is, word daar in 1962 berig dat die inskakeling van programme in 'n deurlopende skoolprogram volgens die leerplanne, nog baie probleme oplewer, wat opgelos moet word.⁵⁵⁾ Om hierdie probleme te oorbrug, is daar in 1964 volledige kwartaallikse roosters van programme saam met handleidings vir onderwysers en leerlinge versprei.⁵⁶⁾

Die skoolradioprogramme het 'n verskeidenheid onderwerpe, waaronder musiek 'n belangrike plek ingeneem het, gedek. Die volgende voorbeelde van programme gee 'n aanduiding van die aard van die radiomusieklesse:

Jaar	Engelse diens	Afrikaanse diens
1939	Orkeskonserte aan die einde van elke skoolkwartaal, deur die SAUK-orkes onder leiding van Theo Wendt en die Kaapstadse stadsorkes onder leiding van William Pickerill.	
1947	<i>Enjoying music</i> , deur E. Croft. <i>Learn music the play way</i> , deur E. Bosman.	<i>Hoe moet ek na musiek luister</i> , deur J.D. Malan. <i>Die musiek van Suid-Afrika</i> , deur Anton Hartman.
1948	<i>Music appreciation</i> , deur Leslie Arnold.	<i>Musiekwaardering</i> deur Leslie Arnold. <i>Kom ons sing</i> , 'n baie gewilde reeks aangebied deur Maria Schoeman.
1952	Musiekwaarderingslesse deur C. Alan Cook.	
1955	<i>Music through the ages</i> , deur Walter Swanson.	<i>Musiek deur die eeue</i> , deur Walter Swanson. <i>Musiekwaardering</i> , deur W.F.B. Steenkamp.
1956	<i>Music appreciation</i> , deur Margaret Hoskyn en C. Alan Cook.	<i>Musiekwaardering</i> , deur Margaret Hoskyn en C. Alan Cook. <i>Die orkes en sy ontwikkeling</i> .
1957	<i>Music appreciation</i> , deur Nancy Butler, Margaret Hoskyn en Walter Swanson.	<i>Musiekwaardering</i> , deur Nancy Butler, Margaret Hoskyn en Walter Swanson.

55) *Ibid.* 1962.

56) *Ibid.* 1964.

Jaar	Engelse diens	Afrikaanse diens
1958	<i>Music Appreciation</i> , deur Nancy Butler.	<i>Musiekwaardering</i> , deur M.J. Pitout.
1959	<i>Music, the voice of the universe.</i>	<i>Musiek, stem van die heelal.</i>
1960	<i>Magic in music.</i>	<i>Musiek uit Suid-Afrika.</i>
1961		<i>Operettes vir skole</i> , aangebied deur Bosman de Kock. <i>Ons sing saam.</i>
1963	Programme waarin die musiekleerplanne vir hoërskole bespreek en toegelig word aan laerskoolleerlinge. (Kwartaalliks)	
1964	Musiekprogramme vir sekondêre skole, deur Philip Britton.	Musiekprogramme vir sekondêre skole deur Anton Hartman.

Geen outoritêre motivering kon bekom word waarom die SAUK se skoolradiodiens in 1965 gestaak is nie.

In die Verenigde State van Amerika word die klankradio op groot skaal gebruik vir uitsendings na skole gedurende skoolure. Volgens Dykema en Gehrken⁵⁷⁾ word daar in hierdie radiolesse nie altyd slegs passief geluister nie. Skooluitsendings waaraan die leerlinge aktief kan deelneem, is die volgende:

— **Dirigentklasse**

In hierdie lesse wys die instrukteur foute uit van denkbeeldige persone, dit wil sê algemene foute wat gewoonlik onder die gemiddelde studenteluisteraar sal voorkom. Die luisteraar volg die musiek op die partituur voor hom.

— **Die uitvoering van musiek in 'n groep, byvoorbeeld 40 koorlede**

Vir hierdie lesse gebruik die instrukteur ook 'n groep in die ateljee en instruksie word ook dié geval gebaseer op die foute wat die ateljeegroep begaan, omdat dié foute min of meer algemeen geldend sal wees vir ander dergelyke groepe, wat die lesse ontvang. Die instrukteur wys die foute uit

57) *High school music*, Birchard, Boston, 1940 pp. 293–306: 'Radio as a potential force in music'.

soos wat hulle deur die groep in die ateljee begaan word. Later in die program word byvoorbeeld slegs die begeleiding en een stem gespeel, terwyl dit van die leerlingluisteraars verwag word om die tweede stem self by te voeg. Hierna word slegs die begeleiding gespeel, terwyl die luisteraars die vokale partye moet byvoeg.

— Lesse in instrumentale samespel

Die note van 'n betrokke werk word vooraf deur leerlinge op hulle onderskeie instrumente aangeleer. Vir afronding ten opsigte van tempo, frasering en toonkleurnuanses word die radio-instruksies gevolg.

In Amerika het Dr. Joseph E. Maddy soortgelyke 'music participation programmes' onderneem vanaf die uitsaaistasie van die Michigan Universiteit. Hierdie programme het bestaan uit halfuurlesse in reekse van tien, wat altyd vooraf in die vorm van bulletins versprei is, sodat die leerlinge die musiek vroegtydig kon instudeer. Dr. Maddy was baie suksesvol in die onderrig van blaas- en strykinstrumente oor die radio. Vir die uitsendings maak hy gebruik van twee aangrensende ateljees, geskei deur dubbele vensters. In die een ateljee is 'n orkes of koor, gewoonlik universiteitstudente of hoërskoolleerlinge, of professionele musici. Hierdie groepe of soliste demonstreer musikale begrippe en tegnieke deur aan die leerlingluisteraars enkelnote, akkoorde of frases voor te speel of voor te sing. Dit word dan deur die leerlinge voor die ontvangstoestel herhaal. In die aangrensende ateljee is 'n klas beginnerleerlinge wat ook voor 'n radio-ontvangstoestel sit en die instruksies volg. Deur die reaksies van die leerlinge in die aangrensende ateljee dop te hou, word die instrukteur (Dr. Maddy) in staat gestel om die gang van die les te sinkroniseer met die vermoë van die gemiddelde leerling wat die lesse in die skool ontvang.

Die onderwyser of ander verantwoordelike persoon is in beheer by die ontvangs van radiolesse in die skole. Dié persoon moet toesien dat die leerlinge hulle aandag by die radio-instruksies bepaal. Die eerste gedeelte van die eerste les is toegespits op die bemeestering van die drie tone, do, re, mi. Die ateljee-ensemble hou elk van hierdie note aan terwyl die leerlinge dit op hulle instrumente probeer ewenaar. Die vingersettings in hulle boeke word ook toegelig.

Nadat die eerste oefening van buite geleer is, speel die ateljee-orkes eenvoudige melodietjies, gebaseer op die behandelde note, voor, waarna die leerlinge dit frase vir frase probeer naboots. Die eerste les is nooit voltooi nie alvorens die leerlinge probeer het om *America* te speel. Dis nie nodig om *America* in sy geheel te leer nie, want die leerlinge kan dit self tuis verder leer, al het hulle gedurende die les slegs geleer om die aanvangsnoot te bemeester.

Dit word nie van die leerlinge verwag om die lesse tuis te oefen nie. Die eerste oefeninge is hoofsaaklik klaswerk en toegespits op die uitbreiding van die leerlinge se notewoordeskat. Die oefeninge as sodanig word later weer vergeet.

Wanneer Maddy elke radioleerling huis toe kan stuur met die vermoë om een wysie te speel en met vertroue dat die leerling *America* met 'n paar uur se oefening sal kan bemeester, sou die eerste les 'n sukses wees.

Die opvolgende lesse volg die patroon van die eerste les. Met elke les leer die leerlinge twee of drie nuwe wysies speel. Hulle leer die wysies op gehoor speel, maar volg tog die note met die vingersettings op die bladmusiek voor hulle. Op hierdie wyse ontwikkel hulle uiteindelik die vermoë tot elementêre bladlees. Soos wat die leerlinge vorder, word twee-, drie- of vierstemmige liedjies by die lesse betrek. Die meeste liedjies lê binne die stemomvang van die leerlinge, sodat die instrumentaliste begeleiding kan verskaf in die sangklas en by skool- en sosiale byeenkomste.⁵⁸⁾

Dr. Maddy besoek die skole waar sy radiolesse ontvang word ook gereeld om vas te stel in watter mate sy lesse suksesvol was en in watter opsigte hy misluk het. Hierdeur leer hy iets van elke klas wat hy besoek en op dié wyse, glo hy, kan hy sy onderrigtegniek byna elke week verbeter. Sy bevindings staaf die ou bekende feit: *Onderrig minder sodat die leerlinge meer kan leer*. Dit is veral van toepassing by radio-onderrig. Verder het hy ook die gevolgtrekking gemaak dat die instrukteur so min moontlik moet praat en die leerlinge die geleentheid moet gee

58) Abbot, Waldo, *Handbook of broadcasting*, McGraw-Hill, New York, 1941, p. 207: 'Music instruction'.

om gedurende die lesuur soveel moontlik self te speel. *Die doel van elke les moet wees om die student se vermoë om sy eie probleme op te los, te ontwikkel en te versterk.*

Net soos Dr. Maddy is ook Edgar B. Gordon (reeds in 1931) gevra om weeklikse radiomusieklesse aan te bied vanaf die Universiteit van Wisconsin se uitsaaistase.⁵⁹⁾ Hy het aan die versoek voldoen op voorwaarde dat die lesse beplan word om die minderbevoorregte kinders op die platteland ook te bereik en dat dit verder as navorsingsprojek gebruik kon word; dit wil sê, 'n toetsprojek vir die geslaagdheid van radiomusieklesse.

Gordon se lesse was 30 minute lank en is gedurende skoolure uitgesaai. Vir dié lesse het elke kind 'n liedereboek ontvang en die onderwyser 'n addisionele instruksieboek.

Gordon se lesse het in die begin slegs 'n paar skole ingesluit, maar na twintig jaar het die getal leerlinge wat sy uitsaailesse ontvang het, aangegroei tot 80 000. Daar is van tyd tot tyd radiofeeste in Madison gereël. Die getal deelnemers het van 400 aangegroei tot 3 600 in die vroeë vyftigerjare. Soortgelyke streeksfeeste is ook gereël, waarin tot 3 000 deelnemers opgetree het. Na twintig jaar ondervinding maak Gordon die volgende gevolgtrekkings in verband met radiomusieklesse:

- Die radio kan as doeltreffende onderwysmiddel gebruik word.
- Dit verskaf 'n voortreflike oplossing vir die plattelandse probleem en die gebrek aan opgeleide onderwysers.
- Die lesse word ook in die huise van kinders oorgedra, sodat die ouers, wat dit tuis volg, die kinders verder kan aanspoor.
- Deur staats- en streeksfeeste kan duisende kinders in verafgeleë dele van die land deel in die sosiale en artistieke belewing van sing en speel in 'n program van goeie musiek.

59) Dykema & Cundiff, *School music handbook*, Summy-Birchard, Evanston, Illinois, 1955, p. 55: 'Audiovisual instruction'.

Uitsendings deur leerlinge⁶⁰⁾

Die deelname van leerlinge aan uitsendings stimuleer die leerlinge om hulle spel fyner af te rond en dit dra ook by tot die keuse van 'n beter gehalte musiek. Die stimulus van wedywing, soos wat dit byvoorbeeld tevoorskyn tree by kunswedstryde, speel hierin 'n belangrike rol. Die uitsaaistasie maak verder ook opnames van uitvoerings deur die leerlinge vir kritiese evaluering deur die leerlinge self.

By die uitsaaistels in Finland, word die deelname van kinders in kindermusiekprogramme ook sterk beklemtoon. Die kinders tree self op in uitsendings wat uitgesaai word vanaf 'n hoërskool in Helsinki. Die program duur 'n uur en sluit af met ritmiese musiek, waaraan die radiogehoër ook eenstemmig deelneem. Kinders bring verder speelgoedinstrumente saam om 'n 'orkes' te vorm.⁶¹⁾

(b) Kinderprogramme

Enkele verteenwoordigende voorbeelde:

Jaar	Engelse diens	Afrikaanse diens
1945	Programme saamgestel uit opnames wat gemaak is tydens die Bloemfonteinse sangfees, waaraan bykans 2 000 kinders deelgeneem het.	
1957		<i>Ons kinders sing</i> , 'n program bestaande uit opnames van laerskool-sanggroepe.
		<i>Musiek vir ons kinders</i> , opgestel deur Dowlina Grobler.
1958	<i>Movement to music</i> , deur Majorie Eele.	<i>Siembamba</i> : Musiekspeletjies vir kleuters.
1959	<i>Musical alphabet</i> , <i>Uncle Charles's Musical story book</i> .	
1960	<i>Uncle Charles's musical box</i> .	

60) Dykema & Gehrken, *loc. cit.*

61) *European broadcasting union review*, March 1964, p. 14.

Jaar	Engelse diens	Afrikaanse diens
1961	<i>Pictures at the piano.</i>	
1962	<i>Shall we sing</i> , 'n program in informele gees, waarin interessante verhale met liedjies geïllustreer word — 'n mengsel van pret, fantasie en musiek.	
1963		<i>Siembamba: Saam na musiekland</i> , 'n program waardeur kleuters op 'n vermaaklike en maklike begrypbare manier in die geheime van die musiek ingelei is.

(c) Jeugprogramme

Een van die belangrikste gereelde weeklikse musiekprogramme vir die jeug is *Jong Suid-Afrika/Young South Africa*, waarin belowende jong musici die geleentheid kry om voor die mikrofoon op te tree. Dit is die SAUK se beleid om 'n persoon wat aan so 'n program deelgeneem het, na ses maande weer te nader vir 'n optrede met die doel om die ontwikkeling van jong talentvolle musici verder te stimuleer.⁶²⁾

Musiekstudente luister/Music students listening is 'n ander belangrike programreeks waarin al die voorgeskrewe musiekstukke vir die diploma-eksamens van die Universiteit van Suid-Afrika en die Royal Schools voorgespeel en bespreek word.

Versoekprogramme vir die jeug word weekliks oor die Engelse en Afrikaanse programdiens uitgehaal en is besonder gewild. Voorbeelde van dié soort program is *Your choice* en *Appointment with music* oor die Engelse diens.

In 1964 is daagliks gemiddeld 15 minute van ligte musiek by die jeugprogram oor die Engelse diens ingepas, wat weer afgewissel is met ernstige musiek en ander spesiale besprekingsprogramme.⁶³⁾

62) *Jaarverslag van die SAUK 1964.*

63) *Ibid.*

In die *Ons roep die jeug*-program is daar ook rekening gehou met die behoeftes van jeugluisteraars wat nie meer tevrede is met 'n té konserwatiewe smaak, veral ten opsigte van ligte musiek nie.⁶⁴⁾ Hierteenoor is egter ook voorsiening gemaak vir die gevorderde en meer gesofistikeerde smake van baie ander jong luisteraars.

In al hierdie jeugprogramme (wat in 'n selfstandige afdeling gekoördineer is) kon 'n ommeswaai in die belangstellingspatroon van jeugluisteraars waargeneem word, dit wil sê weg van oppervlakkige ligte musiek, in die rigting van beter program-materiaal.⁶⁵⁾

Belangrike persoonlikhede wat in hierdie programme opgetree het, was onder andere Igor Strawinski en Jascha Horenstein.

Die volgende tabel illustreer verder die aard van musiekprogramme wat in jeugprogramme aangebied is:

Jaar	Engelse diens	Afrikaanse diens
1950	'n Program waarin die <i>Young person's guide to the orchestra</i> (Britten) uitgesaai is.	
1951		<i>Musiek van Volk en Land</i> , deur Anton Hartman. <i>Die orkes</i> , saamgestel deur Anna Bender.
1953		<i>Miempie in orkesland</i> , 'n vertaalde reeks, waarin die orkes en orkes-musiek op 'n populêre manier bekendgestel is.
1956	<i>Schumann the master</i> , deur Lee McDuling. <i>Hello, young music lovers</i> , deur Sir Malcolm Sargent, BBC-transkripsie.	<i>Mozart was my broer</i> , 'n vervolghaai verwerk deur Etienne Louw.
1957		<i>Robert Schumann en Brahms</i> .

64) *Ibid.* 1962.

65) *Ibid.*

Jaar	Engelse diens	Afrikaanse diens
1958	Massa jeugkonserter vanuit die Johannesburgse stadsaal, waarin die SAUK-orke ook opgetree het. Hierdie konserte was, hoewel vermaaklik, ook toegespits op musiekwaardering.	<i>Wonderkinders van die musiek</i> , deur André Brink. <i>Ons gesels oor musiek</i> .
1959	<i>Youth concert</i> . <i>Music magazine</i>	<i>Jeugkonsert</i> , die beste opnames wat gemaak is tydens die SAUK-orke se optredes by skole.
1960		<i>Jeugkonsert</i> . <i>Instrumente van die musiek</i> , deur Charles Oxtoby. <i>Skoolkonsert</i> , bestaande uit uitvoerings deur Vlaamse skoolkore van Belgiese en Vlaamse volksmusiek.
1961	<i>The lives of great composers</i> .	Kadetorkeswedstryde is in programme weerspieël. Programme waarin bekende kunstenaars die jeug toespreek, byvoorbeeld Jan Pearce, Peter Katin en Nicanor Zabaleta.
1962	Opvoedkundige praatjies waarin verskeie aspekte van die musiek gedek is.	
1963	Programme waarin jeughelde van Cliff Richard tot Mikro voor die mikrofoon opgetree het.	
1964		<i>Die musiek praat</i> , deur George Goussard.

13. Opvoedkundige programme vir volwassenes

"n Volkome waardering vir goeie musiek is nie moontlik sonder basiese kennis van die musiek nie.' In die lig van dié feit is dit 'n baie belangrike taak van 'n publieke uitsaai-organisasie om die lekeluisteraar van hierdie basiese kennis te voorsien. Dit word gedoen deur middel van programme wat verskeie aspekte van die musiek dek. Die verheffende invloed van goeie musiek, waarvoor op dié wyse 'n aanvoeling aangekweek word, moet tot die voordeel van enige gemeenskap strek.

Voorbeelde van sulke opvoedkundige programme het reeds telkemale in die

voorafgaande afdelings van hierdie hoofstuk voorgekom, byvoorbeeld toeligtingspraatjies by opera-uitvoerings, simfoniekonserte en die daaglikse *Middagkonsert*, opvoedkundige programme met betrekking tot die kerkmusiek, asook dié in die skool- en jeugprogramme, ensovoorts.

'n Publieke utiliteitskorporasie soos die SAUK moet dit eweneens as 'n belangrike taak beskou om voldoende tyd in te ruim vir programme wat die ingewyde, intellektuele luisteraar se belangstelling sal prikkel en hul musiekwetenskaplike gesigsveld sal verbreed.

Die volgende opsomming van opvoedkundige programme sedert 1937, sal 'n aanduiding kan gee in hoeverre die inhoud van die SAUK se musiekprogramme tred gehou het met die uitvoering van hierdie belangrike opvoedingstaak:

Jaar	Engelse diens	Afrikaanse diens
1937	Musieklesings met klankillustrasies deur plaaslike kunstenaars of deur middel van plaatopnames, aangebied deur die volgende persone: Prof. Con de Villiers Prof. W. Gerke George Tobias Walter Swanson William Pickerill Edward Dunn	
1938	Praatjies oor die musiek, aangebied in al die streeksentra. Die toeligtingspraatjies oor die Johannesburgse simfoniekonserte deur prof. P.R. Kirby, D. Duggan, asook Steward Dean se praatjies uit Kaapstad, was besonder geslaagd.	
1940	<i>The foundations of music</i> , die eerste reeks praatjies uit Durban deur Charles Oxtoby, musiekadviseur van die Durbanse afdeling van die SAUK.	
1945	<i>They did write more than one tune</i> , 'n programreeks waarin minder bekende musiek voorgestel is.	Musiekwaarderingspraatjies gedurende pouses van simfoniekonserte. <i>Uit die biblioteek van 'n fluitspeler</i> , deur prof. P.R. Kirby. <i>Uit die biblioteek van 'n musiekenner</i> , deur prof. P.R. Kirby.

Jaar	Engelse diens	Afrikaanse diens
1946	<i>Music lover's notebook</i> , deur Erik Chrisholm. <i>The orchestra plays</i> , 'n program waarin Charles Oxtoby die samestelling van die orkes verduidelik en illustreer.	<i>Die Voortrekkers op musiekgebied.</i> <i>Die Afrikaner en die musiek</i> , waarin onder andere 'n onderhoud met Gerrit Bon gevoer is oor die posisie van die kerkorrelis in die Afrikaanse musieklewe.
1947	<i>Unusual biographies</i> , deur Günther Pulvermacher. <i>Musical notebook</i> , deur Walter Swanson. <i>Man and his music</i> , deur O.J. Horrax.	<i>Ons Klassieke uur</i> , deur Stefans Grové. <i>Musiekaand</i> , deur C.J. Weich. <i>Die Afrikaanse lied</i> , deur Bosman de Kock. <i>Uit volksmond</i> , deur Pierre Malan.
1948		<i>Die ontwikkeling van my musiek-smaak</i> , 'n reeks praatjies gelewer deur prof. Con de Villiers, S. le Roux Marais, Anna Bender, Hans Rompel, Dirk Lourens, M.C. Roode, Victor Ivanof en Anton Hartman.
1949	<i>Mozart letters.</i> <i>Musical parallels.</i> <i>The song through the ages.</i> <i>Music of the world.</i>	'n Praatjie waarin die rol van die F.A.K. in die Afrikaanse musieklewe bespreek is. <i>Van die Minnesangers tot by Bach.</i>
1950	<i>Music in history</i> , 'n reeks deur Spruhan Kennedy.	'n Glansprogram oor die musiek van die Kaapse Maleiers.
1951	<i>Verdi, the man and the master</i> , 'n praatjie deur Noel McAdam.	
1953		'n Weeklikse programreeks oor die lewe en werk van J.S. Bach, met opnames van die Nordwestdeutscher Rundfunk.
1955		'n Weeklikse programreeks, waarin nuwe musiekopnames bespreek en voorgespeel is.
1956	'n Hele aantal praatjies oor die groot Mozart-fees. <i>Music and the critics</i> , 'n weeklikse programreeks.	
1957		<i>Musici gesels</i> , 'n maandelikse program onder leiding van Frits Schuurman.

Jaar	Engelse diens	Afrikaanse diens
1957		<i>Die oes van 21 jaar</i> , 'n praatjie oor beroemde dirigente wat die SAUK besoek het.
1958	<i>Musical documentaries</i> , 'n weeklikse program deur Spruhan Kennedy. <i>Record review</i> , deur Edgar Cree. <i>Songs and song writers</i> , deur Spruhan Kennedy.	<i>Wat is die wese van goeie sang?</i> , 'n tweeweeklikse program.
1960	<i>Aspects of music</i> , 'n program deur verskillende musiekpersoonlikhede.	<i>Ons eie komponiste aan die woord</i> , 'n tweeweeklikse program.
1961	Besprekingsprogramme oor 'n groot aantal aspekte van die musiek.	<i>Vertellings van ervarings deur voor- aanstaande musici</i> , 'n program deur Frits Stegman, waarin die volgende persone opgetree het: Dr. C.G.S. de Villiers Walter Swanson Joseph Slater Webster Booth
1962		Bespreking deur W.E.G. Louw oor <i>The square</i> , die eerste Suid-Afrikaanse ballet, deur Stanley Glasser.
1964	Geïllustreerde praatjies oor 'n hele aantal musiekonderwerpe deur plaaslike en besoekende musici en musiekwetenskaplikes, byvoorbeeld die Britse komponis, Humphrey Searle. 'n Program oor Schoenberg, Berg en Webern. 'n Program oor Franz Liszt.	<i>Vir die fynproewer</i> , Sondagaandprogramme, onaangetas deur populêre smaak waarin verskeie aspekte van die musiek bespreek is. <i>Baanbrekers van ons musieklewe</i> , deur prof. J.P. Malan.

14. Ligte musiek

(a) Boeremusiek

Die versameling van Boeremusiek is 'n groot bydrae wat die SAUK lewer om dié hoofsaaklik Afrikaanse tradisionele musiekidroom lewend te hou. Daar is van tyd tot tyd landswye veldtogte georganiseer om baie van hierdie musiek, wat moontlik verlore kon raak, op te spoor en weer aan die jonger geslagte in programme voor te stel.

Die komposisies wat so bekom is, is oorgeskryf deur Anton Hartman en Bosman de Kock en gekopieer vir al die SAUK se musiekbiblioteke, wat dit weer aan Boere-orkeste in die verskillende streke beskikbaar gestel het.

Intensiewe versamelingsveldtogte is in 1951 en 1953 met goeie gevolg van stapel gestuur. In 1951 alleen is meer as 400 items bekom. Die versameling is in 1960 aansienlik verryk deur die skenking van 'n hele versameling Boeremusiek deur Mevrouw Jo Fourie, versamelaar van Afrikaanse tradisionele musiek. Die resultate van dié versamelingsveldtogte is gereeld in programme weerspieël. In 1952 is byvoorbeeld 'n programreeks van Boeremusiek, *Uit die jaar vroeg*, aangebied, waarin baie van die opgespoorde musieknommers deur die orkeste van Hendrik Susan en Hansie van Loggerenberg uitgevoer is.

Die repertorium van Boeremusiek is sedert 1946 verder uitgebrei deur die verskyning van komponiste van nuwe Boeremusieknommers, byvoorbeeld Cissie Cooper, Anton de Waal en Danie Bosman.

Gedurende die eerste dekade van die SAUK se bestaan het Boere-orkeste hoofsaaklik direk uit die ateljees uitgesaai. Dit was veral Hendrik Susan se orkes wat reeds in 1938 groot gewildheid geniet het. Ander orkeste wat gereeld gedurende die veertigerjare oor sowel die Afrikaanse as die Engelse programdienste uitgesaai het, was dié van Arnout Malherbe en Gerhard de Kock, asook ander amateurgroepe.⁶⁶⁾ Hierdie uitsendings is dikwels aangevul deur interessante praatjies oor Boeremusiek deur Anton Hartman.⁶⁷⁾

Gedurende 1950 het talle nuwe Boere-orkeste dwarsdeur die land op die toneel verskyn, 'n feit wat deeglik in uitsaaiprogramme weerspieël is. In Johannesburg en Pretoria het byvoorbeeld 17 Boere-orkeste uitgesaai, in Kaapstad vier en in Durban twee.

66) *Jaarverslae van die SAUK 1945, 1947, 1948:*

67) *Ibid.* 1945.

Die stigting van die Uitsaai-Boere-orkes in 1961 het onmiddellik veel hoër eise aan amateurgroepe gestel wat sowel die uitvoering as die verwerking van tradisionele en nuwe melodieë betref. Desnieteenstaande is daar in 1962 – 1964 jaarliks meer as 'n dosyn van die land se beste Boere-orkeste in uitsendings verteenwoordig.

Hoewel lewende uitsendings deur amateurgroepe steeds baie gewild gebly het, is 1949 gekenmerk deur 'n groter aantal plateprogramme van Boeremusiek as gevolg van die toenemende aantal plaatopnames wat beskikbaar gestel is. Die SAUK self het in die vyftigerjare begin met 'n uitgebreide projek om transkripsieopnames van Boeremusiek te maak, sodat lewende uitsendings byna heeltemal uitgeskakel is.

Die SAUK het van tyd tot tyd ook Boeremusiekwedstryde uitgeskryf, waarvan die verloop gereeld in programme weerspieël is. Die eerste wedstryd van hierdie aard is in 1946 in Kaapstad gehou. In 1948 is 'n wedstryd vir die skryf van oorspronklike komposisies in die Boeremusiekidroom georganiseer, waarvoor pryse uitgelooft is. Hierdie nuwe komposisies sou dan uitgesaai word gedurende die beplande musiekfees van 1949, waartydens die eindwedstryde vir Boere-orkeste ook sou plaasvind. Die bekendste groepe wat deelgeneem het was dié van Hendrik Susan, Arnout Malherbe en Hansie van Loggerenberg. Laasgenoemde is as die wenner aangewys. 'n Soortgelyke Boere-orkeswedstryd is in 1952 deur die Afrikaanse diens van die SAUK gereël.

(b) Ander ligte musiek

Die term 'ligte musiek' verwys na 'n wye spektrum van musiekidiome. In die praktyk is dit egter baie moeilik om definitiewe, betroubare, universeel aanvaarbare skeidslyne tussen die verskillende kategorieë te trek. Verder moet daar inderdaad rekening gehou word met die moontlikheid dat die grenslyne van tyd tot tyd kon verskuif het, deels as gevolg van nuwe ontwikkelings op die gebied van die ligte musiek, soos byvoorbeeld die opkoms van die Amerikaanse *Rock 'n' roll*-idroom gedurende die vyftigerjare. In die kolomme waar verslag gedoen word oor die toewysing van programtyd vir die verskillende tipes musiek, verdeel die jaar-

verslae van sowel die SAUK as die BBC ligte musiek in twee afdelings, naamlik *ligte musiek* en *dansmusiek*. In sommige jaarverslae het die SAUK Boeremusiek afsonderlik geklassifiseer, terwyl dit vir ander jare saam met dansmusiek onder een hoof in berekening gebring is.⁶⁸⁾

Dit is selfs nie altyd heeltemal duidelik waar die SAUK-jaarverslae die skeidslyn tussen ernstige en ligte musiek trek nie; dit wil sê, in watter kategorie die sogenaamde 'ligte Klassieke musiek', wat negentiende-eeuse orkesouvertures, marse, Weense walsmusiek, ensovoorts, insluit, geplaas word. Strenggesproke is laasgenoemde 'dansmusiek', maar kan tog nie saam met die hedendaagse ontwikkelings op die gebied van die dansmusiek onder een hoof geklassifiseer word nie.

Wanneer 'n mens die SAUK se verskillende ligte musiekprogramme verder met mekaar vergelyk, val dit op dat daar in sekere programme, met titels soos *Strelende melodieë*, *Laatmiddagverposing*, *Ligte orkesverskeidenheid*, *Van alles en nog wat*, *Koper*, *strykers en ander snare*, ensovoorts, voorkeur verleen word aan 'n populêre idioom wat mens 'n 'tussentipe' kan noem. Hierdie tipe kan beslis nie as 'lig-Klassiek' bestempel word nie, nóg as dansmusiek, nóg as volksmusiek in die ware sin van die woord. In hierdie tipe musiek word gewoonlik gebruik gemaak van groot orkeste en kleurrike orkestrasies, terwyl die melodiese materiaal ontleen word aan populêre volksmusiek, Latyns-Amerikaanse dansmusiek, filmmusiek, moderne *rock*-komposisies, en selfs aan ernstige musiekwerke van byvoorbeeld Bach, Beethoven en talle Romantiese komponiste. Hoewel dié styl in die algemeen meer verfynd en gestileerd is as dié van die kleiner moderne *rock*-musiekensembles, wat ondubbelsinnig as dansmusiek geklassifiseer kan word, word daar tog dikwels gebruik gemaak van onderliggende dansritmes, veral die Latyns-Amerikaanse dansritmes. Die bekendste eksponente van hierdie idioom is byvoorbeeld Mantovani, Jos Cleber, Bert Kaempfert, Werner Müller, Joe Loss, Hugo Strasser, Alfred Hause, Stanley Black, Max Gregor, Die 101 strykers, ensovoorts.

Behalwe vir 'n inleidende oorsig oor die SAUK se pogings om die Suid-

68) Kyk afdeling 18 van hierdie hoofstuk: 'Toewysing van programtyd'.

Afrikaanse volksmusiek te bevorder en te bewaar, word alle ligte musiektipes hier dus verder as 'n eenheid behandel.

Die SAUK het, net soos in die geval van Boeremusiek, vroeg reeds besondere aandag geskenk aan die bewaring van volkswysies en ander ligte musiek van eg Suid-Afrikaanse oorsprong. In die SAUK se jaarverslag vir 1939 word melding gemaak van die voortreflike werk van Hendrik Susan om die ou volksliedjies te laat herleef. Tot 1941 het die SAUK self baie aandag aan hierdie werk bestee, met bemoedigende resultate. 'n Skema is gevolg wat onder twee hoofde ingedeel kan word:

- (i) Die versameling van volks- en ander Suid-Afrikaanse musiek uit alle dele van die land en die liassering daarvan met die doel om dit te bewaar.
- (ii) Die behoorlike verwerking en aanbieding van alle Suid-Afrikaanse ligte musiek van bevredigende gehalte.

Omdat orkeste in hierdie tyd skaars was in Suid-Afrika, het komponiste selde vir dié medium geskryf. Die gesigseinder was feitlik tot die klavier beperk. In 1941 is begin om 'n biblioteek van orkesverwerkings van Suid-Afrikaanse musiek op te bou, wat teen die einde van 1941 reeds sestig komposisies van dié aard bevat het. Opnames daarvan is deur 'n Johannesburgse orkes gemaak.

In 1953 en 1954 is verdere projekte om ligte Afrikaanse en Nederlandse musiek vir volle orkes, koor en soliste te verwerk, aangepak, sodat die bekende melodieë in 'n aantrekliker vorm in programme soos *Daar kom die wa* aangebied kon word.

Die Nederlandse verwerker van ligte musiek, Jos Cleber, het in 1961 in opdrag van die SAUK bekende Afrikaanse wysies vir orkes verwerk en met lede van die SAUK-orkeste opnames daarvan gemaak. Hierdie opnames het 'n omwenteling in die ligte musiekprogramme van die SAUK teweeg gebring. Die aantreklike verwerkings, tesame met 'n hoë peil van uitvoering, het aan ligte Afrikaanse musiekprogramme 'n nuwe voorkoms besorg.

In 'n soortgelyke gekonsentreerde poging in 1964 is 2 500 ligte musiek-nommers by die transkripsiediskoteek gevoeg, waarvan tweeduisend verwerkings van inheemse wysies was. Honderd en vyftig hiervan is weer deur Jos Cleber vir die SAUK verwerk, waarvan vyf en sestig in Holland opgeneem is en vyf en tagtig gedurende sy besoek aan Suid-Afrika.

Wat ander ligte musiek betref, word daar in 1938 melding gemaak van heruitsendings van dansmusiek deur plaaslike hotel-, kafee-, en dansorkeste, waarvan die peil egter, volgens kritici, baie onbestendig was.⁶⁹⁾ In 1939 het 32 verskillende dansorkeste programme vanuit die ateljees verskaf.

Gedurende 1946, 1947 en 1948 is verreweg die grootste hoeveelheid tyd aan ligte musiekprogramme toegewys. Hierdie programme het grotendeels bestaan uit plateprogramme, hoewel bekende plaaslike groepe nog gereeld in die ateljees opgetree het, byvoorbeeld dié van Roy Martin en Dan Hill, asook ander dans-, ritme- en Jazz-groepe. Nagklubuitsendings uit Johannesburg, Kaapstad en Durban het hoofsaaklik populêre filmmusiek bevat.

Besondere gebeurtenisse op die gebied van die ligte musiek gedurende hierdie tydperk was die besoek van die bekende orkesleier, Fred Hartley, wat 'n reeks opnames in Suid-Afrika kom maak het, asook dié van Antonio Rosado van Brasilië, wat opnames van tipies Brasiliaanse musiek gemaak het (1946)⁷⁰⁾.

Besondere ligte musiekprogramme gedurende 1947 was *Ligte musiek uit die negentiende eeu*, 'n reeks onder leiding van Gilberto Bonegio, *As long as there's music*, met die SAUK-orkeste onder leiding van Leonard Pearce en *This is Jazz*.

Voorbeelde van besondere ligte musiekprogramme gedurende 1948 was *Music for the moderns*, 'n reeks deur Roy Martin, wat deur die SAUK vir transkripsie opgeneem is, *Rhythm requests* en *Melody market* oor die Engelse diens en *Bekend maak bemind* oor die Afrikaanse diens.

69) *Jaarverslag van die SAUK 1938*.

70) *Ibid.* 1946.

In 'n ontleding wat gemaak is van die ligte musiekprogramme vir die tydperk 1951 tot 1954, is 'n tendens vasgestel dat Boeremusiek en ander ligte Afrikaanse musiek die gewildste ligte musiekprogramme oor die Afrikaanse diens was, terwyl ligte orrel- en klaviermusiek en moderne dansmusiek (hoofsaaklik afkomstig uit Amerika en Brittanje) die Engelse ligte musiekprogramme oorheers het. Die gewildste plaaslike kunstenaars was die groepe van Roy Martin en Dan Hill, asook die orrelis John Massey. Laasgenoemde het byvoorbeeld in 1953 'danssoorte uit die ou tyd' op 'n leersame wyse voorgestel en toegelig in die programreeks *Dance club*.

Aan die einde van 1961 het die eerste ligte musiekfees plaasgevind by geleentheid van die ingebruikneming van die Johannesburgse Stadskouburg. By dié geleentheid het Jos Cleber opgetree as dirigent van die SAUK-orke. Agt Suid-Afrikaanse soliste het deelgeneem aan die programme, waarvan die grootste gedeelte gewy is aan uitvoerings deur Eve Boswell. Dié geleentheid was 'n toets vir Suid-Afrikaanse kunstenaars van ligte musiek en volgens kritici was daar nog ruim geleentheid vir verbetering.⁷¹⁾ Orkesprogramme deur die groepe van Jos Cleber en Roy Martin kon egter hier uitgesonder word. Daar word in die besonder verwys na die luisterryke ligte musiekkonserte in Johannesburg gedurende Junie 1963, waartydens die SAUK-orke onder leiding van Jos Cleber, saam met die SAUK-koor onder leiding van Chris Lamprecht, opgetree het.

In 'n onderhoud met die *Vaderland* het Con Lamprecht, die SAUK se organiseerder van ligte musiek, die volgende gesê ten opsigte van die posisie van ligte musiek in die land: 'Hoewel die standaard van ons kunstenaars op hierdie gebied (ligte musiek) baie vooruit gegaan het en daar heelwat instrumentaliste en orkesgroepe bestaan, is daar 'n groot tekort aan sangers van ligte musiek.'⁷²⁾ Waardering vir wat die SAUK op die gebied van die ligte musiek verrig het, moet ook volg as die feite in die volgende aanhaling in aanmerking geneem word: 'Die SAUK maak ongeveer 1 200 transkripsie-opnames per jaar.

71) *Ibid.* 1961.

72) Anon., 'Uit die mikrofoon', *Die Vaderland*, Maandag 27 Maart 1967, p.2.

'Die koste verbonde aan die maak van opnames is natuurlik nog 'n faktor wat in gedagte gehou moet word. As 'n groep van 34 orkeslede byvoorbeeld gebruik word om net vier werke op te neem, beloop die koste nagenoeg R700 — en dit sluit nog nie die soliste in nie.'⁷³⁾

As 'n mens in ag neem dat die SAUK 'n publieke utiliteitsorganisasie is en dat die aanvraag van die publiek grotendeels op ligte musiek toegespits is, is die voorsiening van 'n hoë gehalte ligte musiek deur die Korporasie, 'n belangrike en uitgebreide taak. Dit sluit ook in sy plig om die publiek te beskerm teen slegte smaak, sonder om egter aan die anderkant smaak te dikteer.

15. Musiekprogramme vir die SAUK se buitelandse diens en programme vir immigrante

Op 1 April 1964 is die SAUK se afdeling Buitelandse Dienste in die lewe geroep. Dié afdeling is gemoeid met die regstreekse kortgolffuitsendings na die buiteland, byvoorbeeld in Frans en Portugees. Die musiekprogramme oor hierdie diens bevat hoofsaaklik Suid-Afrikaanse musiek, veral ligte musiek.

In die programme vir immigrante — Italiaans en Duits oor die Afrikaanse sender en Grieks en Portugees oor die Engelse sender — bestaan die musiek-uitsendings grotendeels uit versoekprogramme.

16. Die koördinasie en integrasie van programme

Tot 1950 het die uitsaaistadies van die SAUK in Johannesburg, Kaapstad en Durban onafhanklik van mekaar gefunksioneer in hulle eie betrokke streke. Weens die gebrek aan teganiese middele, soos doeltreffende landlyne, was die integrasie van programme in 'n landwye netwerk onmoontlik. Hierdie probleme is egter teen 1951 te bowe gekom en die SAUK kon nou voortgaan om die beste programme van die verskillende stasies in 'n landwye programdiens te integreer.

73) *Loc. cit.*

Dié stap het verder meegebring dat elke afsonderlike stasie nou minder programme as voorheen self moes voorsien en gevolglik kon meer aandag aan die gehalte van die landsweye uitsendings bestee word. Dus, die beste programme in die land vir die hele land. In hierdie skema van programintegrasie moes egter nog rekening gehou word met die behoefte aan programme van plaaslike belang, wat aanpas by die aard van plaaslike sosiale strukture. Elke stasie moes dus nog geleentheid hê om programme, soos voorheen, slegs in sy eie trefgebied uit te saai.

Wat die musiek betref, het hierdie nuwe ontwikkeling dit vir die SAUK moontlik gemaak om simfoniekonserte om die beurt vanuit Johannesburg, Durban en Kaapstad uit te saai. Hierdeur kon die luisteraars nou deel in die beste ernstige musiekuitsendings in die land, naamlik dié wat verskaf is deur die SAUK-simfonie-orke in Johannesburg, die Kaapstadse stadsorkes onder leiding van Enrique Jorda uit Kaapstad en die Durbanse stadsorkes onder leiding van Edward Dunn uit Durban.

Volgens die bepalings van die Kommissie van Onderzoek insake Uitsaaidienste (1946) moes die programme oor die verskillende dienste verder gekoördineer word om duplisering ten opsigte van die inhoud van programme wat op dieselfde tye uitgesaai word, te voorkom, sodat die verskeidenheid in die programinhoud op enige gegewe tyd so groot as moontlik sal wees.⁷⁴⁾ In dié verband moet verder in ag geneem word dat die SAUK se handelsender, Springbokradio, ook gedurende 1950 in werking gestel is om 'n addisionele programdiens daar te stel.

In 1961 en 1962 is daar weer daadwerklik pogings aangewend om die programme oor die Afrikaanse en Engelse dienste beter te koördineer, sodat hulle mekaar sover moontlik kan aanvul. Kunstenaars is ook gevra om met die Musiek-departement saam te werk in sy pogings om beter koördinasie van programinhoud te bewerkstellig.⁷⁵⁾

17. Luisteraarsnavorsing

Die luisteraarsnavorsing van die SAUK geskied tans op twee grondslae, naamlik die kwantitatiewe en die kwalitatiewe. Kwantitatiewe navorsing

74) Kommissie van Onderzoek insake Uitsaaidienste, *Verslag*, bepaling 5(i), paragraaf 195. Kyk ook Hoofstuk een in hierdie verband.

75) *Jaarverslag van die SAUK 1962*.

het sedert 1951 gegewens verskaf omtrent die grootte van die gehore wat op verskillende tye na verskillende programme luister. Betroubare gegewens het egter nog ontbreek in verband met die intrinsieke waarde wat programme vir die luisteraars het. Daarom is daar in 1961 'n stap verder gevorder met die instelling van 'n luisterpaneel van vrywillige lede, verteenwoordigend van die hele blanke bevolking. Hierdie paneel ontvang vooraf vraelyste aangaande besondere programme wat kort daarna uitgesaai sal word en waaroor hulle 'n aantal vrae moet beantwoord. Hierdie kwalitatiewe navorsing vul in 'n groot mate die leemte wat nog bestaan het by die beplanning van programme.

Die resultate van hierdie ondersoeke word egter streng vertroulik behandel en kan nie ter insae verkry word vir 'n tasbare waardebeplanning ten opsigte van die balans tussen die handhawing van simpatie met, of die teenwerking teen die populêre smaak, in soverre dit die beplanning van die SAUK se musiekprogramme raak nie.

Dit word tog spesifiek vermeld dat die simfoniekonserte op Dinsdagaande oor een van die twee nie-kommersiële transmissies, op die spitsyd ten opsigte van luisteraarsgetalle, naamlik 8.15 namiddag, 'n aanvang neem en daarop gemik is om 'n steeds groeiende radiogehoor te trek.⁷⁶⁾

18. 'n Ontleding van die toewysing van programtyd vir die Engelse en Afrikaanse programdiens

Diagram 1 illustreer die gemiddelde persentasie van die totale uitsaaityd per week, wat vir die tydperk 1946–1964 aan musiek bestee is.

Engelse programdiens: _____

Afrikaanse programdiens: -----

Diagram 2 toon die gemiddelde persentasie van die totale uitsaaityd per week, wat vir die tydperk 1946–1964 aan ernstige musiek, ligte musiek, dansmusiek, en Boeremusiek toegewys is.

A dui die Engelse diens aan en B die Afrikaanse diens.

Ernstige musiek:  Ligte musiek:  Dansmusiek: 

Boeremusiek:  Dansmusiek/Boeremusiek gekombineerd: 

76) SAUK, *Die SAUK-simfonie-orke*, 1964: 'simfoniekonserte'.

Aangesien die persentasie Boeremusiek oor die Engelse diens nie 0,27% oorskree, word dit gekombineerd met dansmusiek in een persentasie uitgedruk. Die persentasies Boeremusiek en dansmusiek oor die Afrikaanse diens word slegs afsonderlik aangedui vir die jare 1952–1956 en 1961–1964.

L.W. 'n Faktor wat in gedagte gehou moet word by die vertolking van *diagramme 1 en 2*, is die geleidelike uitbreiding van die totale uitsaaityd per week, naamlik soos volg (ook aangedui bo-aan *diagram 1*):

Jaar		Uur per week
1946 – 1947	:	85,30
1948	:	87
1949 – 1951	:	94,04
1952 – 1956	:	104,04
1957 – 1959	:	117
1960 – 1963	:	113
1964	:	117,30

/Diagram 1 . . . /Diagram 2 . . .

DIAGRAM 1

← TOTALE UITSAAITYD PER WEEK IN UUR →





DIAGRAM 2



HOOFTSTUK TIEN

DIE ROL VAN DIE SAUK TEN OPSIGTE VAN DIE MUSIEK VAN DIE NIE-BLANKE BEVOLKINGSGROEPE IN SUID-AFRIKA

Die SAUK het 'n kragtige faktor in die kulturele lewe van die nie-blanke bevolkingsgroepe in Suid-Afrika geword, veral in die lig van sy volgehoue pogings om die tradisionele musiekerfenis van die verskillende etniese groepe te versamel en te bewaar en lewend te hou deur middel van uitsendings. Om hierdie taak ten uitvoer te bring word die dienste van groot getalle nie-blanke musici benodig, so- dat daar eintlik onbeperkte geleenthede vir verdienstelike kunstenaars geskep is. Hierdie feite word geïllustreer deur die volgende oorsig.⁷⁷⁾

1. Die Bantoe

(a) Programdienste vir die Bantoe en 'n algemene aanduiding van die inhoud van die musiekprogramme

— Bantoeprogramme oor die Engelse en Afrikaanse programdienste

Benewens programme soos die reekse praatjies oor Bantoemusiek deur Hugh Tracey, praatjies oor die musiekinstrumente van die Bantoe deur P.R. Kirby (1949) en *Die erfenis van die Bantoe* deur James McClurg (1951), wat oor die Afrikaanse en Engelse programdienste vir blankes aangebied is, is daar daaglik 'n Bantoe-program om die beurt oor hierdie twee transmissies uitgesaai. In dié programme is die Bantoe se besondere voorliefde vir musiek deeglik in ag geneem.

— Die rediffusiediens

In 1951 is die rediffusiediens vir Bantoes, woonagtig in die woonbuurtes Orlando en Javabu in die omstreke van Johannesburg, ingestel. Hierdie diens het teen 1953 daaglik uitgesaai tussen 6.00 voormiddag en 9.00 namiddag. Die grootste gedeelte van dié 15 uur per dag is gevul met opnames van Bantoesang, wat die SAUK spesiaal vir dié doel gemaak het.⁷⁸⁾

77. Hierdie oorsig is gebaseer op inligting uit die *SAUK-jaarverslae*, 1937–1964.

78. Kyk afdeling I(c) van hierdie hoofstuk vir 'n aanduiding van die SAUK se aktiwiteite in hierdie opsig.

Die programmatiaal is verder aangevul deur lewende ateljee-uitsendings deur plaaslike groepe. Die ses versoekprogramme wat in hierdie diens aangebied is, was daarop ingestel om alle smake onder die luisteraars te bevredig en is volgens verslae (1954, 1959) baie ywerig ondersteun. Die uitsaaityd van hierdie diens is in 1956 verleng na 16 uur per dag, waarvan ongeveer vier uur in beslag geneem is deur geskikte programme wat van die Afrikaanse of Engelse programdienste herlei is.

— Radio Bantu

In 1962 is die volle Bantoediens, *Radio Bantu*, in werking gestel. As gevolg van die steeds heersende tekort aan Bantoemusiekopnames, het hierdie stap groot eise aan die musiekafdeling van *Radio Bantu* gestel.

Daar is gepoog om 'n wye verskeidenheid van musiek, wat gewissel het van tradisionele Bantoemusiek tot ligte Klassieke musiek in die musiekprogramme aan te bied. Hoewel musiek grotendeels as 'n vermaaklikheidsmiddel aangewend is, is by die beplanning van die programme ook gepoog om die opvoedkundige aspekte in musiek te beklemtoon.⁷⁹⁾ Die volgende lys van musiekprogramme wat gedurende 1962 uitgesaai is, gee 'n aanduiding van die aard van die *Radio Bantu*-programme in die algemeen:

Gereelde programme van tradisionele Bantoemusiek.

Uitvoerings deur ligte musiekgroepe.

Programme van kontemporêre Bantoemusiek.

Programme waarin Bantoeskoolkore optree.

Programme oor Bantoekomponiste.

Versoekprogramme van allerlei aard.

Musiek uit Afrika.

Volksmusiek uit ander lande.

Musiek vir Ouma en Oupa

Programme van geestelike musiek.

Programme waarin Bantoekomponiste aan Bantoeluisteraars voorgestel word.

79. Pogings in dié rigting is reeds in 1956 pertinent in die verslae gemeld.

Spesiale toeligtingsprogramme oor ligte Klassieke musiek.

Toeligtingsprogramme oor die wêreld se bekendste kunstenaars.

Musiek uit die rolprente.

Musiekwedstrydprogramme.

'n Simfoniekonsert voor 'n Bantoegehoor onder leiding van Igor Stawinski en Robert Craft.

'n Simfoniekonsert voor 'n Bantoegehoor gedurende Maart, onder leiding van Jascha Horenstein.

(Die laasgenoemde twee konserte is egter volgens verslag nie goed bygewoon nie.)

'n Heruitsending van 'n konsert deur die SAUK-simfonie-orkes in die Mofolo-Bantoeoord.

Uitsendings van items deur vooraanstaande Jazz-orkeste wat opgetree het tydens die nasionale Bantoe-Jazz-fees in Johannesburg.

Verder is die Bantoe se besondere voorliefde vir koormusiek gereeld weer-spieël in uitvoerings van oratoriummusiek, wat daaglik aangebied is. In 1964 is die oratoria *Simson* en *Judas Maccabeus* van Handel en *Elia* van Mendelssohn, waarvan daar in die loop van die jaar opnames gemaak is deur Bantoekeure en -soliste, uitgesaai. Orkeskonserte wat gedurende 1964 oor *Radio Bantu* uitgesaai is, is deur sowat 500 tot 600 mense bygewoon.

— Die skoolradiodiens vir Bantoes

Vanaf 13 April 1964 is 'n skoolradiodiens vir Bantoekeure in die FM-gebied van Johannesburg ingestel. Die skoolradio-uitsendings is in vyf afsonderlike Bantoe-tale aangebied. Dié lesse wat opgestel word in medewerking met die Departement van Bantoe-onderwys, word elke weeksdag tussen 10.00 en 10.30 voormiddag uitgesaai en het reeds in 1964 ongeveer 100 000 leerlinge bereik. 'n Hele aantal van hierdie programme is aan musiekonderrig bestee.

(b) Dienste gelewer deur Bantoemusici

— **Uitvoerende kunstenaars**

Om in die oorweldigende aanvraag na musiekprogramme in die verskillende Bantoeprogramdienste te voorsien, moes die SAUK in die eerste plek van plaaslike Bantoe-kunstenaars en -groepe gebruik maak in sowel lewende uitsendings as vir die maak van opnames. Hierdeur is talle geleenthede vir publieke optredes aan Bantoe-kunstenaars gebied, wat 'n stimulerende uitwerking op die kulturele lewe van die Bantoe gehad het.

Reeds met die instelling van die rediffusiediens in 1951 is talle opnames gemaak van die musiek van Noord-Transvaalse stamme, byvoorbeeld die Sothos, Tsongas en Vendas. Kore en instrumentale groepe het minstens een maal per week in die ateljees opgetree, maar verslae het aangetoon dat goeie Bantoesoliste nog skaars was.

Om die standaard van die sang te verhoog, is Bantoe-onderwysers en koorleiers dikwels gehelp met wenke in verband met hulle kore. Op versoek het die musiekafdeling van *Radio Bantu* in 1964 spesiale kursusse vir Bantoe-sangonderwysers aangebied in die Vendadal. Dié kursusse is bygewoon deur 329 afgevaardigdes van Venda- en Tsonga-skole.

— **Bantoe-komponiste**

Bantoe-komponiste moes aangespoor word om, onder beskerming van die SAUK, hulle volkskultuur deur oorspronklike komposisies te verryk. Sulke nuwe komposisies is van tyd tot tyd deur middel van uitsendings aan hulle volksgenote bekendgestel. 'n BBC-transkripsie van die Zoeloe-komponis, Michael Moerane, se simfonie (vir die eerste keer in 1944 deur die BBC in Londen uitgesaai) is op versoek van die SAUK gemaak vir plaaslike uitsending.

In 'n landswye veldtog in 1961, is 'n beroep op Bantoe-komponiste gedoen om hulle musiek aan die SAUK te stuur. Daar was bemoedigende reaksie, veral uit die Vrystaat. Gedurende hierdie jaar is ook opdrag gegee aan die bekende Bantoe-komponis, Simelani, vir die skryf van passende

musiek by N.P. van Wyk Louw se *Raka*.⁸⁰⁾ Sewe liedjies is vir hierdie doel gekomponeer en deur uitgesoekte kore ingestudeer.⁸¹⁾

'n Oorspronklike musiekhoorspel, *La Bobedi ke makwalapetsu* (die eerste is die ware boodskap), is in 1962 in opdrag van *Radio Bantu* deur M.P. Mofokeng (teks) en I.P. Mohapelo (musiek) geskryf. Die aanbieding van dié werk is beskou as 'n hoogtepunt in die jaar se musiekbedrywighede, aangesien dit die eerste oorspronklike werk was wat sedert die instelling van die volle Bantoediens, uitgesaai is. In die uitsendings oor die Zoeloediens in 1963, het die aanbieding van *Unobathakati*, 'n oorspronklike operette deur Alexius Buthelezi, 'n soortgelyke hoogtepunt gevorm. Dié operette is gebaseer op 'n verhaal wat ingestuur is deur 'n ses en sewentigjarige Bantoevrou. Dit is in 1964 opgevolg deur 'n tweede oorspronklike operette deur Buthelezi, naamlik *Nokhewezi*, wat ook groot belangstelling by die luisteraars uitgelok het.

(c) Die versameling en bewaring van tradisionele Bantoemusiek

Die belangrikste taak van die SAUK ten opsigte van die musiek van die Bantoe is geleë in die intensiewe pogings om tradisionele Bantoemusiek van vergetelheid te red, deur gereeld opnames van hierdie musiek te maak vir bewaring in die SAUK se transkripsiediskoteek. Die volgende opgawe illustreer die omvang van hierdie werk:

Jaar

- | | |
|------|---|
| 1952 | Gereelde opnames deur goedgekeurde groepe in Johannesburg, Kaapstad, Durban, Bloemfontein en Grahamstad. |
| 1955 | Amptenare van die Durbanse ateljees van die SAUK onderneem 'n tog na Zoeloeland in 'n poging om die vinnig verdwynende tradisionele musiek van die Zoeloenasie te red. Meer as 300 liederes is by talle krale en sendingstasies op plate vasgelê. Die meeste van dié liederes is by jong Zoeloes volkome onbekend en sluit in: ⁸²⁾ |

80. N.P. van Wyk Louw, *Raka*, is deur Truida Louw in vier Bantoetales vertaal.

81. SAUK, 'n Kwarteeu', *SAUK-nuusbrief*, nommer 2, September 1962.

82. SAUK, *Radiobulletin*, 31 Oktober – 6 November 1955, p. 11.

Jaar

- 1955 Liedere van jong veewagters
Liedere van vroue wat gaan water haal
Oorlogsliedere
Huweliksliedere
Liedere vir kroningsplegtighede.
- 1960 Sewe afsonderlike reise na verskillende dele van die land is onderneem, waartydens byna 1 000 opnames van tradisionele musiek, asook 'n groot aantal tussenspele, gebaseer op Bantoemelodië, gemaak is.
- 1962 Altesaam 7 880 afsonderlike tradisionele musieknommers is opgeneem, waarvan ongeveer 7 600 by die SAUK se transkripsiediskoteek gevoeg is. Hiervan is 'n groot aantal deur die SAUK se opname-eenheid in Bantoe-stamlande opgeneem gedurende 62 reise (27 lang reise en 35 kort eendaagse reise) na verskillende uithoeke van die land, onder andere Swaziland en Basoetoeland (Lesotho).
- Verder is opnames by 470 verskillende skole gemaak en sowat 1 000 opnames in die SAUK se ateljees in Johannesburg en Durban. Dié opnames het hoofsaaklik bestaan uit koorstukke, ligte sangstukke en instrumentale musiek.
- 1963 Opnames is gemaak gedurende 28 lang toere, 25 eendaagse toere en tydens besoeke aan 435 skole en ander Bantoesentra. Skool-, kerk- en ander kore, asook Bantoe-orkesgroepe is betrek. Transkripsie-opnames is ook gemaak tydens die tussenskoolse Bantoe-koorwedstryd in Durban op 29 Junie. Die totale aantal opnames van tradisionele musiek was 7 374.
- Hierbenewens het die SAUK komponiste van nie-tradisionele musiek opgespoor en 4 143 oorspronklike komposisies is bekom en gekatalogiseer. Sommige van die werke is ook opgeneem, wat die totale aantal opnames van Bantoemusiek vir dié jaar op meer as 8 000 te staan gebring het.
- 1964 Tradisionele en moderne instrumentale en godsdienstige musiek is in die loop van die jaar sowel in die ateljees as gedurende reise na verskillende dele van die land, veral die tuislande, Basoetoeland (Lesotho) en Betsjoeanaland (Botswana), opgeneem. Altesaam is meer as 2 000 musieknommers deur 156 groepe en soliste in Johannesburg, Pretoria en Durban opgeneem.

(d) **Die argief-naslaanbiblioteek van *Radio Bantu***

Reeds in 1963 is aandag geskenk aan 'n spesiale musiekargief waarin onder andere lewensbeskrywings van Bantoekomponiste en manuskripte van hulle werke gehuisves word. Teen 1964 is reeds 400 sodanige lewenssketse in hierdie argief opgeneem.

2. **Die Kleurlinge**

Vanaf 1962 is die *Proteaprogram* op Sondag, 8.30 tot 9.30 voormiddag, oor die Wes-Kaapse mediumgolfsender aangebied. Hierdie program is in sy geheel deur Kleurlinge versorg en aangebied. Kleurlingkore, -sangers en -instrumentaliste tree hierin op. Op 3 September 1961 het die volle SAUK-orkes vir die eerste keer voor 'n Kleurlinggehoor opgetree in die Johannesburgse Stadsaal. By dié geleentheid het Lionel Fourie, 'n Kleurlingsanger, as solis opgetree. Tydens 'n orkeskonserert in Carletonville in 1964, is soveel as 1 200 Kleurlingluisteraars getrek.

3. **Die Indiërs**

In 1937 is reeds 104 programme in Hindoestani, Oerdoe, Goejarati, Tamil en Teloegoe uit die Durbanse ateljees uitgesaai. Die Durbanse Indiërprogramdiens bestaan grotendeels uit musiekprogramme, waarvan die grootste gedeelte voorsien is deur middel van lewende uitsendings deur plaaslike groepe. Reeds in 1953 was daar 240 Indiërkunstenaars tot die SAUK se beskikking vir lewende uitsendings uit die ateljees. Die plaaslike musiekgroepe in Durban neem nie slegs deel aan musiekprogramme nie, maar verleen ook luister aan uitsendings van die Indiër se godsdienstige feesgeleenthede.

HOOFSTUK ELF

DIE PROBLEEMSITUASIE WAARIN DIE SAUK HOM BEVIND TEN OPSIGTE VAN SMAAKVERSILLE BY DIE LUISTERAARS

Die taak van 'n publieke uitsaai-organisasie moet in die eerste plek wees om sy gemeenskap te dien volgens die behoeftes van sy tyd. Soos blyk uit die voorgaande hoofstukke verdien die SAUK groot waardering ten opsigte van die uitvoering van talle aspekte van dié taak. Die SAUK het in Suid-Afrika, net soos die BBC in Brittanje, die spil geword waarom die belangrikste musiekgebeure in die land draai en is dus die invloedrykste enkele faktor met betrekking tot die vorming van die publieke smaak.

Ten opsigte van die vorming van goeie smaak by sy luisteraars, kom enige publieke utiliteitsorganisasie soos die SAUK voor 'n baie moeilike taak te staan. Dié taak kan slegs doeltreffend uitgevoer word wanneer daar sterk gedefinieerde standpunte ingeneem word, waarvolgens die musiekowerheid vaste riglyne vir die beplanning van sy musiekprogramme vasstel — standpunte wat dikwels sal meebring dat die musiekowerhede 'n dowe oor na die populêre aanvraag van die massa sal moet keer.

Daar is 'n aantal faktore wat in berekening gebring moet word by die evaluering van die SAUK ten opsigte van hierdie taak. In die eerste plek is dit onvermydelik dat daar rekening gehou moet word met die fundamentele smaakversille onder luisteraars, wat meegebring word deur rasse-, ouderdoms- en geslagsversille, omgewing, opvoedingspeil, ensovoorts. Lord Reith het in sy verslag aan die regering beweer dat, wanneer iemand aan 'n besondere uitsaaiprogram aanstoot neem, hy moet onthou dat daar ander is wat dieselfde program — hoe onbegryplik dit ook al mag wees — in dieselfde mate geniet.¹⁾ Daar is baie gespesialiseerde programme waarvan een groep luisteraars in die besonder sal hou, terwyl ander die radio onmiddellik sal afskakel. ' . . . Die belese

1. SAUK, *Ons uitsaaiwese, 1924–1949*, p. 10.

en berese fynproewer wat in die groot konsertsale van die wêreld na die wêreld se grootste kunstenaars geluister het, sou beswaarlik genot kan put uit die halfuur-lange vastrapprogramme deur Freek Verster en sy vyf vastrappers. Hy raak verontwaardig deur die Korporasie se gebrek aan goeie smaak. Aan die ander kant is daar duisende wat Bing Crosby, Frank Sinatra, Chris Blignaut en die Coopers letterlik aanbid.²⁾

Om hierdie probleem sover moontlik te bowe te kom, dit wil sê om op 'n gegewe tydstop die grootste moontlike verskeidenheid van programme te kan aanbied, sal verg. dat die SAUK hom steeds moet beywer in die nastrewing van program-koördinasie, soos beskryf in die *Verslag* van die Kommissie van Onderzoek insake Uitsaaidienste.³⁾ Dit kan nie beweer word dat die SAUK geen pogings aanwend om sy programme, veral oor die Afrikaanse en Engelse dienste te koördineer nie.⁴⁾ As 'n mens egter die plasing van die SAUK se musiekprogramme ontleed, is dit tog opvallend dat die intellektuele ernstige musiek liefhebber uit die sewe dae per week, in die algemeen nog steeds aangewese is op Dinsdagaand- en sekere Sondagprogramme. Hierteenoor het die massa lekeluisteraars te enigertyd toegang tot 'n byna onafgebroke stortvloed van gekommersialiseerde ligte vermaaklikheidsmusiek in sowel die verskillende versoek- en 'verposings'-programme oor die Afrikaanse en Engelse senders as in die ligte vermaaklikheidsprogramme wat byna die totale inhoud van die handelstransmissies uitmaak. (Tans saai daar twee handelstransmissies gelyktydig in al die verskillende streke uit, naamlik die landswye Springbokradionetwerk en die drie FM-streekdienste, Radio Hoëveld, Radio Port Natal en Radio Goeie Hoop.)

Treffersparades, wat vroeër in die besonder 'n kenmerk van die handelsdienste was en waarin hoofsaaklik ligte dansmusiek en sentimentele liedjies van 'n relatief swak gehalte aangebied is, het ook toenemend 'n vastrapplek in die Afrikaanse en Engelse programdienste gekry, waardeur die onoordeelkundige massasmaak toenemend sy invloed op die ligter musiekprogramme van die nie-kommersiële programdienste laat geld.

2. *Ibid.*, p. 13 (aanhaling verkort).

3. Paragraaf 195 van die *Verslag*. . ., gepubliseer op 6 Februarie 1948.

4. Kyk hoofstuk nege (18).

In die lig hiervan vra 'n mens jouself af of beter koördinasie tussen die nie-kommersiële senders buitendien enige betekenisvolle resultate ten opsigte van smaakvorming (ten gunste van ernstige en 'n goeie gehalte ligte musiek) kan lewer, waar die handelsenders altyd 'n alternatiewe toevlugsoord bied vir die groot massas luisteraars wat opvoeding ten opsigte van goeie musiek nodig het, maar net nie uit eie beweging daarin belangstel nie. Hierdie luisteraars, wat op dié wyse gekondisioneer word om uitsluitlik na sekere ligte musiekidiome te luister, sal in elk geval nie van dié programdienste gebruik maak waaroor musiekprogramme van 'n meer opvoedkundige aard aangebied word nie.⁵⁾ Dit is miskien juis hierdie verskynsel wat nou daartoe aanleiding gee dat ook die nie-kommersiële senders hulle al hoe meer moet toespits op ligter vermaaklikheid om sodoende groter getalle luisteraars te trek. (Vergelyk verwysing na treffersparades hierbo). Dit gaan hier nie in die eerste plek om die kwantitatiewe uitbreiding van ligte musiek aanbiedings oor die nie-kommersiële senders nie, maar oor die kwalitatiewe agteruitgang wat duidelik merkbaar word in sekere ligte musiekprogramme. Hierdeur word ook die ligtemusiek-'fynproewer' die geleentheid ontnem om na 'n beter gehalte ligte musiek te luister.

Deurdadig daar dus te veel gesteun word op die populêre smaak van die breë publiek by die beplanning van programme, word die ontwikkeling van die publieke smaak juis gestrem en van die intellektuele luisteraar word verwag om hom aan te pas by die gemiddelde, populêre aanvraag, in plaas van om sy musieksmaak te stimuleer. Volgens Lord Reith, eertydse direkteur-generaal van die BBC, moet die luisterpubliek nooit onderskat word nie. Die SAUK moet ook steeds daarna streef om die hedendaagse siniese houding teenoor die musiekopvoeding te vermy. Dié houding gaan daarvan uit dat daar voortdurend maar toegegee moet word aan die populêre aanvraag, om sodoende nie die publiek af te skrik met disse waarvoor hulle nie opgewasse sou wees nie. Die sterk standpunte wat die BBC nog in 1962 in hierdie verband gehandhaaf het, word in die volgende aanhaling uitgespreek en kan vir enige publieke uitsaai-organisasie as ideale standpunt voorgehou word:

5. Kyk hoofstuk twee (X), p. 30.

‘. . . It is only a public service system with a built in *respect for minorities*, which will in fact persistently seek to find out how wide and varied the interests of ordinary people may be, and how far they can be extended.

‘For, after all, the most fundamental division of all is between those who believe in the capabilities of “ordinary people” and those who do not.

‘There is a great bulk of people, ready to respond to experiences for which they would never have asked and from which they might have remained shut off by the limitations of education and circumstance. Democracy rests in the last resort on *faith in the plain man*. The cynicism that provides a flow of trivial entertainment for the masses, while despising it and them, is very close to political cynicism, which regards them as dupes to be manipulated or fooled.’⁶⁾

Die volgende uittreksel uit ’n artikel weerspieël ook hierdie ideale: ‘Perhaps the Corporation’s most difficult problem is to strike the right balance between entertainment and enlightenment. Neither can be neglected. It was Lord Reith who confounded the prophets of woe by providing a broadcasting service in Britain which contains rich intellectual stimulus as well as splendid amusement. *He refused to regard the listening public as a “woman without education or intellectual curiosity or aesthetic consciousness”*, and he laid the foundation of the BBC’s world-wide reputation. The institution of the *Third programme* in Britain a few years ago (1946) represented a determination to move more boldly in the direction of intellectual adventure and stimulus in the Reith spirit.

‘The material resources and public demand in South Africa are probably insufficient to justify such a venture here. *But the Corporation would do well not to ignore the intellectual side. Significance is synonymous with dullness only in the minds of those who cannot grasp significance.*’⁷⁾

6. H. Carleton-Greene, ‘The BBC and adult education’, *BBC Handbook 1962*, p. 37 *et seq.* (eie kursivering).

7. Anon., ‘Broadcasting vistas’, *The Star*, 4th July, 1949. (eie kursivering)

Ten opsigte van die instelling van 'n handelsdiens het Garry Allighan onder andere die volgende kommentaar in die *Sunday Times* gelewer: '... Springbok Radio transformed the SABC from its original BBC-style broadcasting organisation – from independent programmes, motivated by *public interest*, to sponsored programmes, with the *private interest* motive of selling goods – financing.' 8)

Dit begin nou lyk asof die argumente teen die instelling van 'n handelsender swaarder begin weeg as dié ten gunste van so 'n diens.⁹⁾

Die gedagte aan die instelling van 'n programdiens soortgelyk aan die Derde Program van die BBC, wat in bogenoemde aanhaling na vore kom, sou miskien die enigste oplossing bied om die probleme in verband met die variërende smake onder luisteraars by benadering tegemoet te kom, sonder dat die luisteraar wat intellektuele stimulus in radioprogramme soek, die spit afbyt – al sou so 'n programdiens aanvanklik, net soos die BBC se *Third programme*, slegs vir 'n paar uur gedurende spitstye funksioneer.

Dit moet ten slotte egter ook opgemerk word dat die probleme in verband met variërende smake en smaakvorming nie slegs beperk is tot 'n vete tussen ernstige musiek en ligte vermaaklikheidsmusiek nie. Soos aangetoon in hoofstuk nege, afdeling 2, word die handhawing van 'n realistiese balans tussen hedendaagse ernstige musiek en ernstige musiekstyle uit die verlede ook hierby betrek. 'n Mens kan jouself afvra of die geweldige aanvraag na die hedendaagse populêre ligte vermaaklikheidsmusiek nie deels toegeskryf kan word aan die twintigste-eeuse mens se behoefte aan musiek met 'n kontemporêre inslag nie; dit wil sê iets wat hy nie kan vind wanneer hy gekonfronteer word met die hoofdis van agtiende- en veral negentiende-eeuse ernstige musiek in die SAUK se uitsaai- en konsertprogramme nie. In sy boek *Serious music – and all that Jazz*, skryf die New Yorkse musiekkritikus, Henry Pleasants, die geweldige populariteit van Jazz-musiek juis hieraan toe. Hy sê

8. Garry Allighan, 'Report to the nation', *Sunday Times* (magazine section), 2nd December, 1962.

9. Kyk hoofstuk een ten opsigte van bepaling 3 van die *Verslag* van die Kommissie van Onderzoek insake Uitsaaidienste.

verder: 'Good music, I believe, is where you find it, and he who confines his experience to one special school of music, to one specific idiom, even to as grand and rich an idiom as that which flourished in western Europe from the seventeenth century to the twentieth, not only impoverished his pleasure but also, I suspect, inhibits his perception of the music of his own time.' 10)

10. Gollancz, London, 1969, p. 27.

A A N H A N G S E L S

AANHANGSEL 1

A. Gepubliseerde liedere deur Suid-Afrikaanse komponiste in die SAUK-musiekbiblioteek*

AARDT, Madelene van,

Fusion, gepubliseer: Felix de Cola*Heimweë*, Felix de Cola*I wonder why*, Felix de Cola*Onthou jy nog?*, Felix de Cola

ADELER, Edgar,

In the valley of the thousand hills

ANDRESSEN, Olaf,

Dankie, baie dankie, Melotoongolwe Musiekuitgewers*Dorpie van drome*, Melotoongolwe*Ek weet*, Melotoongolwe*Die klok*, Melotoongolwe*Die lied van die berg*, Melotoongolwe*Met 'n glimlag en 'n grap*, Melotoongolwe*Die tikster se lied*, Melotoongolwe*Wikkel, wikkel, woel*, Melotoongolwe

ASHFORD, E.L.,

Myn taak, F. Harris

BARTON, Horace,

An hour with thee, Augener*Swart osse*, Paterson*The Singer*, Paterson*To blossoms*, Paterson*Vegkop*, Paterson

BECK, J.H. Meiring,

Ons land/Our land, R. Müller

BERNARD, G.,

Die ou ruwe kruis/The old rugged cross, F. Harris

BEYERS, Doris,

Drie liedere:

'Donkerstroom'

'Twee slampamperliedjies', Nasionale Pers

Ses liedere:

'Amors konfetti'

'Aandblik'

'Sneeu op die berge'

'Serenade'

'Aan blomme'

'Styging', Nasionale Pers

* Die uitgewer word na die titel aangedui, indien dit vasgestel kon word.

BOSMAN, Danie,
Goeienag, Gallo

BOTHA, A.H.S.,
Vryheidsmars, Unie-Jeugfront

BOTHA, Miemie,
Dit hang af van jou, Komponis

BRINK, Henri ten,
*Afscheidt van de Voortrekkers/Voortrekkers farewell
Kindergraffies*

BRUCKENFOCK, G.H.G. von
Vier liederen, Zonnedag

BUCHTON, Frank,
Die lied van die berge

CARNABY, Arthur,
*Lied van die Republiek/Song of the Republic, Gallo
Bokkie, Komponis
Vir altyd en altyd, Komponis*

CARSTENS, Nico,
Sylvia, Musiekuitgewersmaatskappy van Suid-Afrika

COBB, Harold,
*Dankie, Boosey & Hawkes
Die aand van my lewe, Boosey & Hawkes
Die sterretjie en ander liedere:*

<i>'Kom uit'</i>	<i>'Gebed'</i>
